# *Narratief en trauma in die oeuvre van Etienne van Heerden*

Marieke van Zyl
vzymar009

A dissertation submitted in fulfilment of the requirements for the award of the degree of Master of Afrikaans and Netherlandic Studies

Studieleier: Prof. Chris van der Merwe

Faculty of the Humanities
University of Cape Town
2008

Declaration:
This work has not been previously submitted in whole, or in part, for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in, this dissertation from the work, or works, of other people has been attributed, and has been cited and referenced.

Signature: signature removed Date: 21/08/2008

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

// Opsomming

*Opsomming*

Die tesis ondersoek die intertekstuele gesprek in Van Heerden se oeuvre met betrekking tot die temas van narratief, trauma en heling. Teoretiese uitgangspunte vanuit literêre en sielkundige ondersoekterreine word gebruik. Ek fokus op narratief en trauma in Van Heerden se romans *Matoli* (1978), *Toorberg* (1986), *Casspirs en Campari's* (1991), *Die stoetmeester* (1993), *Kikoejoe* (1996), *Die swye van Mario Salviati* (2000), *In stede van die liefde* (2005) en *Asbesmiddag* (2007).

Verskillende fasette van die verwerking van trauma op individuele en kollektiewe vlak, wat regdeur Van Heerden se werk loop, word ondersoek. Daar word gekyk na die temas van verwonding en verskeurdheid en die moontlikheid van heling en versoening in Van Heerden se romans. Die verwerking en herskryf van die verlede, op individuele en kollektiewe vlak; kwessies rondom identiteit nadat 'n lewensnarratief deur trauma verwoes is; die soeke na 'n nuwe toekoms en versoening, versoening met die self, in die gesin en in die land word ondersoek in terme van narratief en trauma.

Daar word gekyk na die temas van die verwerking van die verlede, die skuldgevoel van Suid-Afrikaners gedurende en na apartheid, en die verwonding van mense gedurende apartheid. Onderdrukte fasette van die geskiedenis kom na vore in Van Heerden se oeuvre, wat 'n stem gee aan diegene wat in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gemarginaliseer is. Die soeke na identiteit ná 'n traumatiese belewenis en die (on-)moontlikheid van heling is sentrale temas by Van Heerden. Daar word ondersoek ingestel na die intertekstuele 'gesprek' tussen Van Heerden se romans aangaande sentrale temas wat op mekaar bou in sy werk. Van Heerden se oeuvre bevestig die helende potensiaal van narratief deur die wyse waarop die temas van verwonding en heling, wat deurlopend in sy werk voorkom, uitgebeeld word.

# *Erkennings:*

My opregte dank aan die volgende instellings vir die finansiële bystand waarsonder my studie in Nederland en die voltooiing van hierdie tesis nie moontlik sou wees nie:

Die Van Ewijk-Stigting.

Die Universiteit van Kaapstad vir die volgende beurse:

- die Generaal JBM Hertzog beurs vir Afrikaans,
- die KW Johnstone Navorsingsbeurs,
- die KW Johnstone Erflatingsbeurs,
- die Twamley Nagraadse-beurs, en
- die Universiteit Navorsingsbeurs.

Die menings uitgespreek en gevolgtrekkings gemaak in hierdie tesis is dié van die outeur en kan nie aan enige van die bogenoemde instellings toegeskryf word nie.

// *Baie dankie aan:*

- Prof. Chris van der Merwe, my studieleier, vir u moeite, inspirasie, ondersteuning en leiding. Sonder u sou hierdie tesis nie moontlik gewees het nie.

- Prof. Hans Ester, my studieleier in Nederland. U is vir my 'n inspirasie en het my soveel oor narratief en trauma geleer.

- Prof. Joan Hambidge, dat u altyd 'n gewillige oor het om te luister en ook bereid is om te help.

- Die Kirkenir-gesin, by wie ek in Nederland gewoon het, baie dankie vir jul ondersteuning en gasvryheid.

- My gesin, wat my altyd ondersteun en vir wie ek oneindig lief is.

- My vriende, baie dankie vir jul ondersteuning.

- Almal sonder wie se hulp ek my tesis nie sou kon voltooi nie.

*Inhoudsopgawe*


1. Inleiding bl.1

2. Verwonde enkeling bl.18

3. Die verhouding tussen vader en seun bl.57

4. Verskeurde land bl.68

5. Versoening bl.100

6. Konklusie bl.119

7. Bibliografie bl.126

# *Hoofstuk 1: Inleiding*

> Severe trauma explodes the cohesion of consciousness. When a survivor creates a fully realized narrative that brings together the shattered knowledge of what happened, the emotions that were aroused by the meanings of the events, and the bodily sensations that the physical events created, the survivor pieces back together the fragmentation of consciousness that trauma has caused.
>
> - Jonathan Shay, *Achilles in Vietnam*
>
> (Kirby 1998:1)

Etienne van Heerden is 'n vooraanstaande Afrikaanse skrywer, veral bekend vir sy romans. Van Heerden het al verskeie literêre pryse vir sy romans ontvang, onder andere: die Hertzog-prys, die CNA-prys (twee keer), die *Rapport*-prys vir Prosa, die ATKV-prys (vyf keer), die Perskor-prys vir Jeugliteratuur, die WA Hofmeyr-prys (drie keer), die Eugène Marais-prys, die J&B Young Achievers Award en *Insig* se Afrikaans-Onbeperk Toekenning 2000 op die Klein Karoo Kunstefees vir uitnemende bydrae tot Afrikaans.

"Sy trefkrag as skrywer sedert die laat jare sewentig lê grotendeels daarin dat sy literêre werke sonder uitsondering brandende sosio-politieke vraagstukke van die Suid-Afrikaanse konteks behandel, op individuele sowel as kollektiewe vlak" (Erasmus in Van Coller 1998:679).

Etienne Roché van Heerden is op 3 Desember 1954 in Johannesburg gebore en het grootgeword op die familieplaas, Doornbosch, in Graaff-Reinet. Van Heerden se Afrikaanssprekende pa het met merinoskape geboer het en sy Engelssprekende ma was 'n wiskunde-onderwyseres. Die plaas is teenaan Toorberg geleë en was ook na aan Buffelskop, waar Olive Schreiner begrawe is. Na die dood van sy vader het Van Heerden en sy gesin na Stellenbosch verhuis waar hy aan Paul Roos Gimnasium gematrikuleer het. Hy is daarna vloot toe waar hy nie as matroos opgelei kon word nie omdat hy blind in sy een oog is, en moes kwalifiseer as hondemeester. Van Heerden het Regte en Literatuur gestudeer aan die Universiteite van Stellenbosch (BA

Honneurs, cum laude en LLB), Witwatersrand (MA, cum laude) en Rhodes (PHD, met 'n tesis oor post-modernisme). Na sy klerkskap het hy as prokureur gewerk, wat hy verlaat het om vir 'n reklamebedryf in Kaapstad te gaan werk. Gedurende die tagtigerjare was hy 'n lid van 'n groep skrywers wat die verbanne lede van die ANC en skrywers wat verban is uit Suid-Afrika in die geheim by die Skrywerskonferensie by die Victoria-Watervalle in Zimbabwe ontmoet het. In 1985 het Van Heerden hom tot die akademie gewend. Hy doseer Literatuur, Literêre Teorie en Kreatiewe Skryfwerk aan die Universiteit van Zululand. Daarna is hy na die Rhodes Universiteit in die Oos-Kaap. Van Heerden is tans die Hofmeyr-Professor in Afrikaans en Nederlandistiek aan die Universiteit van Kaapstad en is ook redakteur van Litnet, 'n multikulturele Suid-Afrikaanse internet-bedryf. Hy skryf gereeld vir koerante en tydskrifte in Suid-Afrika soos *Die Burger*, *Volksblad* en *Beeld*. Van Heerden is getroud met Kaia, 'n mediese dokter, en hulle het twee dogters.

Van Heerden is erelid van die Universiteit van Iowa in die Verenigde State en was lid van hul internasionale skryfprogram in 1990. Van Heerden was 'n gasskrywer aan die Universiteit van Antwerpen en die Universiteit Leiden. Hy gee gereeld klas aan Europese Universiteite en word dikwels uitgenooi om praatjies te lewer oor sy skryfwerk. Sy satiriese kabaret, *Lied van die Boeings*, is al meermale by groot kunstefeeste opgevoer en sy kortverhale en gedigte is in meer as sestig bloemlesings in Suid-Afrika en oorsee gepubliseer. Van Heerden se romans *Toorberg*, *Casspirs en Campari's*, *Die stoetmeester*, *Kikoejoe* en *Die swye van Mario Salviati* is in nege tale vertaal. Die meeste van sy werk is in Engels en Nederlands vertaal, maar sommige is ook in Duits, Frans, Grieks, Deens, Noors, Fins en Sweeds vertaal. Alhoewel hy meer bekend is as romanskrywer, is Van Heerden suksesvol in verskillende literêre genres.

## Publikasies

<u>Romans en novelles</u>

*Matoli* (1978)

*Om te awol* (1984)

*Toorberg* (1986)

*Casspirs en campari's* (1991)

*Die stoetmeester* (1993)

*Die gas in die rondawel Wilhelmina* (1995)

*Kikoejoe* (1996)

*Die swye van Mario Salviati* (2000)

*In stede van die liefde* (2005)

*Asbesmiddag* (2007)

Kortverhale

*My Kubaan* (1983)

*Liegfabriek* (1988)

Poësie

*Obiter dictum* (1981)

*Die laaste kreef* (1987)

Kabaret

*Lied van die Boeings* (1998)

Literatuurwetenskap

*Postmodernisme en prosa* (1997)

Essays

*Die stilte ná die boek* (2004)

Samesteller

*Brekfis met vier* (1981)

*Miskien sal ek die wingerd prys* (1989; met Daniel Hugo)

*Die mooiste liefde is verby* (1999)

*Die rooi roman* (1999; met Jaco Botha)

*Briewe deur die lug* (2001)

*Die omstrede God* (2004; met Erns Grundling en Thomas Mollet)

# Van Heerden se oeuvre

Die herskryf van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die worsteling met die verlede kom deurlopend in Van Heerden se werk voor. "Verskeie motiewe wat in Van Heerden se ander tekste (en veral in die veel latere *Casspirs en Campari's*) aangetref word, is... 'n 'inner quest'-tipe reismotief wat herinner aan Etienne Leroux se werk; 'n worsteling met die 'voorvaders' wat die onhoudbare rassesituasie en 'n Calvinistiese vormgodsdiens aan hom oorgedra het; die oomblik van waarheid en insig, waarin die hoofkarakter 'n emosionele grens oorskry en in beginsel besluit om hom te distansieer van die ideologiese erfenis waarmee hy belas is; die besef, egter, van sy onvermoë om buite die heersende ideologie te tree; 'n oorlog sonder helde en die uitwerking daarvan, naamlik 'n gebrek aan sinbelewing, onthegting, vervreemding, 'n ons-hulle-polarisasie wat nie werklik deurbreek kan word nie, en so meer" (Erasmus in Van Coller 1998:685).

Van Heerden gee die leser 'n ander blik op die Suid-Afrikaanse geskiedenis deur die onderdrukte mense se geskiedenis uit te beeld. "As dokumentasie van 'n tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis laat sien die skrywer ons ''n ander Afrika' as wat op die oppervlak mag blyk. Meestal word 'n korrupte en verslae (bykans verslane) mensheid uitgebeeld, maar tog nie sonder hoopvolle moontlikhede nie: soms is individue bereid om die hoogste offer te bring; by geleentheid tree selfs die bonatuurlike tussenbeide in die soeke na geregtigheid; miskien kan die lewe teruggeskryf word en mense verenig word in hierdie land, deur die herskeppingsmag van die menslike verbeelding – dus veral deur skrywers en ander kunstenaars" (Erasmus in Van Coller 1998:690).

Van Heerden gee stem aan diegene wat in die vroeër literatuur gemarginaliseer is: saam met die rol van die kleurling en die swarte het die rol van die vrou in postkoloniale literatuur ook van belang geword. Deur die "Ander" in hul koloniale rolle uit te beeld, lewer Van Heerden kritiek op hierdie politieke sisteem en in sy latere romans kry die onderdrukte "Ander" 'n eie stem teenoor die verkrummeling van

die Afrikaner-ideologie en die onderdrukker se worsteling met sy skuld oor die verlede[1].

Daar is al vele studies aan Van Heerden se skryfwerk gewy, maar ek wil uit 'n nuwe perspektief na sy werk kyk. In hierdie tesis word daar uit die perspektief van narratief en die verwerking van trauma na Van Heerden se oeuvre gekyk, 'n perspektief wat tot dusver nog nie uitvoerig bestudeer is nie. Geen studie is nog gedoen oor individuele en kollektiewe traumas wat regdeur sy werk loop nie en ek wil dit onderneem. Ek wil ingaan op die intertekstuele 'gesprek' tussen sy romans aangaande hierdie sentrale temas in sy werk. Die mate waarin Van Heerden se oeuvre 'n eenheid vorm en hoe die verwerking van trauma nuwe lig op die moontlikheid van heling kan werp word ook ondersoek. Daar sal ondersoek ingestel word na die vraag van heling en versoening en of dit wel plaasvind in sy romans. Ek sal ook kyk of daar 'n ontwikkeling te bespeur is in sy aanbieding van die tema van verwonding en verskeurdheid. Met hierdie nuwe benadering tot Van Heerden se skryfwerk hoop ek om 'n leemte te vul in die studies wat reeds oor Van Heerden gedoen is. Ek sou graag elke roman, novelle, kortverhaal, gedig en kabaret in my studie wou insluit, maar ek moet myself beperk vir my studie en fokus op narratief en trauma in Van Heerden se romans *Matoli* (1978), *Toorberg* (1986), *Casspirs en Campari's* (1991), *Die stoetmeester* (1993), *Kikoejoe* (1996), *Die swye van Mario Salviati* (2000), *In stede van die liefde* (2005) en *Asbesmiddag* (2007).

## Teoretiese raamwerk: Die lewe as 'n storie

Ek sal begin deur te kyk na narratief as 'n manier om met die traumatiese verlede om te gaan. Daar kan onderskei word tussen individuele en kollektiewe narratiewe; met individuele narratiewe bedoel ek die narratiewe van verskillende enkelinge en met kollektiewe narratiewe verwys ek na 'n kollektiewe groep se narratief. Kollektiewe narratiewe kan egter nie heeltemal van individuele narratiewe geskei word nie omdat die kollektiewe narratief uit verskeie individuele narratiewe bestaan. In die loop van my tesis word dit duidelik hoe die individuele en kollektiewe narratiewe mekaar

[1] "Kleurlinge" word so genoem omdat hierdie naam gedurende apartheid gebruik is en steeds algemeen gebruik word.

beïnvloed en saam gevleg is, maar om die verwerking van trauma en die moontlikheid van heling te bespreek, het ek dié twee narratiewe van mekaar geskei.

Daar is onder andere drie soorte narratief: die anekdotiese storie, die lewensnarratief en die literêre narratief. **Die anekdotiese narratief of storie** is 'n reeks beleefde gebeurtenisse in 'n bepaalde volgorde vertel, met dikwels 'n oorsaaklike verband. Die **literêre narratief** het 'n sterker element van herhaalde patrone wat heenwys na lewenspatrone waarop die skrywer wil wys.

'n **Lewensnarratief** is die storie wat van 'n mens se lewe geskep word. "Turning one's life into a narrative is a vital way of finding meaning: in discovering causal links between different events we create a coherent *plot* from our lives which leads to an understanding of how 'things fit together.' 'Emplotment' is a way of creating coherence in the seemingly confusing course of our lives" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:2). Dit is 'n natuurlike instink om mens se lewensverhaal oor te vertel omdat dit sin en betekenis daaraan gee. As iemand sy lewenstorie oorvertel kan hy sy ervaringe in perspektief sit en betekenis daaruit neem. "We examine our lives to find central *themes* and *patterns* which permeate our diverse experiences – patterns which could make sense of life as a variety of 'enactments' of recurrent themes. The discovery of a plot and of recurring thematic patterns enables us to distinguish between the significant and the insignificant. Significant events are those that have a strong influence on the plot and form part of fundamental patterns in the narrative" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:2).

Elke storie het 'n "plot", die intrige van die verhaal. Die "plot is not a static structure but an operation, an integrative process which... does not come to fruition other than in the living receiver of the story being told" (Ricoeur 1991:426). Hierdie "plot" kan 'n enkele storie uit verskillende insidente maak: "An event is more than a mere occurrence, something that just happens: it is that which contributes to the progress of the story as much as it contributes to its beginning and its end" (Ricoeur 1991:426). Die lewensnarratief organiseer al hierdie insidente in 'n verstaanbare eenheid, 'n eenheid met sin en betekenis wat 'n storielyn van begin tot einde volg. So ook organiseer die mens sy ervaringe in 'n narratief om sin en betekenis daaruit te kry, ons struktureer ons ervaringe van begin tot einde om 'n eenheid in die lewe te sien.

"Transforming the events in one's life into a narrative structure is a way of counteracting the transience of life. In a narrative, every small component forms part of a whole: when one episode has been narrated, it is not over, because it keeps reverberating, influencing the rest of the plot, commenting on central themes and reflecting the values incorporated in the rest of the story. Every part is reflected in the whole, and vice versa" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:2).

Ricoeur vind in elke menslike ervaring ŉ "pre-narrative quality", die lewe is vir hom ŉ "incipient story" en die lewe kan dus as "an activity and a desire in search of a narrative" gesien word (1991:434). Soos ons deur die lewe gaan, vorm ons lewenservaringe deel van ons verhaal, ŉ verhaal wat ons met ander deel om betekenis daaraan te gee. Al het die lewe ŉ "pre-narrative quality", is dit nie heeltemal ŉ lewens*narratief* totdat dit oorvertel word nie. Hierdie lewensnarratief wat ons skep wanneer ons ons ervaringe oorvertel, vorm ons identiteit:

"Without moving away from daily experience, are we not inclined to see a certain chain of episodes of our lives as *stories not yet told*, stories that seek to be told, stories that offer anchor-points for the narrative?... Are not stories, by definition, *narratives*? As long as we are speaking of actual stories, this is undoubtedly the case. But is the notion of a potential story unacceptable? 'A story not yet told': The client who turns to a psychoanalyst to present him with bits of lived histories, dreams, 'primitive scenes,' conflicting episodes; one can indeed say that the goal and effect of the analytic sessions is that **the person analyzed draws out from these bits and pieces a story that is both more intelligible and more bearable**[2]. This narrative interpretation of psychoanalytic theory implies that the story of a life arises from untold and repressed stories, in the direction of effective stories which the subject can be responsible for and which he takes as constitutive of his personal identity. It is this search for this personal identity that guarantees the continuity of a potential or virtual story and the purposive story for which we assume responsibility" (Ricoeur 1991:434).

[2] Ek plaas dit in donker druk vir beklemtoning.

Hier word dit duidelik dat narratief deel is van hoe ons onsself verstaan, die lewe wat 'n narratief vorm is 'n lewe wat ondersoek is, 'n lewe wat betekenis het. Die belangrikste rol van narratief is dat dit orde bring aan ons ervaring van die lewe. Sonder 'n begin, middel en einde, en die orde van gebeurtenisse sou ons lewens chaos wees, dit sou net 'n toevallige versameling van gebeurtenisse ("a random act of events") wees, lewenservaringe sonder betekenis. Van der Merwe en Gobodo-Madikizela skryf dat, om die lewe in 'n narratief te omskep, moet ons die skrywer van ons lewe word (2008:1). Ricoeur noem egter dat ons moet leer om die vertellers van ons eie storie te word sonder om heeltemal die skrywers van ons lewe te word (1991:437). Ons kan nie heeltemal die gebeurtenisse in ons lewe beheer nie, ons kan nie ons toekoms skryf en presies besluit wat gaan gebeur soos die skrywer van 'n storie nie. Ons kan wel besluit hoe ons hierdie gebeurtenisse interpreteer en hoe ons ons lewe beheer, hoe ons die vertellers van ons lewenstorie word deur op hierdie gebeurtenisse te reageer. Ons kan besluit wat belangrik is en wat nie belangrik is nie en besluite oor ons toekoms maak. Willie Burger skryf dat: "we are always planning for the future and reviewing the past. Therefore we are always, in the light of our future plans and our past experience, busy selecting certain sensory data and ignoring other information. In this sense we are always narrating our own lives (selecting and structuring information), not only after actions and events, but also while we are acting and experiencing. My actions are the result of my plans for the future and my story of my past experience" (2001:83). Ons kan nie ons lewe totaal en al beplan nie, maar ons kan besluite maak wat ons lewe in 'n sekere rigting stuur en so die vertellers van ons lewe word.

Wanneer ons die lewe in 'n storie verander, vind ons betekenis, ons skep 'n intrige van ons lewe wat ons help om te verstaan hoe gebeurtenisse en ervarings bymekaar pas. Richard Kearney skryf in *On Stories: Thinking in Action* dat "Narrative *identity* ...provides us with a particular experience of *selfhood*". "This sense of selfhood, ...the 'narrative unity of life', ultimately derives from the question: Who are you? In other words, our life becomes an answer to the question 'who?' – usually addressed to us by another – in so far as we tell our life-story to ourselves and to others. This telling furnishes each of us with a sense of being a 'subject' capable of acting and committing ourselves to others" (Kearney 2002:151). Hierdie narratiewe 'self' wat gevorm word, kan verantwoordelik vir sy optrede gehou word omdat hy 'n eie

identiteit het. Ons is nie net die hoofkarakter in ons eie storie nie, ons is ook kleiner karakters in ander mense se stories, ons stories is geknoop met ander se stories, wat uiteindelik weer deel is van die storie van die groter samelewing, op 'n groter skaal word "my" storie "ons" storie.

Terwyl ons 'n narratief uit ons lewe skep om struktuur en betekenis daaraan te gee, is trauma, in kontras daarmee, die ineenstorting van hierdie lewensnarratief (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:6). Die getraumatiseerde persoon het sin en betekenis in die lewe verloor, hy het die intrige van sy lewe verloor. Van der Merwe en Gobodo-Madikizela noem dat: "Trauma is a shattering of the basic organising principles necessary to construct meaningful narratives about ourselves, others, and our environment" (2008:39). Wanneer iemand getraumatiseer word, word die koherensie van hul lewenstorie vernietig, die psigiese wond wat die persoon ondergaan los hulle sonder 'n lewensverhaal en die taal om die trauma in 'n narratief om te sit. 'n Belangrike kwessie rondom trauma is die herskryf van jou lewensnarratief om die traumatiese verlies deel te maak van jou nuwe narratief (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:6). Om die trauma in sy lewensnarratief in te werk, moet die getraumatiseerde persoon die chaotiese gebeurtenisse van die trauma in 'n narratief verander om struktuur daaraan te gee. As die traumatiese gebeurtenis struktuur het, kan die getraumatiseerde persoon sin en betekenis daaruit kry en dit deel van sy lewensnarratief maak. Om trauma in 'n narratief te verander, is egter nie 'n maklike proses nie.

## Literêre narratief en die verwerking van trauma

Die rol van skrywers in terme van trauma en narratief kom hier ter sprake. Van der Merwe en Gobodo-Madikizela stel die rol van die skrywer in verband met trauma die beste: "In the renewal of cultural discourses and the exploration of the possibilities of language to contain new experience, literary writers have a vital role to play. They are the pioneers of language, continually searching for the appropriate words and narrative structures to communicate personal and collective issues. They are challenged by new, unheard of experience, and stretch language to its limits and beyond, often breaking down conventional narrative structures in order to create new,

original ways of communicating the seemingly incommunicable" (2008:58). Die rol van 'n skrywer is om as die antennae van die samelewing op te tree.

Wanneer dit kom by trauma, kan skrywers die trauma uitbeeld wat vir die slagoffer van trauma onmoontlik is om in taal uit te druk, omdat skrywers altyd op soek is na die gepaste woorde om persoonlike en kollektiewe kwessies uit te druk. Wanneer 'n verwonde mens literêre narratiewe lees, kan hy baat daarby vind deurdat dit hom help om sy trauma in 'n narratief om te sit. "Readers, in the reading and interpretation of literary narratives, can in a way become creative writers as well by 're-creating' the narratives in their own minds – organising the elements of the story into a coherent whole, internalising it and applying it to their own situation. Literary narratives can help a traumatised person to confront suppressed feelings. When victims find it too hard to confront their trauma directly and to talk openly about it, literature can provide a way of facing it indirectly – partly acknowledging and partly disguising their trauma – and of talking indirectly about their trauma by discussing the literary narrative" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:58). Literêre narratief bied dus 'n indirekte manier om 'n mens se trauma te konfronteer.

Van der Merwe en Gobodo-Madikizela noem vyf maniere waarop die leser van 'n verhaal die literêre narratief kan gebruik om sy eie narratief te herskep. Eerstens is daar die "indirect confrontation and expression of trauma" waar die verwonde mens kan identifiseer met 'n literêre karakter of karakters en so indirek sy eie trauma konfronteer. Tweedens is daar die verandering van "chaos to structure" waar die versplinterende effek van die trauma deur die skrywer tot (relatiewe) samehang en eenheid gebring word omdat trauma tot 'n literêre narratief verander word en so chaos in struktuur verander. Derdens, literêre narratiewe suggereer moontlikhede hoe om op trauma te reageer en betekenis daaruit te kry. Identiteite word herskryf en literêre karakters kan, as gevolg van hul trauma, in wyser mense verander. Vierdens handel "healing a divided society" oor 'n getraumatiseerde samelewing wat letsels van skeiding, kollektiewe woede en verbittering het en die rol wat die skrywer in so 'n geval kan hê. In Suid-Afrika kan van die skrywers miskien verwag word "to act almost as their own Truth and Reconciliation Commission, creating writing relevant to the needs of their own recently traumatised society and working towards the reconciliation of their people." Skrywers kan help met waarheid en versoening deur

"diagnoses" van die land te maak en te wys wat reg en wat verkeerd is met die land. Skrywers kan fokus op gemarginaliseerde mense, hulle kan die stem word vir mense wat voorheen stemloos en onderdruk was. Literatuur vernietig ook ou en negatiewe stereotipes; stereotipes van mense wat aan 'n ander rasse-, kulturele of religieuse groep behoort. Laastens skryf Van der Merwe en Gobodo-Madikizela oor "The specific and the universal." Hier word gekyk na literêre narratiewe waar 'n unieke kombinasie van spesifieke en universele temas gevind word. Hulle noem dat Ricoeur glo dat literatuur, "not being a slave of the real event, can address itself directly to the universal, i.e., to what a certain kind of person would likely or necessarily do." Temas wat van sentrale belang in literêre narratiewe is, temas soos die dood, trauma en pyn, is ondervindings wat universeel bekend is aan die mensdom. "Analysing a literary narrative involves a search for the universal, essential aspects of life as revealed in the specific story; and thereafter a search for connections between these fundamental themes and the specific reader and his community" (2008:59-63). Literêre narratiewe het 'n verbindingsfunksie en 'n rol om eenheid in die samelewing te bring. Die literêre narratief kan dus, volgens Van der Merwe en Gobodo-Madikizela, die leser help om sy eie lewensnarratief te vorm, en kan ook help om 'n kollektiewe narratief te skep en so heling en versoening in die samelewing bring (2008:59-63).

Ricoeur noem dat Aristoteles gesê het dat "every well-told story teaches something... stories reveal universal aspects of the human condition" (1991:427). As lesers vereenselwig ons onsself met stories, die verhale wat ons lees word deel van ons en sekere verhale het die krag om ons te raak en te verander. "The literary narrative, more than the academic language of scholars, is an appropriate medium for communication about trauma, as we have argued above. The modern novel often contains ambivalences, aporias and open endings; it lacks final certainties – and that makes it an extremely fitting vehicle for conveying the enigmatic experience of trauma. A huge trauma stimulates a response from authors, and a seemingly endless flow of literary narratives usually follows in its wake. There is never a final interpretation of any of these literary narratives – new readers continually find new meanings in them, and one and the same reader finds different meanings in the same narrative at different stages of her life. The story of literary narratives about trauma is a story with an open end" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:66).

Skrywers kan die woorde vind om trauma te beskryf wat die leser nie kon vind nie, maar wat die leser wel kan aanvoel. Mense wat trauma oorleef het wat die lesers van stories word, kan betekenis vind in die stories wat hulle herskep in die leesproses, dit word 'n storielyn wat hul lewe kan volg. "The writings of trauma survivors comprise a distinct 'literature of trauma.' Literature of trauma is defined by the identity of its author. Literature of trauma holds as its center the reconstruction and recuperation of traumatic experience, but it is also actively engaged in an ongoing dialogue with the writings and representations of nontraumatized authors" (Tal 1996:17). Die getraumatiseerde mens kan deur die leesproses sy verwonding konfronteer en so sy lewensnarratief herskryf en sin en betekenis daaraan gee wat uiteindelik tot versoening met die self en heling van die verwonding lei.

In 1985 het Charlotte Delbo se versameling literêre narratiewe oor historiese trauma verskyn in haar boek *Days and Memory* (vertaal uit Frans deur Rosette Lamont 1990). In hierdie boek skryf Delbo oor haar ondervinding in die Nazi-konsentrasiekampe en verwys sy na die universele aspek van die traumatiese ondervinding. In *Days and Memory* skryf sy oor die verlies van taal en die linguistiese probleme wanneer daar oor 'n traumatiese ondervinding gepraat word. Alledaagse taal kan nie 'n traumatiese ondervinding beskryf nie en die trauma-oorlewende moet 'n ander manier vind om sy trauma te beskryf. Delbo onderskei tussen intellektuele (intellectual) of eksterne (external) geheue en diep (deep) geheue. Intellektuele geheue kan in 'n narratief omskep word, maar diep geheue, die geheue van die trauma, kan nie in taal omgesit word nie en weerstaan dit om in 'n narratief weergegee te word. Diep geheue is diep in die onderbewussyn begrawe, maar kan soms deur nagmerries na die bewussyn beweeg met verskriklike nagevolge (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:67). Wat moet gedoen word om hierdie diep geheue in 'n narratief te verander sodat die getraumatiseerde mens weer sin en betekenis aan sy lewensnarratief kan gee?

"In the first chapter of *Days and Memory*, Delbo uses the language of reasoning to explain the problem of talking about trauma – the fact that intellectual language is found lacking. In the following chapters, she uses typically literary ways of expression to translate deep memory into memory that can be verbalised and shared with others. This suggests a realisation that literary communication is more

appropriate for the expression of trauma than the rational language used in her first chapter" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:67-68). Die getraumatiseerde persoon is in 'n moeilike posisie waar hy oor sy trauma wil praat, maar nie die woorde, die taal, het om dit te kan oorvertel nie. Wat hier te voorskyn kom, is dat literêre kommunikasie 'n meer toepaslike medium is om diep geheue na vore te bring en dit in 'n narratief om te sit sodat dit deel kan word van die getraumatiseerde mens se lewensnarratief. Wanneer die gefragmenteerde trauma deel van die verwonde mens se lewensnarratief word, kan hy dit in die verlede plaas en aangaan met sy lewe omdat hy heling gevind het.

Dit gebeur gereeld dat die getraumatiseerde persoon nie oor die gebeurtenis wil praat nie omdat hy dit moontlik pynlik kan herleef en daarom verkies om dit te onderdruk. Die getraumatiseerde persoon is dan in konflik omdat hy oor die trauma wil praat en daardeur wil werk, maar terselfdertyd wil hy dit onderdruk en wegsteek. Trauma kan egter ook 'n positiewe kant hê; trauma kan verwerk word in kreatiwiteit wat genesing kan bring. In *Kikoejoe* sê dokter Clark: "Die wond is 'n mond wat praat" (Van Heerden 1996:145). Die pyn van trauma kan in 'n narratief verander word en kreatiwiteit na vore bring wat uiteindelik lei tot genesing. "Trauma may lead to the re-imagining of conventional narratives, the creative 'rewriting' of one's life story to make it uniquely one's own" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:10).

'n Baba leer kulturele simbole soos hy grootword, ingesluit by hierdie kulturele simbole is stories van die literêre tradisie wat oorvertel word. Hier leer die kind oor die wêreld, die samelewing, die mitologie en die narratief. Stories is deel van die mens se lewe vanaf 'n vroeë ouderdom en help om jou identiteit te vorm. "Storytelling is, of course, something we participate in (as actors) as well as something we do (as agents). We are subject to narrative as well as being subjects *of* narrative. We are made by stories before we ever get around to making our own. Which is what makes each human existence a fabric stitched from stories heard and told" (Kearney 2002:154).

"The fact that, in well-structured literary narratives and in human lives, we can find coherence between the end and the preceding events does not mean that literary narratives or human lives are like boxes of chocolates, with a clearly defined form and

a sweet content. On the contrary: sophisticated novels mostly have 'open ends', suggestions that various future possibilities exists, and that readers may never attach one final meaning to a story; similarly, it is impossible to interpret a human life finally when it has come to an end. Final closure evades us in the 'reading' of human lives as well as in literary narratives" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:22). Soos stories het ons lewens ook oop eindes, ons kan nooit vooruit weet wat aan die einde van ons storie gaan gebeur nie, ons is tog net die vertellers van ons lewenstories en nie die skrywers daarvan nie.

Stories is deel van die lewe en wanneer ons stories lees, neem ons deel aan die narratiewe proses, "regardless of whether we embrace these rhetorical and moral situations, we cannot pretend that they are not at work in the text's effect upon us. Stories alter our lives as we return from the text to action" (Kearney 2002:156). Ons neem besluite oor karakters en hul handelinge en neem dus deel aan die storie: "There is no narrated action that does not involve some response of approval or disapproval relative to some scale of goodness or justice – though it is always up to us readers to choose for ourselves from various value options proposed by the narrative" (Kearney 2002:155). Die leser word deel van die storie omdat hy self besluit hoe hy oor gebeurtenisse en karakters se besluite in die storie voel. Die leser het 'n morele reaksie teenoor gebeurtenisse in die storie en dit beïnvloed watter waarde die storie vir hom het. As die lesers van stories en die vertellers van ons eie lewenstorie, kan ons betekenis uit stories neem en die struktuur van narratiewe help om vorm, sin en betekenis aan getraumatiseerde lewenstories te gee.

Nie alle trauma-oorlewendes vind weer betekenis in die lewe nie. "There is scholarly evidence that shows how traumatic memories, and difficulties in their assimilation, often return as behavioural re-enactment, both at the interpersonal level and within societies. The phenomenon of re-enactment and its centrality in the lives of people who have been exposed to life-threatening experiences of trauma is well established in traumatic stress research (Kernberg 2003, Laub & Lee 2003). These re-enactments manifest in acts of revenge, anger, and sometimes as violence against the self, and may seem unrelated and disconnected from the original trauma" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:25). Wat hier gebeur, is dat die getraumatiseerde oorlewende die chaos van die trauma oorsit in wraak en woede omdat hy die trauma-

herinneringe nie kan beheer nie. Hierdie wraak en woede neem toe om die gaping wat die hulpeloosheid wat die trauma veroorsaak het, te vul. Hierdie "re-enactment" of heropvoering bly die persoon affekteer omdat die trauma nog nie heeltemal deel gevorm het van sy lewensnarratief nie en dit steeds in 'n gefragmenteerde en gedistansieerde vorm bestaan. Die trauma is so geïnternaliseer in die onbewuste van die slagoffer van 'n traumatiese gebeurtenis en kan, as dit nie beheer word nie, oorgedra word na die volgende generasie of na iemand anders.

Om getraumatiseerde mense te red van wraak en woede, moet die traumatiese gebeurtenis tot iets positiefs verander word. Die trauma moet onthou word, dit moet gekonfronteer word en deurgewerk word sodat dit deel van die verlede word. Van der Merwe en Gobodo-Madikizela noem dat taal die moontlikheid bied om trauma in narratief te transformeer: "The significance of narrative lies not simply in remembering trauma, but in its transformation through language" (2008:25).

In die getraumatiseerde mens se soeke na betekenis, tussen die ineenstorting en herkonstrueer van lewensnarratiewe, gaan hy deur 'n proses waar hy, partykeer onbewustelik, 'n besluit neem oor sy toekoms. Hy besluit of hy betekenis in die lewe gaan soek en of hy verlore gaan raak in die chaos van trauma. Viktor Frankl het in 1945, nadat hy die gewelddadigheid van Auschwitz oorleef het, in nege dae 'n boek geskryf wat hom wêreldbekend sou maak en later in Engels vertaal is onder die titel *Man's Search for Meaning*. Hierin skryf hy oor *logotherapy*, 'n tipe terapie wat gebaseer is op die belangrikheid om betekenis te vind om fisies en verstandelik te oorleef in 'n traumatiese gebeurtenis. Hy het sy teorie gebaseer op "the human capacity to creatively turn life's negative aspects into something positive or constructive" (1984:162). "An optimism in the face of tragedy and in view of the human potential which at its best always allows for: (1) turning suffering into a human achievement and accomplishment; (2) deriving from guilt the opportunity to change oneself for the better; and (3) deriving from life's transitoriness an incentive to take responsible action" (1984:162). Met hierdie soek na betekenis in die lewe verwys Frankl nie spesifiek na een betekenis wat alle antwoorde op die lewe se vrae sal gee nie, die mens se soeke na betekenis in die lewe is oneindig en verander van dag tot dag, maar dit vra dat die mens verantwoordelikheid vat vir sy besluite. Met betrekking

tot literêre narratiewe en trauma, moet die leser in die leesproses die wil hê om betekenis uit die literêre narratief te skep.

Na trauma voel die lewe betekenisloos en jou persepsie van betekenis in die lewe is in chaos. Frankl praat van die "perception of meaning", om bewus te word van wat oor 'n spesifieke situasie gedoen kan word. As 'n positiewe besluit geneem word, kan betekenis in lyding gevind word. Om so 'n besluit te neem, moet 'n situasie geïnterpreteer word, Farrell noem egter dat: "interpretation is anything but self-contained, because a victim builds on past experience and anticipates a future outcome – a process that depends on cultural meanings" (1998:13).

# Hoofstuk-indeling

*Verwonde enkeling:*

In die volgende hoofstuk fokus ek op die verwonde enkeling in Van Heerden se romans – die las van die verlede en die individu se verwerking van trauma en sy konfrontasie met sy skadukant om eventueel tot heling te kom. Die verwonde enkeling beeld die verdeeldheid in die enkeling se psige uit, die wond wat 'n skeur in die psige maak.

*Die verhouding tussen vader en seun:*

In die derde hoofstuk fokus ek op die verhouding tussen vader en seun wat deurlopend in Van Heerden se oeuvre na vore kom en wat ook deurlopend veranderings ondergaan.

*Verskeurde land:*

In die vierde hoofstuk sal ek die verwerking van kollektiewe trauma in Van Heerden se romans bespreek en in watter mate die land die las van die verlede en die verskeurdheid van die hede konfronteer.

*Versoening:*

In die vyfde hoofstuk word daar gekyk na die moontlikheid van versoening op individuele en kollektiewe vlak. Versoening het twee kante: 'n individuele en 'n kollektiewe kant. Ek kyk of versoening individueel verwerk word en of kollektiewe narratiewe tot versoening kom deur die herskryf van kollektiewe narratiewe in Van Heerden se oeuvre.

*Konklusie:*

In die slothoofstuk word vrae rondom my bespreking saamgevat: hoe Van Heerden die verwerking van trauma uitbeeld, hoe individuele en kollektiewe traumas deurlopend in sy oeuvre voorkom, hoe hy met verwonding en verskeurdheid te werke gaan, of versoening moontlik plaasvind in sy oeuvre en hoe Van Heerden se oeuvre 'n eenheid vorm.

# *Hoofstuk 2: Verwonde enkeling*

Die verwonde enkeling is iemand wat getraumatiseer is deur iemand of iets en hierdie verwonding laat die persoon se lewensnarratief inmekaar stort. Die verwonde mens se lewensnarratief wat inmekaar stort, veroorsaak 'n verlies van beheer, 'n verlies van identiteit, 'n verlies van betekenis, 'n gevoel van hulpeloosheid en die moontlikheid van die dood. Dié verwonding word die fokus van die verwonde mens se lewe en sy lewensnarratief word gefragmenteer. Om weer geheel en al mens te word, moet die getraumatiseerde mens sy trauma in 'n narratief vorm, sodat dit nie meer gefragmenteer is nie, maar dat dit 'n koherente patroon vorm, sodat dit deel van sy lewensnarratief word en hy weer sy identiteit vind. 'n Traumatiese ondervinding is hoofsaaklik een van geweld. So 'n gewelddadige ondervinding lei tot die onderdrukking van die geheue van die gebeurtenis. Kirby Farrell vind dat: "[t]he effort to heal psychic wounds invariably involves a need to substantiate or reconfirm the self, which often entails convictions of transcendence" (1998:22). Om weer sin in die lewe te kry, moet die verwonde mens die trauma konfronteer, bo hom- of haarself styg en eers dan kan hy sy trauma in 'n narratief vorm sodat heling kan plaasvind.

Die woord "trauma" is die Griekse woord vir *wond*, dus as iemand getraumatiseer word, word hy verwond. 'n Wond verwys na 'n fisieke besering en klinies word die woord "trauma" gebruik om 'n ernstige besering te beskryf. 'n Getraumatiseerde mens se heelheid van die lewe word versteur wanneer hy verwond word, soos 'n fisieke wond in die vel wat weer heel moet word. Judith Lewis Herman noem in *Trauma and Recovery* dat: "[t]raumatic events generally involve threats to life or bodily integrity, or a close personal encounter with violence and death. They confront human beings with the extremities of helplessness and terror, and evoke the responses of catastrophe" (1992:33).

*Narrating our healing* stel dit dat trauma deel is van elke mens se lewe: "Events like rape and bodily assault, earthquakes and floods, are clearly traumatic in nature. However, we would like to argue that trauma is not restricted to these extreme events. If trauma is seen as the shattering of a life narrative, it is an experience common to all. We all know of shattered dreams, of life treating us contrary to our desires; we know

of illness and the death of loved ones" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:X). Dus sluit die trauma waarmee ek werk alledaagse gebeurtenisse in wat elke mens moontlik kan raak. Daar is iemand of iets wat die wond veroorsaak, iets wat die heelheid versteur, en elke mens se verwonding is anders. Daar moet gekyk word na die aard van die wond om dit te konfronteer en dan uiteindelik tot genesing te kom.

Dit gebeur dikwels dat 'n verwonde mens, die getraumatiseerde persoon, die proses van verwonding voortsit en ander mense verwond, soos reeds bespreek is in verband met die heropvoering van trauma. Die verwonde enkeling worstel met die verlede, die gebeurtenis of persone wat hom/haar verwond het, die onderdrukte geheue en die soektog na identiteit, om weer geheel en al mens te word. "Trauma is a 'mind-blowing' experience that destroys a conventional mind-set and compels (or makes possible) a new worldview" (Farrell 1998:19).

Temas soos die las van die verlede en die soeke na 'n nuwe toekoms in Van Heerden se romans word bespreek in hierdie hoofstuk oor die verwonde enkeling. Daar word gekyk na die randfigure wat die kreatiefste is, soos in *Matoli*, *Toorberg*, *Die stoetmeester*, *Kikoejoe* en *Die swye van Mario Salviati*. Die offerbok is die een wat homself offer om versoening te bring, soos in *Toorberg*, *Die stoetmeester* en *Die swye van Mario Salviati*. Die skadukant van die mens en die teleurstelling van 'n groot droom wat na vore kom as iemand te hoog droom, word bespreek in *Kikoejoe* en in *Die swye van Mario Salviati*. Van Heerden se roman *In stede van die liefde* beeld die proses waardeur die getraumatiseerde persoon moet gaan om tot versoening te kom en weer geheel en al mens te word. *Matoli* word nie hier bespreek nie omdat dit, as gevolg van die tema van verskeurdheid, volledig in "Die verskeurde land" bespreek word.

## *Toorberg*

Etienne van Heerden se roman *Toorberg* (1986) gaan oor die dood van die seun Noag "Druppeltjie" du Pisani en die trauma wat dit oopvlek in 'n familie, die Moolmans. In *Toorberg* is die verwonde enkeling onder andere die verwonde vrou, Ella, wat deur haar man beheer word wie se lewensnarratief in mekaar stort. Die Moolmans is die

erfgename van Toorberg en is bekend vir hul trots en welgesteldheid, spesifiek by die Abel Moolmans. StamAbel Moolman is die vestiger van die plaas Toorberg. StamAbel wil die plaasnarratief skep, hy is die kolonis wat van buite kom en die wildernis wil mak maak. Hy is ook 'n imperialis wat wil heers oor die land en sy mense, insluitende die inheemse volk. Stamabel sit sy stempel op die land met die plaas en die familie wat hy begin. Hy is die boer wat sy grond bewerk en glo dat sy nageslagte dieselfde sal doen.

**Abel Moolman**

Die Moolmans, die Stieffamilie en die Skaamfamilie is van mekaar geskei as gevolg van onderdrukking en onverdraagsaamheid. Die magistraat vind in sy ondersoek dat: "die ketting van oorsaaklikheid, die causa debilis, moet ek terugvors tot by die insident waar die ketting begin het. Dalk lei dit my na die wortels van die stam, na insidente van jare gelede, waar geskiedenis en legende ineenvloei tot die nagmerrie van die verlede" (bl.74). Hier word reeds gesuggereer dat die Moolman-skuld by die stamvader begin en dat dit van geslag na geslag oorgedra word deur die Abel-seuns.

"Dit lyk," skryf die magistraat daardie aand aan sy vrou, "of die Moolmans deur legendes wil ontsnap na 'n wêreld waar die normale reëls nie geld nie. Maar oral waar hulle die sonde probeer verbloem met die fabelagtige avonture van hul voorvaders, vind ek instinktief, sonder dat ek nog 'n vinger daarop kan lê, die bewyse van hul oortreding" (bl.85). Die stamvaders se sondes word na hul nageslagte oorgedra en eers wanneer iemand skuldig pleit en hierdie sondes vergewe word, kan versoening plaasvind. Abel Moolman, die eienaar van Toorberg, is die hoofverdagte in die magistraat se ondersoek na Druppeltjie se dood omdat Abel Druppeltjie die genadeskoot toegedien het. Die magistraat ken Abel se idee van "reg en geregtigheid, ... met vrye lisensie om selfs die onfatsoenlike en die oneerbare te doen, solank dit maar vir die behoud en welsyn van sy staat is" (bl.167).

Gedurende die Magistraat se ondersoek verdwyn Abel voordat die Magistraat hom kan ondervra en dit werk vele vrae by die magistraat op. "Was die plaaslike Magistraat nie tog reg nie: geen gemene spel, 'n blote ongeluk in die midde van 'n gesiene familie, 'n treurspel wat eerder die saak van die gesin en die kerk is as van die

Gereg?" (bl.138). Volgens getuienis het Abel gereeld na Druppeltjie se dood op windpompe gaan klim om oor al die land se sondes te kyk. Abel het oral gery met die Land Rover en op elke boer se windpomp geklim om van alle hoogtes die sondes van die wêreld te bekyk, dit was sy reaksie op Druppeltjie se dood. Abel het gevoel dat hy van die smarte van sy voorgeslagte moet wegklim en die hele distrik het geweet dat Abel 'n gemors van sy nageslagte gemaak het. Abel se trauma kom na vore in sy vlug na die hoogtes van die windpompe waar hy sy trauma in die gesig staar en hy begrawe die boorpunt wat 'n teken van loutering is. Abel wou self die Moolmans se probleme regmaak en besluit om op Toorberg te boor. Hy erken uiteindelik dat hy genade nodig het en begrawe die boorpunt. Die boor, wat as 'n teken van die mens se wil om alles self te doen gesien kan word, word begrawe en die reën, wat as 'n teken van God gesien kan word, kom en bring bevryding van die droogte op Toorberg na Abel se dood.

Abel word later in die solder van sy huis dood gevind deur die Magistraat, "die dooie sit en sweet op die stoel, stroef in die solder van sy eie huis, tussen die uitskot van sy eie voorgeslagte" (bl.173). Abel word met sy jaggeweer op sy skoot en die plaas se kaart en transport in sy hand gevind, met geen wond of enige teken van hoe hy oorlede is nie. Dit is moontlik dat Abel oorlede is as gevolg van die magistraat se ondersoek, dat die ondersoek te veel wonde oop gemaak het en dit te veel geword het vir Abel om te hanteer. "Daar kom 'n tyd dat loskom nie meer moontlik is nie, dat die lewe 'n dodder word wat oral in en om jou vleg. Jy kan afsny waar jy kan, maar daar bly altyd 'n litjie van die rankplant oor om weer met genadelose geilheid om jou te stoel" (bl.162). Abel kan heling oor Toorberg bring deur sy verwonding en dood, omdat die plaas nou aan Ella en die Skaamfamilie behoort en die Moolman-bitterheid uiteindelik tot 'n einde kom met die onvrugbare nageslag van Abel, DwarsAbel.

**Ella Coetzer**

Ella het in De La Rey 'n geesgenoot, 'n vriend en vertroueling gevind. By Abel was Ella ongelukkig en het sy net vrees en vertwyfeling geken. Abel was 'n man wie se pligte geen ruimte gelaat het vir die liefde van sy vrou nie, hy het eerder gewerk as om gevoelens teenoor haar te wys. Ella ly onder die moeilike lewe van 'n Moolman-vrou en het vier doodgebore seuns gehad, elk met 'n Abel-naam as 'n vergeefse poging

om 'n opvolger vir Abel te verskaf. Abel het sy bitterheid aan Ella oorgedra en sy is 'n gedomineerde Afrikaner-vrou wat deur haar man alleen gelos word terwyl hy by die weduwee op die dorp kuier vir almal om te sien. Haar verwonding kom van Abel, wat haar blameer vir sy doodgebore seuns, vir DwarsAbel wat onvrugbaar is en vir KênsTillie wat mal is.

"StamAbel was baie lief vir sy vrou, Magtilt, en sy sterkste motivering vir die opbou van die plaas was om 'n goeie woning vir Magtilt te skep. Sy kleinseun Abel, daarenteen, maak die lewe vir sy vrou, Ella, baie moeilik. Hy is ontrou aan haar en sy moet maar met sy nukke en grille vir lief neem en desondanks toesien dat die plaas nie verval nie. Geen wonder nie dat die magistraat, met al sy huiwering om uitsprake te maak, tog ten slotte sy bewondering vir haar te kenne gee" (C. van der Merwe 2000).

Ella se lewe is vir ewig verander deur die besluit wat sy gemaak het om Abel in plaas van De la Rey te kies as haar man. Die traumatiese gevolge van hierdie besluit laat haar lewensnarratief ineenstort. Eers wanneer sy met die Magistraat bevriend raak en Abel oorlede is, vind Ella weer betekenis in die lewe. Haar man kan haar nie meer domineer nie en sy is in beheer van die plaas, wat uiteindelik met die einde van die Moolman-geslag weer reën kry.

**Ella se kinders**

Abel en Ella se eerste seun, DwarsAbel is onvrugbaar. Ella is die tussenfiguur wat DwarsAbel teen sy vader beskerm omdat hy onvrugbaar gebore is. Ella hou ook DwarsAbel se woede en bitterheid teenoor Abel weg van Abel om die vrede tussen vader en seun te behou. DwarsAbel is 'n rebel en 'n soldaat wat in militêre voertuie die "townships" patrolleer. DwarsAbel sien homself in StamAbel se oë, wanneer hy voor sy oupagrootjie se portret in die opstal staan en hy in die swart oë inkyk, is dit asof hy homself sien: 'n ongedurigheid en frustrasie wat net deur sy motorfiets opgelos kan word. DwarsAbel besef dat hy net so goed na die plaas kan kyk as StamAbel, maar hy is onvrugbaar en kan nie die Moolman-geslag voortsit nie en daarom mag hy nie die plaas beheer nie. Hy is kwaad omdat hy onvrugbaar is en nooit op Toorberg sal kan boer nie, al wil hy. Dit pla Ella dat hy so alleen is en dat hy na sy grootoom Soois

aard, hy is net so 'n rebel en soldaat, maar nie een van hulle het besef dat dood deel is van oorlog nie en DwarsAbel is dikwels op die grens tydens die apartheidsjare. DwarsAbel erf die opgehoopte skuld en straf van die Moolmans, omdat hy nie kinders kan hê nie en dus die laaste Abel Moolman is. Die skuld van die vaders kom uiteindelik tot 'n einde by DwarsAbel en die herhaling van trauma kom tot 'n einde.

Ella se volgende vier seuns is doodgebore, dus eindig die Moolman-stamboom by DwarsAbel. Ella gee wel geboorte aan haar jongste kind, 'n beeldskone maar vertraagde dogter, KênsTillie Moolman, wat met haar naelstring om haar nek gebore is terwyl Abel by die weduwee gekuier het. Vir Abel was sy die slegste ding wat uit sy lende kon kom en die trauma van 'n mal dogter na vier doodgebore seuns het vir Ella gebreek. Ella se trauma om alleen geboorte te gee terwyl Abel by die weduwee was, het haar verhouding met Abel versuur. Vir Abel kon Ella net nie rus skep in sy eie huis nie. Volgens Abel kon Ella hom nie eer soos die weduwee hom geëer het, sonder eise en sonder vra nie – net met liefde. Abel se buite-egtelike verhouding maak hom ook verantwoordelik vir die probleme van sy nageslag, hulle ly onder sy sondes, daarom is Tillie kêns en DwarsAbel onvrugbaar.

**Druppeltjie, die skuldoffer**

Die kêns Moolmanbloed is in die StamAbeljare gevestig, maar het eers weer in KênsTillie behoorlik uitgeslaan. "So word die sondes van die vaders besoek aan die kinders, tot in die derde en vierde geslag" (bl.33). KênsTillie het met Waterwyser du Pisani 'n buite-egtelike kind, Druppeltjie, wat Toorberg sou kon red van die droogte.

Tillie het die aand met Noag se geboorte na die droë Oog op die rotsplaat gegaan wat glad gevreet is deur eeue se fonteinwater en toe is Noag gebore in 'n plek van water. Noag kan dus met die simbool van water verbind word. Druppeltjie is die waterkind, genoem na Noag in die Bybel – die eerste man om die reënboog te sien en om die krag van water te verstaan. Noag is 'n waterkind wat water sou kon vind en dit kon uitwys aan Toorberg, maar hy is deur Abel dood geskiet. Dit bring die einde van Toorberg, daar is niemand om water te vind nie en daar is geen vrugbare nageslagte nie, die Moolmans se beheer oor die plaas kom tot 'n einde en juis dan, na Druppeltjie se dood, val die reën. Noag is die onskuldige offerlam wat deur die familie geoffer

word en reën bring. Die reën dui op 'n nuwe lewe en toekoms vir die Skaamfamilie op Toorberg.

Toe Druppeltjie gebore is, het hy baba-oppassers gehad omdat die Moolmans nie aan hom wou vat of na hom wou kyk nie. Abel het Druppeltjie nooit aangekyk nie, hy het hom soos 'n weggooilam op die werf geduld. Toorberg het egter vir Druppeltjie nodig gehad, Druppeltjie kon Toorberg van droogte red deur sy water-aanvoeling, maar die Moolmans het hom nie aangesien nie, hulle het nie gesien dat hy hulle van droogte kan red nie. Wanneer Druppeltjie sterf, is hy die onskuldige offerbok wat sterf om die plaas te red van droogte.

## *Casspirs en Campari's*

In 1991 het Etienne van Heerden se roman *Casspirs en Campari's* verskyn. Die roman speel af gedurende die tagtigerjare in die laaste paar jare voor die einde van apartheid in Suid-Afrika. Die roman is "'n historiese entertainment", wat dit duidelik stel dat dit handel oor die onlangse Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die roman gaan in teen die gekanoniseerde apartheidsgeskiedenis. Die noodtoestand en gemilitariseerde Suid-Afrikaanse samelewing en die trauma wat dit veroorsaak in die swart gemeenskappe, word na vore gebring in hierdie roman, maar dit word later in die tesis bespreek. Die worsteling met die verlede en die soektog na identiteit in terme van narratief en trauma word ook in *Casspirs en Campari's* uitgebeeld. Die roman speel af teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse samelewing, waar 'n advertensiefirma, ook genoem die 'liegfabriek', die taak gegee word om die staatspresident van Suid-Afrika se beeld by die publiek te verbeter, dié taak word 'sjarme' gedoop. Die top-kopieskrywer, Erwin, moet die saak hanteer, maar hy is self in opstand teen die heersende regering en die diensplig wat hy vir die regering in die plakkerskampe moet doen. Erwin wil sy waardigheid terugkry deur nie vir die staat te werk nie. Die roman bou op tot waar Erwin se vriendskap met Seun sy opstand teen apartheid versterk en hy uiteindelik teen sy opdraggewers, sy firma en die regering, in opstand kom.

Erwin is 'n skrywersfiguur wie se lewensverhaal ineenstort wanneer hy en sy vrou Hari in gevangenskap gehou word deur die regering omdat hy teen die regering

opstaan en weier om sy diensplig te doen. Erwin se gevangenskap is op sigself 'n trauma omdat hy nie kan wees wie hy wil wees nie, hy moet alles doen wat hulle vra om homself en Hari veilig te hou. Die taal van vryheid het 'n vreemde taal geword en Erwin en Hari moet 'n nuwe taal, 'n nuwe republiek vind om versoening te vind na hul trauma.

Erwin se lewensnarratief stort inmekaar en hy skep 'n alternatiewe werklikheid in sy roman om 'n nuwe lewensnarratief op te bou. Erwin is opsoek na 'n nuwe narratief wat nie inperk nie, maar vryheid gee. Hy en Hari leef in angs omdat hulle nie weet wat op hulle wag nie en hulle vrees dat hulle fisieke pyn aangedoen gaan word of van mekaar geskei gaan word. Erwin en Hari hou egter moed dat 'n nuwe toekoms op die land wag, al weet hulle dat as bevoorregte blankes hulle altyd onder die sondes van hul wit voorgeslagte sal ly. Die blanke mense sal altyd deur die onderdruktes as die onderdrukkers en leiers van apartheid gesien word totdat versoening en heling plaasgevind het in Suid-Afrika.

Terwyl Erwin in gevangenskap gehou word, skryf hy 'n roman, wat hom weer sy lewensverhaal laat opbou omdat hy bevryding vind in die skryf van sy roman. Erwin en Hari se verlange na bevryding en soektog na 'n nuwe toekoms laat Erwin 'n tonnel onder hul huis bou. Wanneer hulle uiteindelik ontsnap, lei die tonnel hulle na 'n klooster. Hier word die Rooms-Katolieke Kerk simpatiek uitgebeeld in kontras met die Groote Kerk, wat saam met die Staat gestaan het gedurende apartheid. Hier word uitgebeeld dat religieuse bevryding net plaas kan vind in 'n ander soort kerk, nie in 'n kerk van die maghebbers nie.

Die ander soort kerk verwys ook na 'n ander soort identiteit wat gestig word. Die skrywer probeer wegkom van die magbehepte spul. Wanneer Erwin uiteindelik bevry is van die maghebbers en uit die tonnel kom, los hy "'n wêreld van papier agter" (bl.636) en beland hy self in 'n roman. Die post-modernistiese idee dat alles 'n teks is, kan hier betrek word. Alles is 'n teks en mens kan nie die 'werklikheid' ken of in woorde weergee nie, so ook kan mens nie 'buite die teks' ontsnap nie. Wanneer Erwin uit die tonnel ontsnap, is die roman klaar, die skryfproses kom tot 'n einde wanneer Erwin en Hari uit die tonnel na vryheid beweeg. Dit wat die skrywer wou skryf, is geskryf, die skrywer is nou bevry van die skryfproses en die roman is uiteindelik

voltooi. Die tonnel kan ook as 'n metafoor vir Suid-Afrika gesien word, Erwin probeer van die verlede van apartheid ontsnap en is opsoek na 'n nuwe begin en toekoms vir sy familie en vir sy land, hy vind bevryding, maar net binne die teks.

## *Die stoetmeester*

*Die stoetmeester* (1993) is uitgegee gedurende Suid-Afrika se oorgangstydperk van apartheid. Die belofte van demokrasie is nog besig om deel te word van die alledaagse lewe in Suid-Afrika en die roman beeld dié oorgangsjare uit. Die teenstelling tussen blanke mense en swartmense, ryk en arm, goed en kwaad, kom duidelik in die roman voor. Ook die teenstelling tussen die soeke na 'n nuwe toekoms en die las van die verlede in die roman hou sterk verband met narratief en trauma. Die karakters is verwonde mense, deel van 'n verwonde land; albei streef na versoening in 'n moeilike tydperk in Suid-Afrika se geskiedenis. Die verwerking van trauma in die roman hou verband met temas in Van Heerden se ander romans, veral *In stede van die liefde.* Temas soos skuld, die verwonde mens, op 'n kollektiewe en 'n individuele vlak; die worsteling met die verlede en die soeke na 'n nuwe toekoms kom na vore in albei romans. Temas soos die verwerking van die verlede, transgenerasie-trauma, eenheid en versoening, floubokke, die rivier, konflik in die samelewing, plaasvervanging en trauma op die huweliksvlak kom na vore in verband met narratief en trauma.

Daar is twee moontlike reaksies op trauma, die een reaksie is versoening na trauma en die voortbeweging na 'n nuwe toekoms. Die ander reaksie is om vasgevang te bly in 'n verlede van konflik en wraak. Die roman stel hierdie twee moontlikhede naas mekaar. Dus word trauma geproblematiseer en stel Van Heerden vele vrae oor die verwerking van die verlede.

### Die las van die verlede

In die roman is daar twee karakters wat die las van hul verlede by hulle dra. Albei karakters, Seamus Butler en Ayanda Thandani, verwerk hul trauma en kies om voort te beweeg na 'n nuwe toekoms. Die trauma sal altyd deel van hulle wees, maar hulle kies om dit te konfronteer en dit agter die rug te sit.

Seamus Butler is die stoetmeester in die verhaal en die mens wat die las van sy verlede al van 'n jong ouderdom dra. Hy is in beheer van Fata Morgana en is 'n belangrike leier in die gemeenskap, maar hy is nie so in beheer soos wat die gemeenskap dink nie en ly erg aan depressie as gevolg van sy vader se selfmoord. Seamus se trauma kom vanaf 'n generasietrauma, hy dra die demone van sy voorgeslagte. Sy vader het op die ouderdom van veertig selfmoord gepleeg. "In sy hardloop voorsien die seuntjie die selfmoord van sy vader..." (bl.61). Sy vader se selfmoord spook by hom, maar dryf hom ook in die lewe. Seamus word gesien as 'n kantelbok, 'n mens wat oorrompel word deur sy trauma. Seamus voel dat hy op dieselfde pad bestem is as sy vader en hy worstel konstant met sy verlede en sy selfmoorddrang, maar hy is geestelik 'n sterker mens as sy vader en wil nie oorgee aan homself nie. As gevolg van sy vader se selfmoord het Seamus gereeld angsaanvalle wat weggesteek word van die gemeenskap en sy seun, Cawood. Seamus noem aan sy sielkundige: "die verlange na stilte, geborgenheid, na die bewussynsverlies wat Caper timidus telkens uit die skrik verlos. As ons dood is, is ons veilig, is daar vrede, is daar verlossing uit dié seer wêreld, en is ons immuun teen pyn" (bl.305-306). Die selfmoorddrang waaraan die Butlers ly kan as 'n simboliese floute beskou word, 'n verlange na die verlossing van pyn, net soos die bokke se floute hulle van die pyn van die dood verlos.

Seamus het die boom waar sy pa homself geskiet het, self gaan afsny en afgebrand. Dit bewys dat Seamus die herinneringe en las van sy vader probeer afsny. Seamus se terapeut voel dat Seamus se moeder hom nie moes verhoed het om sy vader se liggaam te sien nie, want die helingproses kon nooit begin nie. Die rouproses kom dus nooit tot 'n einde nie, en daarom het dit vir ewig 'n invloed op sy lewe. Seamus pleeg egter nie selfmoord soos sy vader nie omdat hy die stryd van oorlewing kies teenoor die uitweg wat selfmoord sou bring. "Maar ek het elke keer besef dat ek my moet losruk van die patrone van die vader; dat indien ek my eie lewe sou neem soos hý syne, ek 'n oorwinning sou skenk aan iets wat minder is as ... as die krag om aan te hou..." (bl.290).

Seamus se vader is verantwoordelik vir 'n nuwe ras bokke wat hy per ongeluk geteel het, hierdie bokke is die floubokke. Die floubokke se genetika laat hulle flou word in

gevaar, so word hulle geoffer vir die roofdiere in plaas van die ander bokke. Floubokke is dus offerbokke wat doodgaan ter wille van die res van die trop. Floubokke word 'n simbool van die Butlers, 'n simbool van swakheid, angstigheid en die onvermoë om trauma te verwerk. Sarah beskryf hierdie las: "Hul senuagtigheid is vir haar 'n bespotting... Hulle slaan neer wanneer 'n sweep klap en sy sien Seamus strompel deur die ondertuin, daar waar die vygies nog rank oor sy pa se bloedspatsels" (bl.231). Die floubokke is ook 'n simbool van redding - omdat hulle eerste deur die jagters aangeval word, word ander diere gered wat gewoonlik makliker prooi was. Soos die floubokke as 'n simbool van redding gesien kan word, kan Seamus ook as 'n simbool van redding gesien word omdat hy homself opoffer om versoening in die gemeenskap te bring. Seamus word gerespekteer in die blanke gemeenskap, maar hy breek weg uit hierdie posisie en staan saam met die swartmense sodat hulle hul deel van die olie kan kry en bring so versoening in die gemeenskap.

Soos Seamus, ly Ayanda Thandani aan die skuld van die verlede en generasietrauma. Ayanda is 'n moderne vrou wat nuwe mylpale plaas in die gemeenskap. "Toe sy hier as eerste swart dokter – en boonop 'n vrou – begin werk het, het die stadige aanpassing van die hospitaal by sy omgewing begin. Dit was asof haar koms die superintendent en sy personeel laat besef het dat hulle nie medisyne kan aanbied asof hulle in die milde suidweste geleë is nie" (bl.20). Ayanda het 'n politieke moord gesien en voel skuldig dat sy net passief gekyk het en niks daaromtrent gedoen het nie. Sy voel dat as 'n dokter, was dit haar verantwoordelikheid om die geweld te stop en iemand se lewe te probeer red, maar dit was te gevaarlik en sy sou moontlik ook vermoor word as sy die moord probeer stop het.

Ayanda kruip weg in haar werk om weg te kom van al die probleme in haar lewe: "Ek het hier gestaan," het Ayanda vertel, "en ek het na die grafsteen gekyk en gedink: jy't jouself en jou verlede onder so 'n oop grafsteen weggebêre, Ayanda. Die skande van Talmbongi wat Matanzima se mak hond is; jy het dit gebruik om jouself, dit wat jy is, te begrawe" (bl.280).

Die swakhede van haar ouers, die sondes van haar vader en die teleurstelling wat haar moeder in haar het, speel ook 'n belangrike rol in die manier waarop sy haar lewe lei en hoe sy haarself sien. "Ayanda Thandani se merkwaardigheid word verdoesel deur

die meer dramatiese figure wat haar omring: die praterige materfamilias MaNdlovu, haar tragikomiese vader, TaImbongi, daardie onwaarskynlike held, Zola die olieontdekker, en die jonge Mpho. En natuurlik – en ineens sien ek haar weer voor die naamlose graf staan – haar broer Ncincilili, die halssnoerder sonder graf" (bl.279).

Ondanks haar sukses is sy nie die perfekte dogter in haar moeder se oë nie. Sy hou nie so sterk vas aan tradisies soos haar moeder nie, en haar moeder blameer haar ook vir die dood van Ncincilili. Dus ly Ayanda aan die skuld van die verlede; die dag dat haar broer betrokke was by die halssnoermoord van 'n konstabel, spook altyd by haar. Sy voel sy het haar eed daardie dag verbreek, "God vergeef my dat ek nie vorentoe gegaan het om te keer in die naam van medelye en genesing nie" (bl.103). "Sy dra die dood van Ncincilili op haar gewete, en sy weet nie of sy die gewig daarvan langer kan verduur nie. In 'n paar oomblikke – toe daardie polisieman brandend op die teer rondkruip – is sy opgesaal met iets wat vir haar te swaar is" (bl.190).

Ayanda dra ook die verwonding van haar ouers se bakleiery by haar vandat sy jonk was. Dit is iets wat haar reduseer tot 'n jong meisie, sy voel sy kan net hulpeloos kyk hoe hulle baklei. "Mama..." Ayanda probeer keer, maar die opgedamde herinneringe uit haar kinderjare – die nagte en nagte waarin haar ouers dieselfde rusie oor en oor gemaak het – maak haar lam. As hulle so baklei, word sy tot dogtertjie gereduseer; hulpeloos, bang. Bang dat hulle uitmekaar sal gaan, bang dat hulle nie lief is vir mekaar nie, bang dat haar wêreld gaan breek..." (bl.215). "Ek kan die ou mense se bakleiery nie meer verduur nie. Hoe ouer ek raak, hoe seerder maak dit my." Siener verseker haar egter dat hulle net in ou patrone vasgeval het, "'n Mens verander moeilik gewoontes op daardie leeftyd. Al wat gebeur wanneer jy ouer word, is dat jy al meer soos jouself word; jy verloor die vermoë om met skille oor jou oë na dinge te kyk; om 'n masker te dra; om voor te gee wat nie bestaan nie" (bl.223), maar haar ouers kom tot versoening wanneer hulle saam staan in die optog teen die olie.

Ayanda is ook al deur die trauma van 'n egskeiding en sy dra swaar aan die verdriet wat hiermee gepaard gaan, maar sy noem dat die liefde 'n mens nooit heeltemal verlaat nie, al is 'n verhouding verby. Zola speel steeds, na hul egskeiding, 'n belangrike rol in haar lewe en hy is steeds een van die eerste mense na wie Ayanda haar wend as dit nie goed met haar gaan nie (bl.108). Hulle is baie lief vir mekaar,

maar hul verhouding het as gevolg van persoonlikheidsverskille nie uitgewerk nie. Toe Ayanda en Zola ontmoet, het hulle vinnig verlief geraak, maar ook vinnig besef dat hulle baie verskil. Ayanda glo daarin om mense te help en spandeer die meeste van haar tyd in die hospitaal, teenoor Zola wat sy tyd spandeer om nog geld te maak. Zola is die dromer wat hoop op 'n beter toekoms, teenoor Ayanda wat ook hoop 'n beter toekoms, maar meer realisties daaroor is en fisies iets daaromtrent doen.

Selfs na die trauma wat sy ondergaan het, beweeg Ayanda na 'n nuwe toekoms en vind sy heling. Sy bly vriende met Zola na hul egskeiding en sy kom tot versoening met MaNdlovu en die verwonding wat haar ouers se bakleiery haar aangedoen het. Ayanda tree oor grense in haar vriendskap met Siener, omdat hulle van verskillende rasse is, en dit simboliseer die beweeg na 'n nuwe toekoms sonder rassesegregasie in Suid-Afrika. Ayanda konfronteer haar verwonding en vind heling in haar lewensnarratief.

Die grensoorlog speel ook 'n belangrike rol, soos in vele ander romans van Van Heerden. Dit bepaal die manier waarop Cawood Suid-Afrika se politieke situasie beskou, "My generasie... is gewoon verveeld as julle ou mense politiek begin praat. Ons het alles al gesien. Ons moes hoor hoe die hele wêreld ons haat en ons het op julle grense teen dié haat gaan baklei. Hoeveel van ons is nie in Angola soos bokke geskiet nie" (bl.202). By Cawood veroorsaak die politiek net pyn, selfsugtigheid en wraak en hy weier om oor sy ondervinding in Angola te praat. Cawood se wraak, as gevolg van sy ouers, die politieke onreg en die oorlog in Angola, lei moontlik daartoe dat hy verantwoordelik is vir Siener se dood.

## *Kikoejoe*

Etienne van Heerden se vyfde roman, *Kikoejoe* (1996), speel af in die Karoo gedurende die somer van 1960. Die verteller, Fabian, is 'n middeljarige skrywer wat terugdink aan sy kinderjare in die somer van 1960 op sy ouers se plaas, Halesowen, in die Oos-Kaap. Die roman beeld die verlies van onskuld uit, en die verlies van harmonie. Hoe verwonding tot kreatiwiteit en verhale lei, en die konfrontasie met die psige se skadukant, word ook uitgebeeld. Fabian is die verwonde enkeling in

*Kikoejoe*, maar ander karakters wat dié somer op die vakansieoord bly, ly ook aan verwonding: Tant Geert, Pa se mannetjiesagtige suster wat gedurig reis en wat haar borste laat afsit het omdat sy moontlik borskanker kan ontwikkel, is daardie somer op besoek uit Amsterdam; dr. Clark, wat selfmoord pleeg wanneer hy jare later besef die eksperimentele LSD wat hy vir Pa voorgeskryf het, 'n fout was; Pa se broer Boeta wat van Pretoria op besoek is met sy familie en wat nooit na die toekoms kan beweeg nie, omdat hy 'n verkrampte lewe lei. Hulle besef almal hul eie verganklikheid en onvolmaaktheid. Boeta bring 'n bediende saam op die besoek, 'n beeldskone Sjona-vrou, op wie Halesowen se hoofkelner, Reuben, verlief raak. Die bediende, Tsitsi, word verkrag en pleeg dan selfmoord, en laat die raaisel oor wie die verkragter en moordenaar kan wees, agter.

Fabian ly onder die trauma van sy pa se depressie en sy ma se eensaamheid. Hy word deur sy ouers weggestoot omdat hulle te besig is met hul eie probleme om hulle aan hom te steur. Fabian se pa word behandel vir depressie en ly aan angsaanvalle, en hy is totaal en al verlore en sal nooit weer herstel van sy depressie nie. In *Kikoejoe* ly Ma, soos Fabian, aan die verwonding wat Pa haar aandoen. Sy het haar drome as aktrise vir Pa opgegee en nou sit sy eensaam gevange op Halesowen; "My is dit nie beskore nie, Fabian," sê Ma terwyl die plaat draai. "Die lewe is vliet. Die ouderdom kom skielik soos wit ryp oor die landerye. Jy dink nog dit is ver weg en dan is die winter skielik daar" (bl.81). Sy besef dat haar lewe verbygeglip het en dat sy te veel kanse verby laat gaan het. Fabian se ma is vasgevang op die plaas omdat sy haar lewe oorgegee het aan haar man en hom voltyds versorg en boonop die plaas bestuur. Sy het haar werk as aktrise opgegee om by haar man te wees en is hartseer en eensaam. Sy lewe in die verlede as aktrise om weg te kom van die neerdrukkende realiteit, en verloor so haar betrokkenheid in Fabian se lewe omdat sy spyt is oor haar lewe, al is sy steeds baie lief vir haar gesin. Terwyl sy besig is om haar eie identiteit te verloor omdat sy alles vir haar man doen, begin sy 'n buite-egtelike verhouding met die 'Veteraan' wat haar meer waardevol laat voel, maar haar eintlik verwonding aandoen omdat die 'Veteraan' 'n bedrieër is.

Fabian se verhaal is een van volwassewording, waar Fabian opsoek is na sy identiteit en sy posisie ten opsigte van die verlede. Fabian se blik op sy Karoo-jeug is "die onbehae van onverwerkte herinneringe" (bl.133). Fabian ly aan transgenerasionele

trauma; hy wil van sy ouers wegbreek, maar terselfdertyd besef hy dat hoe meer hy homself word, hoe meer word hy soos sy ouers. Al word Fabian 'n wêreldburger soos sy tant Geert, sal hy die erfenis van sy ouers oral met hom mee dra deur sy reise: "'n Mens dra jou ouers se hartseer in jou rond soos jy hulle kleur oë, hul stemval, hul hare of hul klein gewoontes met jou saamdra. Jy is daarvan nie los te maak nie. Soos jy ouer word, herken jy al meer van hulle in jou, betrap jy jouself met 'n formulering van jou moeder op jou lippe, 'n woede van jou vader in jou bors. Jy besef dat jy van hulle is, uit hulle, en dat jy, soos jy ouer word, al meer na hulle neig, dat jy al meer soos hulle word, en daarmee al meer jouself" (bl.293).

Fabian se verwonding blyk ook 'n fisieke verwonding te wees wanneer sy ouers na jare uitvind hy is blind in sy een oog. Hierdie verwonding kom na vore wanneer Fabian van 'n toring afval met Charles Jacoby se aankoms. Fabian ontdek sy eie verwonding vir die eerste keer, hy besef dat hy nie heel is nie. Wanneer hy val, kry hy seer en die fisieke pyn bring sy innerlike pyn na vore. Fabian verbeel homself dat hy op Charles Jacoby se wit perd, Valour, ry. Die wit perd kan as 'n simbool van konvensionele goedheid en ordentlikheid gesien word in terme van die redder op die wit perd. Fabian wil die redder of heldefiguur wees, maar as iemand te rein wil wees, vind daar 'n reaksie plaas en die skadukant van die mens kom na vore.

Wanneer Fabian op die toring staan, is hy hoog bo almal en kyk hy neer op hulle, hy sien homself as beter as almal wat onder op die perron staan. Die mens wat te hoog wil vlieg, wat te rein wil wees en wat alles wil sien en weet, bring die skadukant in homself na vore. Fabian wil die redder op die wit perd wees, maar die teenreaksie hierop is dat Fabian val. Wanneer hy wakker word, kyk hy op na Charles Jacoby, maar hy sien ook die monster Kikoejoe in homself, hy word weer terug aarde toe gebring. Fabian besef dat die skadukant in elke mens voorkom en dat dit altyd by mens bly, maar dat jy self kies of dit jou oorneem of nie. "Toe besef ek, daar in die donkerte agterin die Volkswagen, met die gruispad wat onder die kar rommel, toe besef ek dat die Dier my nooit sal vrylaat nie – nie terwyl ek kind is nie, nie as ek gaan leer nie – waar ook al ek op tant Geert se aanbeveling my gaan bekwaam – en nie as ek groot is, as ek Pa en Ma se ouderdom bereik nie. Hy sal my in al my dae bybly, my bewaak. Nes hy die skadu is in die lewens van almal wat ek daardie somer deur my een gesonde oog dophou, die oog waarvoor ek die Here dank, want as die

ander dood was, dan was dit net ek en die Dier in die donkerte, van nou af tot in die lengte van dae" (bl.126). Dit is hier waar Fabian besef dat hy nooit van sy skadukant ontslae kan raak nie, maar ook dat hy, met sy een gesonde oog, sy skadukant kan konfronteer en dit onder beheer hou. Fabian besef dat om van sy demone ontslae te raak hy daaroor moet kan skryf, dit is al hoe hy sy skadukant kan beheer.

Elke mens is verwond, 'n verdeelde persoon, en hierdie verwonding kan kreatiwiteit na vore bring. Kalí Tal skryf dat "Literature of trauma is written from the need to tell and retell the story of the traumatic experience, to make it "real" both to the victim and to the community. Such writing serves both as validation and cathartic vehicle for the traumatized author" (1996:17). Wanneer verwonde persone, soos Fabian, oor hul verwonding skryf, kan die skryfproses heling bring omdat die persone hul trauma in 'n narratief omskep en so struktuur en betekenis daaraan gee, wat dit uiteindelik deel van hul lewensnarratief maak.

Die skadukant kan 'n mens egter ook verwoes. Daar moet 'n balans gehandhaaf word sodat die skadukant van die mens as 'n kreatiewe uiting gebruik word in plaas van verwoestend. Die blinde oog kan as 'n oog van verwonding gesien word. Die blinde oog is 'n wond wat praat, dit bring al die pyn wat Fabian wegsteek, na vore. Die eenoog verwys na die Germaanse god Odin, die wyse eenoog, wat die god van wysheid en oorlog is. Tant Geert herinner Fabian: "Odin moes 'n oog prysgee om die wysheid te verwerf. En toe kon hy heel die wêreld deur" (bl.147). Dit beeld uit dat verwonding verantwoordelik is vir wysheid en kreatiwiteit, maar hierdie wysheid het 'n prys, en die prys is Fabian se een blinde oog. "Die wond is 'n mond wat praat" (bl.145): die fisieke wond wat Fabian se innerlike wond na vore bring, bring ook 'n positiewe kreatiwiteit by Fabian uit.

Maar transgenerasionele trauma is nie die enigste trauma wat Fabian verwond nie, Fabian se geliefde pleeg waarskynlik selfmoord gedurende hul vakansie op die Transkeise Wildekus: "daardie eerste lentedag wat van my 'n kunstenaar gemaak het, meer so as al die ander dinge wat opgedam het, daardie één oomblik" (bl.266). Die paradys word opgeroep deur sy geliefde se gewoonte om elke oggend 'n geskilde appel te eet omdat die appel as 'n simbool van die paradys uit die Bybel gesien kan word (bl.267). Dié simboliese toneel word geskep deur die geskilde appel en die

sonskynkus wat verwoes word deur die klap van 'n koeël. Fabian se paradys is verwoes na sy geliefde se dood, maar hierdie gebrokenheid lei tot kreatiwiteit. Die verwonding en verlies van heelheid het van Fabian 'n kunstenaar gemaak, dit het die skryf van verhale by hom uitgebring. Fabian se geliefde kan dus ook as 'n offerbok gesien word omdat sy haarself offer, om Fabian se kreatiwiteit na vore te bring.

Fabian is 'n skrywer, grootliks as gevolg van die invloed wat sy pa se suster, Tant Geert op hom gehad het, "Dit is my erfenis, en ek dra dit, ja, tant Geert, saam na ieder, ieder breedtegraad" (bl.193). Tant Geert het Fabian onder haar vlerk geneem toe sy besef hoe min aandag sy ouers aan hom gee. Tant Geert is 'n mentor in Fabian se lewe wat vir hom 'n nuwe toekoms bied deur hom te leer oor ander lande en die skryf van verhale, "Waar ek ook al deur stede of boeke gereis het in vanselfsprekende vervulling van tant Geert se wense om uit te reis uit die bedompige nagte van die Karoo" (bl.268). Fabian se skryf van verhale kom van wat tant Geert hom geleer het en van sy trauma wat hom die gereedskap gegee het om te skryf en wat die wond "al vertellend" heel maak.

Tant Geert ly egter ook aan haar eie trauma: sy het albei haar borste laat afsit omdat sy nie die tradisionele vrou wil wees nie. Sy het 'n deel van haar vroulikheid laat afsny omdat sy moontlik borskanker kan ontwikkel. Tant Geert pas nêrens in nie en is 'n ewige reisiger wat nooit lank op een plek bly nie. Sy het 'n lesbiese verhouding met Marge Bruwer en dit is een van die liefderykste verhoudings in die roman. Haar geliefde sterf egter in 'n motorongeluk en sy ly onder hierdie verlies. Oor verwonding sê sy aan Fabian; "Want die mens is 'n stukkende wese, die mens se lewe is die opdoen van die een wond op die ander. Later kan jou gestel die seerkry nie meer vat nie: kyk wat Van Gogh gedoen het, kyk hoe jou arme pappa rondloop met 'n pleister op sy oor. Jy knak soos my ou boet, of jy dwaal soos die majoor van hotelletjie na hotelletjie en jy kyk of jy iewers 'n ryk weduvrou kan uitslaan, jy soen langnekkaatjie, soos jou liewe mamma, of jy staan op vertrek, vertrek, altyd op vertrek" (bl.211).

Fabian verwerk sy lewe tot verhaal om die herinneringe aan sy jeug te verwerk en deur die skryfproses heling te vind. Fabian moet die verlede verwerk om sy identiteit te vind, hy sê self, " En agter elke wond skuil die sterflikheidsbesef! Maar die wond kan ook 'n geskenk wees, want dieselfde voet wat Achilles sterflik gemaak het, het

hom sy vermoëns gegee. Jy sien: Dís terapie" (bl.141). Die skryf van verhale bring heling in Fabian, maar terselfdertyd bring dit vrae na vore oor die geheue en die werklikheid, want die verhaal kon oor meer as een somer plaasgevind het, omdat taal nooit die ware werklikheid kan weergee nie. Die roman waarsku die leser al vroeg dat die verhaal nie as historiese waarheid gesien moet word nie, "Waarskynlik gaan dit eintlik maar oor vrese en hunkerings wat tot verhaal gevoer word, opgevoer ... in die herinnering aan wat dalk 'n skynsomer was, daardie Halesowen-somer op Soebatsfontein" (bl.3). Sodra 'n mens iets vertel, verander die werklikheid omdat dit uit 'n subjektiewe oogpunt vertel word. Die vertel van die verhaal is egter meer belangrik as die historiese waarheid, omdat die vertelproses weer orde en heling na Fabian se lewe bring. Fabian se innerlike wonde, sy verskeurdheid, sy onvolmaaktheid en die besef van sy eie verganklikheid, word positief omgedraai tot die skryf van verhale wat heling by hom bring.

**Reuben**

Reuben is die hoofkelner by Halesowen en kan as die swart alter ego van Fabian gesien word. Beide Reuben en Fabian is randfigure wat nie deel is van hul gemeenskappe nie. Beide karakters ly aan ontheemding deurdat hulle nêrens tuis voel nie. Reuben werk hard en kuier nie saam met die ander werkers nie en Fabian is altyd op reis. Fabian wil nie deel hê aan apartheid nie en Reuben is nie deel van die swart verset nie, daarvoor word hulle verstoot uit hul etniese gemeenskappe. Reuben wil altyd meer leer en lees alles waarop hy sy hande kan kry, hy wil wegkom van die wêreld waarin hy homself bevind. Reuben wil meer wees as 'n kelner, hy wil na die buitewêreld gaan en 'n geleerde wees wat dieselfde voorregte as die bevoorregte blanke mense het. Reuben wil nie vasgevang bly in die onderdrukte bevolking in 'n apartheidsland nie, hy streef na 'n toekoms van demokrasie en versoening.

Reuben en Tsitsi word verlief, maar hul paradys is gedoem. Tsitsi word een somersaand verkrag en pleeg later selfmoord. Die dood van Reuben se geliefde kan ook verbind word met die dood van Fabian se geliefde. Beide Fabian en Reuben se uiteindelike geluk en geliefdes word van hulle weggeneem en hul harmonie verwoes. Beide vroue kan as offerbokke gesien word omdat hulle as 'n offer dien om "vir menslike skuld te betaal en die voortsetting van die lewe moontlik te maak" (C. van

der Merwe 2006). Beide Fabian en Reuben gebruik hul verwonding en sit dit om in kreatiwiteit; Fabian se verwonding maak van hom 'n kunstenaar en Reuben se verwonding bring hom tot die besef dat hy opsoek is na 'n nuwe toekoms, 'n toekoms sonder apartheid en verwonding. "Reuben is die enigste een op die plaas wat weet hoe om die vuur te stook vir die "donkie" — die stoomenjin wat krag vir die plaas verskaf. Die donkie is simbolies van die kragtige energie uit die onbewuste: soos die skrywer hom met hierdie gevaarlike kragte besig hou en dit op 'n positiewe manier in sy kunswerk benut en beheer, beheer Reuben die gevaarlike stoomenjin" (C. van der Merwe 2006).

Reuben word vals deur die plaaswerkers beskuldig dat hy die hek oopgelaat het omdat hulle opsoek is na iemand om te beskuldig na Windpomp se moord. Die skuld val nie op die blanke boere nie, maar op die arme Reuben. Fabian se Ma staan vir hom op en beskerm hom, "sy staan voor hom met haar rug na hom en haar hande beskermend na agter... 'Niemand vat Reuben van my weg nie, niemand'" (bl.283). Ma besef aan die einde van die somer dat Pa nooit gesond gaan word nie en dat sy nie sonder Reuben sal kan voortgaan nie. Sy verteenwoordig die moeder as verlosser, 'n tipe verlossersfiguur in Reuben se lewe, net soos die moeder Maria-beeld in *Die swye van Mario Salviati* verlossing bring van verwonding in die lewe. Fabian se ma red Reuben van die woede en die fisieke verwonding wat die werkers hom sou kon aandoen na Windpomp se dood. Die roman eindig met die beskermende verlossersfiguur wat Reuben beskerm van almal op die plaas, "en sy beëindig daarmee die grootste Seisoen wat Soebatsfontein in sy dae as vakansieplaas beleef het" (bl.284).

Beide Reuben en Fabian werk met die gevaarlike skadukant van die menslike psige; Fabian gaan daarmee te werk as 'n skrywer en Reuben gaan metafories daarmee om wanneer hy met die kookwater en stoom van die stoomtenk werk; beide skadukante kan buite beheer raak en die mens oorrompel en verwoes. Die skadukant van die menslike psige kan tot die verdeeldheid van die psige lei wanneer dit nie gekonfronteer word nie. Reuben se verwonding deur Tsitsi se dood oorrompel hom en die skadukant van sy psige neem oor, dit word uitgebeeld in die "toneel van skuld, angs en woede, waarin psigiese kragte ontplof, gesimboliseer deur Reuben wat die donkie al hoe driftiger stook totdat die stoomtenk bars en kokende water oor Reuben

uitstort (bl.283) " (C. Van der Merwe 2006). Die kokende water simboliseer die Kikoejoe van die psige wat Reuben kan verwoes.

**Tsitsi se verwonding**

Die beeldskone Tsitsi Sjona word weggevat van haar tuisland om vir Boeta-hulle te kom werk as huishoudster. Sy is heeltemal alleen in 'n land waar sy nie tuis voel nie en die tale van die land nie verstaan nie. Op Halesowen word sy, soos Reuben, as "anders" gesien van die ander werkers omdat sy nie soos hulle partytjie hou nie en omdat sy in isolasie bly omdat sy nie hulle taal praat nie. Reuben en Tsitsi se verhouding word as "die mooiste liefde wat daardie Seisoen op Hotel Halesowen gemaak word" gesien, al kan hulle verhouding nooit fisiek word nie omdat hulle altyd onder die wakende oog van hul werkgewers is (bl.218). Gedurende die somervakansie word sy een nag verkrag. Hierdie skaamte en gevoel van onveiligheid is 'n trauma wat sy nooit verwerk nie en sy pleeg selfmoord. Tsitsi se verkragting beeld die swart vrou se dubbele onderdrukking, deur mans en deur die sisteem van apartheid, uit. Al word sy deur die mans begeer, het sy geen regte nie, en die mans kan met haar maak soos wat hulle wil. Haar trauma word nie as waardig gesien nie omdat sy 'n swart vrou is, "Daar is nie veel permanente skade nie, is die slotsom waartoe gekom word. Sy sal waarskynlik nie swanger word nie, sê hulle aan mekaar; sy is wel 'n bietjie geskok, maar dit sal ook mettertyd verdwyn" (bl.262). Die geweld van haar verkragting word geïgnoreer en die belangrikste vir haar werkgewers is dat sy gou weer sal kan werk. Tsitsi het geen sê in haar eie lewe nie en sy is almal se besitting om mee te maak wat hulle wil.

**Konfrontasie met die skadukant**

Die 'Veteraan' is iemand wat nie sy verwonding konfronteer nie; hy lewe in 'n fantasiewêreld oor die Tweede Wêreldoorlog, hieroor vertel hy asemrowende stories, maar hy praat nooit oor die res van sy lewe nie en so bly sy verlede 'n raaisel wat hy goed wegsteek. Die 'Veteraan' wil nie teruggaan na waar ook al hy vandaan kom nie en lewe 'n leuen op Halesowen, maar hy wen Fabian se Ma se hart met sy verhale en bring weer nuwe liefde in haar lewe. In Van Heerden se romans is die karakters wat nie eerlik is nie gewoonlik die "skurke." Die Veteraan ontken sy skadukant, maar hy

word in die slot van die roman as die verkragter uitgewys. Die Veteraan is die een wat Tsitsi verkrag het, sy skadukant het oorgeneem en van hom 'n skurk gemaak omdat hy nie die kikoejoe in sy psige gekonfronteer het nie.

Oom Boeta is hartseer oor sy broer se siekte en is vasgevang in sy lewe as bevoorregte blanke waarvan hy nooit vorentoe kan beweeg nie. Hy wil graag vir Fabian Pretoria toe vat om hom die kans te gee om vir die lugmag te gaan werk en ook om hom weg te hou van sy pa se siekte. Wanneer Fabian en sy ouers besef hy is blind in sy oog, word Fabian weereens ontnugter deur die besef dat sy groot droom nooit bewaarheid sal word nie, omdat 'n mens nie met een blinde oog vir die lugmag kan gaan werk nie.

Charles Jacoby is die redder op die wit perd, hy is die cowboy-held op sy dapper perd Valour. Teenoor die held, Jacoby, is Kikoejoe, die skurk. Die tradisionele kleure van goed en sleg word deur Jacoby en Kikoejoe verteenwoordig: Jacoby word deur lig en die kleur wit verteenwoordig in kontras met Kikoejoe wat deur donker en die kleur swart verteenwoordig word. Jacoby se perd ontsnap egter, 'n simbool van Jacoby se verlies van beheer. Hierdie verlies van beheer verwys na Jacoby wat sy skadukant ontken wat dan gevolg word deur die teenreaksie waar die skadukant van die mens oorneem. Die skadukant van die mens moet eers gekonfronteer word voordat heling kan plaasvind.

**Kikoejoe: die skuldige**

Vir die jong Fabian is die verkragter Kikoejoe, die monsteragtige dier wat die kikoejoegrasperk verwoes. In die konteks van *Kikoejoe* is Kikoejoe die skadukant van die menslike psige wat die primitiewe seksuele drang en die gewelddadige kant van die mens se psige verteenwoordig. Hierdie Kikoejoe is in elke mens aanwesig net soos verwonding by elke mens aanwesig is. "Kikoejoe" is ook 'n grassoort wat moeilik is om uit te roei, net soos die kikoejoe van die menslike psige moeilik is om uit te roei. Die mens is altyd in 'n stryd tussen die rasionele en die skadukant van die psige en 'n mens kies self of 'Kikoejoe' in die psige onderdruk word en of dit gekonfronteer en aanvaar word. Hierdie skadukant van die psige moet gekonfronteer word om verwoesting en verdeeldheid van die psige te vermy, want as dit nie

gekonfronteer word nie, sal dit die psige oorneem. Dus is dit moontlik dat almal op die plaas daardie nag simbolies vir Tsitsi verkrag het, want enigeen se seksuele en verwoestende skadukant kon oorgeneem het en vir Tsitsi se uiteindelike selfmoord verantwoordelik wees.

As die skadukant van die psige wel gekonfronteer en verwerk word, kan dit 'n positiewe element wees wat tot heelheid en kreatiwiteit lei. "Hierdie tema word op 'n simboliese manier 'verduidelik' deur die feit dat die besoekers op Halesowen oor die kikoejoegrasperk moet loop om by die ablusieblok te kom. Dit wil sê, die ontmoeting met 'kikoejoe' is noodsaaklik voordat die (psigiese) reiniging kan plaasvind" (C. van der Merwe). Wanneer mens Kikoejoe konfronteer, kan 'n mens jou verwonding, jou verskeurdheid en jou verganklikheid verander tot kreatiwiteit, soos wat Fabian sy verwonding tot 'n kreatiewe uiting verander in die skryf van verhale. Hierdie kreatiwiteit kan heling bring en die gebroke lewensnarratief weer heel maak. "Daarvan is ook *Kikoejoe* 'n voorbeeld — 'n verhaal gebore uit die menslike gebrokenheid, uit die verlange na die volmaakte, uit die hunkering na 'n verlore paradys" (C. van der Merwe).

## *Die swye van Mario Salviati*

Etienne van Heerden se roman *Die swye van Mario Salviati* (2000) sluit aan by die uitbeelding van trauma in sy ander romans: *Matoli*, *Toorberg*, *Casspirs en Campari's*, *Die stoetmeester*, *Kikoejoe* en *In stede van die liefde*. *Die swye van Mario Salviati* gaan oor Ingi Friedländer, 'n jong kunstenaar wat by 'n kunsmuseum in Kaapstad werk en wie se verhaal vervleg word met die geskiedenis van die karoodorpie Tallejare. Ingi word na Tallejare gestuur om 'n gesogte beeldhouwerk van die kunstenaar Jonty Jack Bergh te probeer koop. In die dorpie word sy egter verlei deur verhale oor Tallejare se verlede en haar nuwe vriendskap met Jonty Jack. Die verhaal volg die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf die Anglo-Boereoorlog, deur die volstruisveertydperk, die Tweede Wêreldoorlog en die koms van die Italiaanse krygsgevangenes, deur apartheid en tot by die hede waar Ingi in Tallejare aankom. In *Die swye van Mario Salviati* word temas soos die verwonde mens, die verpletterde

droom, die offerbok en die kuns as kreatiewe verwerking van trauma uitgebeeld. Die verhaal beeld ook duidelik uit hoe die verlede die hede bepaal.

**Jonty die kunstenaar**

Jonty is 'n beeldhouer wat nie glo dat hy self die perfekte beeld van Visman Steier kon skep nie. Wanneer hy met Ingi bevriend raak, verander Ingi sy perspektief van die beeld en laat sy hom besef dat hy wel die kreatiwiteit het om hierdie beeld te geskep het. Sy bring Jonty se generasie-trauma na vore en laat hom sy verlede konfronteer en tot versoening daarmee kom. Tallejare en Jonty se verlede is die inspirasie vir sy kunswerke en daarom kan hy nie die dorp verlaat nie, want sonder sy inspirasie kan hy nie kuns skep nie. Jonty besef dat hy in Tallejare hoort en dat hy nie na die stad en die kommersiële kunswêreld wil gaan nie. Jonty se kunswerk, wat 'n metafoor vir die roman is, bring al die traumas en spanninge van die gemeenskap tot uiting, maar dit word verder bespreek in die hoofstuk oor versoening.

**Ingi Friedländer en Lettie Pistorius**

Ingi Friedländer is 'n kunstenares van Joodse afkoms, sy word na Tallejare gestuur om die beeld *Visman Steier* by Jonty Jack te koop. Nadat Ingi gaan studeer het, het sy 'n vaste werk by die museum gekry omdat haar ouers wou hê sy moet 'n vaste inkomste kry. As gevolg van die druk wat haar ouers op haar geplaas het, het Ingi ophou skilder en voltyds begin werk. Die pyn wat haar ouers se druk veroorsaak het, het Ingi se identiteit en haar lewensnarratief laat verdwyn. Wanneer Ingi weer begin skilder, leer sy haarself weer ken en vind sy haar eie identiteit. Die kuns vloei voort uit 'n konfrontasie met jouself en kan net geskep word wanneer 'n mens jouself leer ken.

In kontras met Ingi is die vrou sonder gesig, Lettie Pistorius, wat nie in 'n manlike gedomineerde, patriargale samelewing toegelaat word om haar gesig/identiteit te vind nie. Lettie, Jonty se ma, sal nooit tot vrede kom nie, want GrootKarel het verdwyn en haar alleen gelos om Jonty groot te maak. Lettie was 'n baie ongelukkige vrou met die wêreld op haar skouers na GrootKarel se verdwyning. Sy het haarself uit die gemeenskap onttrek en eensaam gelewe. Lettie het nie haar trauma gekonfronteer nie en ly steeds daaronder, daarom vind sy nie rus nie en dwaal sy steeds deur die dorp.

Ingi is 'n woord- en beeldkunstenaar, en die een wat die verhaal van Tallejare by die inwoners inwin. Ingi is die verteller en gee deur haar vertelling struktuur aan die verhaal van Tallejare. Ingi kan dus die geskiedenis van Tallejare bymekaar sit, en sy verstaan die greep van die goud waarmee die inwoners van Tallejare saamleef. Die verhaal van Tallejare word vervleg met die verhaal van Ingi en wanneer sy aan die slot van die roman Tallejare verlaat, bevry sy die mense van die greep wat die goud op hulle gehad het deur die enigste kaart wat die goud uitwys, weg te gooi. Ingi beskerm die dorp van die goud en die selfsugtigheid wat daarmee gepaard gaan. Die Krugergoud sal waarskynlik nooit gevind word nie en Tallejare se bestaan sal voortgaan soos dit altyd het. Soos Christine in *In stede van die liefde*, sal Ingi ook nooit die volle waarheid weet nie en besef sy dat dit nie nodig is om die volle waarheid te ken voordat sy aan kan gaan met haar lewe nie. Beide Ingi en Christine is reg om met hul nuwe toekoms te begin nadat hulle bevry is van hul gebondenheid aan die verlede. Ingi is uiteindelik bevry van haar verwonding en verlaat die dorp sonder die beeld van Jonty Jack, nadat sy besluit het om haar werk by die museum te los en weer kunstenaar te word.

**Meerlust Bergh**

Meerlust Bergh ly aan die trauma dat hy nooit deel sal wees van die gemeenskap van Tallejare nie omdat hy van gemengde bloed is, al is hy ryk en suksesvol. Hy is 'n suksesvolle volstruisveerhandelaar en een van die voorste inwoners van Tallejare. Hy is gekwel omdat hy sy een been verloor het toe 'n leeu dit afgebyt het. Meerlust sit sy verwonding, die verlies van sy been, om tot kreatiwiteit. Hy oorwin die trauma van sy gestremdheid deur sy eksentrisiteit met sy versameling kunsbene, en hy verander dus sy gestremdheid in 'n mode-bykomstigheid. Hy oorkom ook aanvanklik sy marginale posisie deur sy volstruisboerdery, wat van hom 'n bekende en ryk man maak.

Dit is Meerlust se welgesteldheid wat lei tot sy ontmoeting met Irene Lampak. Meerlust trou met Irene, 'n beeldskone Indonesiër wat nooit heeltemal deur die inwoners van Tallejare aanvaar word nie as gevolg van haar velkleur en haar buitelandse gewoontes. Meerlust is erg getraumatiseer wanneer sy vrou hom alleen agterlaat met hul twee kinders, Karel en Edit, en sy terug gaan na haar tuisland omdat

sy nie meer in hierdie vreemde land, waar niks voor haar uitstrek, wil bly nie. Meerlust se lewe verander ver ewig wanneer Irene hom los, sy hele lewensnarratief stort in een en hy spandeer die res van sy lewe as 'n baie ongelukkige man. Meerlust konfronteer nooit volkome sy skadukant, sy trauma dat hy nooit 'n blanke mens sal wees nie. Dit lei daartoe dat sy skadukant hom oorrompel en hy sy lewensnarratief verloor. As hy sy trauma gekonfronteer het, sou hy moontlik vrede gemaak het met sy marginale posisie.

**Edit Bergh**

Edit Bergh is die "singer of opera arias" (bl.27). Edit word getraumatiseer deur haar vader, Meerlust Bergh, omdat hy haar nie so lief het soos die goud nie. Die naam 'Meerlust' beteken lus, 'n gretige lus vir meer en meer en verwys na Meerlust se hebsug vir goud en geld. Vir Edit is Meerlust iemand wat moord kan pleeg, want sy het ervaar dat hy haar amper geskiet het vir die goud. Sy voel dat haar familie van haar ontslae wil raak, omdat sy nooit goed genoeg is om deel van haar ma se modebesigheid te word nie omdat sy nie baie mooi is nie. Sy is ook, soos Mario Salviati, 'n offerbok. Omdat Edit nie deur haar familie aanvaar word nie, is sy bereid om in die klooster te gaan woon en nooit weer te sing nie. Edit se stem is wat haar uniek en spesiaal maak en sy is bereid om dit vir haar gesin op te offer deur in die klooster te gaan bly waar sy haar gesin nie meer kan teleurstel nie. Sy konfronteer die trauma wat haar ouers veroorsaak het en vind haar eie lewensnarratief. Edit voel dat sy haar liefde aan die doofstomme Mario Salviati kan gee, want hy sal haar lief hê al is sy nie soos almal wil hê sy moet wees nie, daarom offer sy haar lewe vir hom wanneer Duiwelsklap hom probeer skiet. Mario Salviati en Edit Bergh is randfigure wat as die held en die heldin van die roman gesien kan word omdat hulle hulself offer om vrede te handhaaf.

**GrootKarel Bergh**

GrootKarel Bergh se gefassineerdheid met die wet van Bernoulli lei tot groot drome en ideale van grootheid, maar sy groot droom misluk. GrootKarel se begeerte om 'n sukses in sy gemeenskap te wees ondanks die feit dat hy van 'n ander velkleur is en nie deur die inwoners van Tallejare aanvaar word nie, lei tot sy verdwyning.

GrootKarel het gevlug van sy gesin en sy dorp ná die teleurstelling van sy droom. Hy sien net die mislukking van sy groot droom en kies om eerder weg te hardloop van die konfrontasie wat daarmee gepaard gaan. GrootKarel se groot narratief het ineengestort en hy kon dit nie aanvaar nie. Terselfdertyd is sy huwelik met Lettie Pistorius besig om tot 'n einde te kom omdat hy meer belang stel in sy groot droom. Lettie gaan oorsee om weg te kom van GrootKarel, maar wanneer sy terugkom het hy reeds verdwyn en kan sy hom nie van haar swangerskap vertel nie. GrootKarel verdwyn sonder dat hy weet hy het 'n seun en sonder die wete dat Mario sy groot droom bewaarheid.

**Titelverklaring**

Die titel van die roman, *Die Swye van Mario Salviati*, kom van die hoofkarakter, die Italiaanse krygsgevangene Mario Salviati. Hy is doofstom en blind, en kan dus niks anders doen as om te swyg nie. Mario offer homself om versoening in die gemeenskap te bring deur oor die gemeenskap te waak. Hy is getrou aan sy meester, GrootKarel, en volg hom tot die einde toe. Mario Salviati hou GrootKarel Bergh se vel, wat al hoe bruiner word wanneer hy vlug, en die plek waar die goud weggesteek is, geheim, om die inwoners van Tallejare te beskerm teen die onderlinge spanninge en selfsugtigheid wat blootgestel sou word as die goud gevind sou word. Sodra enigeen naby aan die goud kom, kom die gierigheid van die mens na vore en word dit duidelik dat dit veiliger is om opsoek te bly na die goud as wat dit is om dit te vind.

## *In stede van die liefde*

Etienne van Heerden se roman *In stede van die liefde* (2005) gaan oor verwonde mense in 'n verwonde land. Die roman speel af in 'n post-apartheid Suid-Afrika, vervleg met stede van die liefde soos: Berlyn, New York en Harare. Elke karakter se lewensnarratief is versplinter, 'n verwonde mens wat op soek is na sy identiteit en na genesing, om weer geheel en al mens te word. Terwyl mens opsoek is na 'n nuwe toekoms, keer jy altyd terug na jou verlede, soos die metafoor van die duiwe wat vlieg, maar altyd terugkeer na hul tuiste. Die roman beeld die soeke na waarheid uit, maar wys ook dat die volle waarheid nie altyd gevind kan word nie. Van Heerden

beeld ook die spanning, waaronder 'n gesin in hierdie tye gesit word, uit. Die roman se oop einde beeld uit dat elke einde ook 'n nuwe begin kan wees.

Die duiwe in die roman is 'n belangrike metafoor in terme van trauma en narratief. Wanneer duiwe vrygelaat word in 'n wedren, word daar van hulle verwag om so snel moontlik te vlieg en weer terug te keer na hul tuiste. So ook beur die mens vorentoe na die toekoms, maar keer altyd terug na sy tuiste, na sy verlede, na sy identiteit. Die roman gee 'n uitbeelding van karakters wat in teenstrydigheid gevorm is: soos hulle weg gaan en vorentoe beur, keer hulle altyd terug, soos duiwe, na hul tuiste. Hierdie beweging hou ook verband met die sirkelmotief van die roman, waar die roman lineêr vorentoe beweeg, maar weer terug beweeg na die begin. Die duiwe in die roman kan ook gesien word as sleutel tot die mens, en spesifiek die getraumatiseerde mens. Soos die duif altyd opsoek is na sy tuiste, is die getraumatiseerde mens altyd opsoek na sy tuiste, na sy identiteit.

Die afbeen-duiwe van Hildegard Heuer sluit ook aan by die tema van verwonding: hulle is getraumatiseer deur iemand wat hulle verwond het. Die duiwe in hul vlug kan ook aansluit by die mens se ontvlugting na trauma, wanneer die getraumatiseerde mens van die verwonding probeer vlug. Die duiwe sluit ook by die negatiewe kant van die mens aan wanneer hulle gebruik word deur die dwelmhandelaars om dwelms te smokkel. Die duiwe is dus ook 'n metafoor vir die donker kant van die mens, die onbewuste kant waar pyn en woede is.

**Christiaan: verskeur tussen verskillende wêrelde**

Die hoofkarakter, Christian Lemmer, is deel van 'n moderne, geknelde gesin. Hierdie karakter sluit aan by karakters uit *Casspirs en Campari's* en *My Kubaan.* Sy vrou, Christine, worstel met haar verlede en hul seun, Siebert, is die partisaan van die gesin. Christian en Christine se verhouding is verwond en in vele opsigte opsoek na heling en versoening. Hulle het na Stellenbosch getrek om weg te kom van 'n gevaarlike en gejaagde lewe in Johannesburg. In Stellenbosch is Christine ook nader aan haar psigoterapeut in Gordonsbaai om die raaisel van haar verlede, wat sy nie onder woorde kan kry nie, te probeer oplos.

Christian, 'n lid van die republiek van verglyding, niks voel eg vir hom nie en hy probeer wegbreek van sy familie en lewe in Stellenbosch. Christian is 'n karakter wat vorentoe beur; as kind was hy 'n ster-atleet op die tartanbaan in Coetzenburg. Die kortafstand-wedloop, waarin Christian uitgeblink het, word 'n metafoor vir hoe Christian sy lewe lei. Hy beur altyd vorentoe na 'n doel, 'n eindstreep, waar 'n trofee op hom wag. Christian ly aan 'n gebrek aan outentisiteit, hy weet nie wie hy werklik is nie, hy is opsoek na sy identiteit in die groot stede van die liefde, maar hy besef dat hy nie die ware self kan vind nie. Sy uitkyk op die lewe verander egter deur die loop van die roman.

Daar is een wedloop wat Christian nie kan wen nie, een wat elke mens verloor, en dit is 'n resies teen die dood. Christian se vinnige lewe as oorpresteerder lei daartoe dat hy 'n hartomleiding moet ondergaan wat hom fisies en emosioneel verwond. Dié operasie gee hom 'n nuwe perspektief op die lewe en sy verhouding met sy gesin. Hy besef hoe dankbaar hy moet wees vir alles wat hy het en hoe belangrik sy gesin vir hom is, en al is elkeen van hulle verwonde mense, is hulle sy nukleêre eenheid Lemmer.

Christian se internet besigheid, Africart.com, neem hom orals oor die wêreld vir besigheid, van Berlyn, na New York en Finland. Sy reise oorsee gee hom 'n kans om weg te kom van sy benouende omstandighede in Stellenbosch en by die werk. Christian is konstant besig om te vlug van sy verantwoordelikhede tuis en sy verhouding met Christine. Nadat hy aan die begin van die roman deur die motor gejaag word, word hy vasgevang in die donker wêreld van dwelms, prostitusie en moord. Hierdie aanraking met gevaar gee Christian die vryheid wat hy gesoek het. Wanneer Christian na internasionale stede gaan vir werk, vind hy vryheid van sy verpligtinge tuis, maar hy vind telkens valse liefde op sy reise na stede van die liefde. In Berlyn ontmoet hy 'n begeerlike vrou op 'n trein. Hy is op pad na Berlyn se Huis van Wêreldkulture, die bekende "Sanger Oester" (bl.369) om te gaan na 'n uitstalling oor die 'soen', die liefdeskus. Christian voel aangetrokke tot die vrou op die trein en agtervolg haar. Christian wil ontrou wees aan Christine, maar die vrou op die trein verdwyn, en los hom alleen agter om terug te keer na Christine. Christian gaan ook na Finland vir 'n sakekonferensie, waar hy 'n ander vrou ontmoet. Hy voel aangetrokke tot hierdie vrou en hulle gaan saam na haar huis. Saam met haar neem hy die eerste keer kokaïne, maar voordat hy Christine kan verkul met hierdie Finse vrou, vlug hy,

"Dit is hoe dit gebeur het, Christine. Só het hulle my gevang. Ek is jammer" (bl.431). Die stede wat Christian besoek leer hom iets van die liefde en hy besef aan wie sy hart regtig behoort. In die stede van die liefde vind Christian aanhoudend vir Christine en hierdie stede bring vir Christian terug na Christine.

Soos Christian ontrou probeer wees aan Christine in sy ontvlugting, besef hy egter dat hy altyd na haar sal terugkeer, hy konfronteer homself en besef dat Christine sy enigste egte geliefde is. Dit is by sy skulderkenning dat Christian besef "waar die swart gat in Christine se gemoed vandaan kom" (bl.367). Soos die duiwe na hul tuiste terugkeer, keer Christian ook terug na sy vrou en kind. Christian is deels 'n versplinterde wese, maar tog bied Christine vir hom 'n "hawe", 'n tuiste om na terug te keer waar hy hom kan "anker." Christian se besef dat die liefde vir sy vrou eg en betekenisvol is, red hom van die versplintering van sy lewensnarratief.

**Die verwerking van die verlede**

*In stede van die liefde* handel ook oor die soeke na waarheid, die moontlikheid dat die volle waarheid nie gevind kan word nie en dat die pad na heling gevind kan word, al is die volle waarheid nie bekend nie. Christine is die teenoorgestelde van Christian, sy keer altyd terug na haar verlede, opsoek na haar identiteit. Sy worstel konstant met haar eie trauma, haar onpeilbare verlede. Sy is as kind deur haar biologiese ma weggestuur na 'n weeshuis omdat haar biologiese pa haar aangerand het. Christine se verlede is 'n gaping in haar lewe, "Ek het gevoel soos iemand wat nog nie is nie" (bl.450). Sy voel identiteitloos omdat sy nie haar biologiese ma kan onthou nie en dus geen familiegeskiedenis het nie. Sy is konstant besig om na haar verlede terug te keer om haar identiteit te vind en so weer 'n volledige mens te word. Christine se verhaal is ook dié van verlies, van iemand wat al die dele van die legkaart soek om dit bymekaar te bring sodat sy voort kan gaan met haar lewe, maar dit is nie moontlik nie. Christine wil terugkeer na die verlede om haar wortels te vind, maar sy besef later dat sy nooit die volle waarheid sal ken nie en dat dit nie moontlik is om al die dele van haar lewe bymekaar te skraap nie, "Dis verby, dink sy. Die twyfel is agter my. Nou weet ek finaal wie ek is. Van God en mens verlaat" (bl.508).

Hierdie soek na die verlede plaas baie spanning op Christine en Christian se verhouding. Christian is altyd besig om na die toekoms te beur, waar Christine altyd na die verlede terugkeer. “Christine se geheuebom tik stadig aan. Deur die jare in die weeshuis, uitgeplaas by verskillende peetouers; ten laaste aanneemouers wat sy voel sy kan vertrou; in hoërskool, die studiejare. Die opgrawing in Groenpunt; die geraamte met die bekkenbeen as houer van visgraatjies. Christian en Christine. Kaboem! Nee, nie kaboem nie. Kaboem hoort in die arena van Siebert se guerrilla-oorloë. Hierdie bom is eweweens 'n stadige ontploffing. Die suutjiesste geweld denkbaar” (bl.265). Christian en Christine besef geleidelik dat hulle iets van albei nodig het, hulle moet na die toekoms strewe en die verlede konfronteer om 'n sekere balans te handhaaf. “Ná Wene stoei Christian met Christine se verlede asof dit sy eie is. Hy besef dat haar onderdrukte geheue 'n simptoom is van die tye waarin hulle groot geword het. Hoeveel was nie ongesê, reeds, op hul eerste ontmoeting tydens die atletiekbyeenkoms wat tot nog 'n beker op sy rak gelei het nie?” (bl.331). Hier besef Christian dat hy nooit die volle waarheid oor Christine se verlede sal weet nie en dat hy haar trauma nooit heeltemal sal verstaan nie. Hy weet egter dat hy haar steeds lief het en bereid is om haar te ondersteun.

In Groenpunt het Christine geraamtes help opgrawe waar sy lank die skelet van 'n moeder en haar fetus bewerk het. Christine is soos die doodgebore fetus en soos sy aan die geraamte werk, werk sy aan haar identiteit, “En dis toe dat sy besluit het: ek gaan my moeder soek” (bl.459). Christine is uiteindelik gereed om haar verlede te konfronteer en haar biologiese ma te gaan soek na haar opgrawings in Groenpunt. Christine besef dat sy haar verlede moet konfronteer om weer versoen te word met haar man en seun vir wie sy wegstoot in haar worsteling met die verlede. Christine se enigste leidraad na haar biologiese ma is leë poskaarte met prente van Matjiesfontein voorop en sy gaan dan na Matjiesfontein op soek na haar moeder.

Wanneer Christine in die Lord Milner Hotel in Matjiesfontein gaan bly, word sy die “vrou van floutes” gedoop deur die dorp se mense. Christine is 'n tenger vrou wat al gedreig het om selfmoord te pleeg as gevolg van haar trauma en verwonding. Sy sien gereeld 'n terapeut in Gordonsbaai wat haar help om sin te maak van haar lewe, hy is die enigste mens met wie sy al haar probleme kan bespreek. Die verhouding tussen Christine en haar terapeut plaas spanning op Christine se verhouding met Christian

omdat hy seergemaak voel omdat sy nie alles met hom kan bespreek nie. Vir Christian is dit 'n stryd om Christine se vertroue te wen, maar hy ondersteun meer en meer vir Christine en probeer om haar na die toekoms te laat kyk en nie in haar verlede vasgevang te laat bly nie. Dus moedig hy haar aan om na Matjiesfontein te gaan nadat sy dit vir 'n lang tyd vermy het.

In Matjiesfontein vind Christine uiteindelik haar biologiese ma, Miss Edelweiss (Hildegard Heuer). Sy het Christine as jong dogtertjie, nadat Christine deur haar pa gemolesteer is, weggestuur om 'n beter lewe vir haar te gee, weg van haar biologiese pa en die klein dorpsbestaan in Matjiesfontein. Miss Edelweiss is egter nie die vrou wat Christine gehoop het sy sou wees nie. Christine is soos ander getraumatiseerde mense, altyd opsoek na haar verlede, net soos die duiwe wat altyd terugkeer na hul tuiste. Al vind Christine uiteindelik haar biologiese ma, is sy teleurgesteld en seergemaak. Christine soek na die woorde om haar trauma aan haar ma te verduidelik, maar sê uiteindelik niks vir Miss Edelweiss nie. Hierdie ambivalensie, die begeerte om haar verlede te konfronteer en die besef dat sy nooit die volle waarheid sal kry nie, lei tot die gevoel dat sy steeds nie 'n volledige mens is nie, inteendeel, sy voel heeltemal alleen. Sy besef egter dat sy tog iemand van betekenis is in Christian en Siebert se lewe, en dat sy nie heeltemal identiteitloos is nie, maar dit is steeds nie vir haar moontlik om alles aan Christian oor te vertel nie. Christine begin om Christian te vertrou, en al kan sy nog nie haar trauma heeltemal in woorde plaas nie, begin sy om hom meer te vertel. Christine het haar trauma gekonfronteer, en al het sy nie al die antwoorde gekry waarna sy gesoek het nie, kan sy aangaan met haar lewe. Sy kan haar trauma in 'n narratief begin plaas en so stadig maar seker tot versoening kom met haar verlede en die besef dat sy nooit die volle waarheid sal ken nie.

Die vrou verantwoordelik vir Christine se trauma, Miss Edelweiss (Hildegard Heuer) is ook 'n getraumatiseerde karakter as gevolg van naoorlogse traumabelewenisse. Miss Edelweiss, soos Christine, keer ook altyd terug na haar verlede om sin te maak van haar hede. Eaglejohn Fieldhouse hipnotiseer haar om haar onderdrukte geheue na vore te bring. Die trauma van verlore liefde en die kind wat sy weggestuur het spook altyd by haar. Dit word ook uitgebeeld in die leë poskaarte wat sy aan Christine stuur, sy het ook nie die woorde om haar trauma te verduidelik nie. Sy is 'n Duitser wat haar geliefde in Sylt agtergelaat het tydens die Tweede Wêreldoorlog en elke man wat sy

lief het verdwyn uit haar lewe. Hierdie traumatiese gebeurtenisse het haar lewensnarratief uitmekaar laat spat. By Edelweiss vind die omkeer van rolle plaas: sy wat getraumatiseer is, word die een wat trauma veroorsaak wanneer sy Snaartjie wegstuur net soos sy haar eie dogter, Christine, weggestuur het, om 'n beter lewe buite Matjiesfontein te vind. Snaartjie is die metaforiese plaasvervanger van Christine; 'n herhaling van patrone vind plaas by Christine en Saartjie, omdat albei deur Miss Edelweiss weggestuur word om 'n beter lewe te hê. Dit begin met die feit dat Miss Edelweiss verwerp is, haar geliefde verloor het en nou herhaal sy die patroon.

In 'n gesprek met Eaglejohn Fieldhouse, besef Christine dat dit haar verantwoordelikheid is om Saartjie te vind. Eaglejohn verduidelik aan Christine dat, "As dogtertjie moes u hiervandaan, weens die naoorlogse traumabelewenisse van u moeder, geepad. En toe u terugkom, moes 'n ander dogtertjie gaan om vir u plek te maak. Boonop met u viool. In 'n kosmiese sin is haar verdwyning dus u verantwoordelikheid. Sy is die oewerkoenyntjie, en sy's weg" (bl.434). Christine aanvaar die verantwoordelikheid om vir Snaartjie te gaan soek, maar aanvaar ook dat sy verantwoordelik is vir haar eie lewe. Hierdie konfrontasie met die verlede gee Christine haar identiteit terug en sy kan weer verantwoordelikheid vir haar handelinge aanvaar en tot versoening begin kom. Christine en Christian gaan dan op soek na Saartjie, maar die leser vind nooit uit of hulle haar vind nie. Die sikliese trauma van Christine en Snaartjie kom dus nooit tot 'n einde nie: die een traumapatroon volg in die ander een se voetspore, met Christine wat 'n positiewe ontwikkeling ondergaan, maar met die ironiese moontlikheid dat Snaartjie nooit weer gevind sal word nie.

Die spanning tussen die herhaling van 'n traumatiese patroon en die soeke na 'n nuwe toekoms, na heling, word ook deur Snaartjie se pa, Piet Windvogel, uitgebeeld. Piet Windvogel, soos Christine, is 'n karakter wat konstant na sy verlede terugkeer. Piet is 'n getraumatiseerde mens, wat sy trauma voorsit op sy dogter, teenoor Christine wat na heling opsoek is. Dit gebeur soms dat iemand wat verwond is, die verwonding voortsit, "Traumatized people relive the moment of trauma not only in their thoughts and dreams but also in their actions ... Adults as well as children often feel impelled to re-create the moment of terror, either in literal or disguised form" (Herman 1997:39). Piet onderdruk wat diep in hom is, sy pa se selfmoord en sy woede daaroor. Hy probeer om sy beheer oor die lewe terug te kry deur die verwonding wat hy ontvang

het van sy pa op iemand anders, sy dogter, uit te haal. Piet Windvogel, as 'n getraumatiseerde mens, sit die proses van verwonding voort omdat hy steeds hulpeloos voel oor sy pa se selfmoord, "Hulle sê sy pa het selfmoord gepleeg deur homself met bloudraad op te hang daar van (sic) een van die sinjale langs die spoor. Voor die tyd het hy glo vir Piet, wat toe nog 'n opgeskote seuntjie was, gestuur om die rol draad te gaan haal. Dis dié dat die man so behep is met drade" (bl.139). Piet is 'n getraumatiseerde mens wat sy trauma heropvoer en die sirkel van verwonding voortsit. Van der Merwe en Gobodo-Madikizela skryf dat: "these re-enactments manifest in acts of revenge, anger, and sometimes as violence against the self, and may seem unrelated and disconnected from the original trauma. One might say therefore that re-enactments such as acts of revenge are symbolic acts or reactions, and suggest an attempt to fill the void created by helplessness and powerlessness induced by the trauma. They continue to affect people who have suffered trauma, in part because the traumatic experience has not been fully integrated into the individual's psychic and cognitive schemas, and instead exists in fragmented and dissociated form" (2008:25). Piet het nie sy trauma gekonfronteer en dit in 'n lewensnarratief verander nie en kan dus nie tot heling en versoening met sy trauma kom nie.

Piet onderdruk baie woede en weet nie hoe om dit te hanteer nie, daarom dat hy sy hond laat baklei met ander honde. Die hondebakleiery is Piet Windvogel se woede en aggressie wat indirek na buite kom. Dit beeld ook uit dat Piet, soos Christian, 'n wenner wil wees, maar hy verloor alles wanneer hy sy dogter wegstuur. Hoe langer hy onderdruk wat diep in hom is, hoe meer val sy lewe uitmekaar en hoe meer traumatiseer hy sy dogter. Hy is ewig vasgevang in die trauma van sy pa se selfmoord. Hy is die kerk se lekeprediker, maar begin dan drink en nie opdaag vir kerk nie. Hy begin bloedgeld verdien deur sy hond in die plakkerskamp van Lagos te laat veg, iets wat eintlik 'n metafoor van homself is: hy is eintlik die een wat daar veg, hy veg met sy verlede en sy woede. Piet se trauma en sy onderdrukte woede en aggressie laat hom uiteindelik ineenstort. "Natuurlik, agterna, sou die stories opwaaier soos 'n pronkduif se stert. Piet Windvogel se groot kommer was nie sy dogter wat weg is nie, sou die giftonge swaai. Hy was oor 'n ander saak bekommerd – oor die Suiderkruisderby, die grote. En Snaartjie was sy troefkaart in die derby; vanjaar sou

hy wen, want Snaartjie was die ene agter die Windvogelswerm" (bl.74). Hy gee sy dogter weg om brood op die tafel te sit.

Die "skurke" in die roman, volgens sersant Jollies, is Piet Windvogel en Eaglejohn Fieldhouse. Die skurk/held patroon in die speurverhaal is nie heeltemal tradisioneel nie omdat die skrywer deernis het met al die karakters in die verhaal, al is van hulle "skurke." Hier verkry die misdadigers die simpatie van die implisiete skrywer, iets wat nie in die gewone skurk/held-verhale voorkom nie, al word hulle uiteindelik gearresteer. Die skadukant wat jy onderdruk lei tot valsheid en hier is Eaglejohn 'n goeie voorbeeld: hy is vals en glip van een masker na 'n ander, hy is oneg en gebruik ander se worstelinge om geld te maak. Soos die Veteraan in *Kikoejoe* nie die Kikoejoe in sy psige konfronteer nie en dit hom dan dubbel so hard terugslaan, so ook slaan Eaglejohn se Kikoejoe hom dubbel so hard terug omdat hy dit nie konfronteer nie. Eaglejohn se lewensnarratief spat dan uitmekaar en hy verloor sin en betekenis in die lewe en word gevange geneem.

**Die soeke na 'n nuwe toekoms**

In die soeke na 'n nuwe toekoms, is die getraumatiseerde mens opsoek na nuwe moontlikhede in die lewe. Die getraumatiseerde mens is opsoek na betekenis ná die versplintering van sy lewensnarratief. Viktor Frankl, soos reeds bespreek, noem drie maniere om trauma tot 'n positiewe te verander sodat heling kan plaasvind: (1) lyding moet tot 'n menslike prestasie en uitvoering verander word; (2) skuld moet as 'n geleentheid gesien word om mens self te verbeter; en (3) deur die kortstondigheid van die lewe 'n aansporing te vind om verantwoordelikheid vir jou eie handelinge te aanvaar (1984:162). Deur trauma as 'n positiewe invloed in jou lewe te sien, word dit moontlik om trauma in 'n narratief te verander en tot heling en versoening te kom. Christian verander sy ondervindings tot iets positief wanneer hy besef dat Christine sy enigste liefde is. Die verhaal van Christian en van Snaartjie Windvogel word met mekaar gekontrasteer. Snaartjie wat, soos Christian, opsoek is na nuwe moontlikhede in die lewe, plaas haarself in groot gevaar wanneer sy na die stad gaan om 'n bekende violis te word en dit is nooit bekend of sy haar ontvlugting oorleef nie. Haar droom van 'n nuwe toekoms word waarskynlik nooit verwesentlik nie.

Christian beur altyd vorentoe omdat hy weg wil kom van die benoudheid van Stellenbosch, die traumatiese hede en die ANC wat Stellenbosch oorneem. Christian soek na 'n plaasvervanging vir sy liefde vir sy gesin en vlug na Seepunt waar hy vry is om kokaïen te neem. In Seepunt het Christian die privaatheid om te doen wat hy wil, dit is 'n plek waar hy kan verdwyn. Hier in Seepunt kan Christian, in sy kokaïen-bedwelming, homself blootlê in talle briewe aan Christine. In hierdie briewe kan Christian alles vir haar sê, sonder om ooit vir haar die briewe te gee. Die internasionale stede wat Christian besoek laat hom toe om homself te vergly in ander moontlikhede. Van Heerden sê self in 'n onderhoud met Gerrit Brand vir *Die Burger*: "Die stad skryf dringender, meer onmiddellik. Stede wat in hierdie roman voorkom - soos New York, Berlyn, Wene, en so meer - is plekke met sterk, meesleurende persoonlikhede; onstuitbare energieë wat van jou besit neem. Hoe stuur jy 'n karakter deur so 'n stad? Jy laat hom los in 'n wêreld van verglyding, onvoorspelbaarheid, psigiese geweld. Jy laat die bom van die geheue suutjies ontplof. Jy saag deur die borsbeen" (2005). In hierdie stede kies Christian egter sy gesin bo kokaïen en reis.

Christian, soos Christine, is opsoek na sy eie identiteit, wat, soos reeds genoem, verduidelik waarom hy sy geheimsinnige lewe in Seepunt het. Hierdie geheimsinnige lewe dui aan dat Christian opsoek was na homself sonder Christine.

I greet you from the other side
Of sorrow and despair
With a love so vast and shattered
It will reach you everywhere
Leonard Cohen
("Heart with no companion")

Die "other side" waarheen Christian beweeg is Seepunt en die ander stede waarna hy gaan. Die "anderkant" is Christian se geheime lewe weg van sy gesin en sy beknopte lewe. Sy huwelik het beweeg na "the other side", na die "domein van skuldige waarhede buite maar ook binne die Lemmer-egpaar se oënskynlike model-bestaan op Stellenbosch" en na waar Christian vergly en verval. Hierdie "anderkant" is waar dwelms gesmokkel word, "na die buurte waar jou keel afgesny word" en na die "onderbewuste waar pyn en woede is." Teenoor hierdie "anderkant" is "hierdie kant",

"die kant van engele, van liefde en skoonheid", dit is die kant van Stellenbosch waarheen die Lemmers vlug vir 'n beter lewe. "Hierdie kant" is egter ook 'n "parodie van die hemel op aarde" omdat Stellenbosch professore bevat wat in "corridor politicians" verander het en omring is deur "liegskilderytjies van pastorale saligheid"(Britz 2005). Stellenbosch is dus nie so 'n toevlug as wat die Lemmers op gereken het nie.

Die liedjie van Leonard Cohen beskryf ook die paradoks waarin Christian homself bevind met Christine. Die paradoks in sy verhouding met Christine is 'n versplinterde liefde: soos hy van haar probeer weg beweeg, sien hy haar orals waar hy gaan. Christian keer altyd terug na Christine, al wil hy ontrou aan haar wees. Hy besef dat sy deel van hom is en dat sy hom volledig mens maak. Dit is dan waar die balans kom by Christian en Christine tussen, eerstens, terugkyk na die verlede, en tweedens, vorentoe beur na die toekom: na Christian se ontvlugting besef hy hoeveel Christine vir hom beteken en wil hy meer betrokke raak by sy vrou se worsteling met haar verlede. Hy gaan dan na Matjiesfontein om sy vrou te help soek na haar moeder en help Christine deur die helingsproses waardeur sy gaan nadat sy haar moeder gekonfronteer het.

Christian kies dus "gesinspatriotisme" teenoor plaasvervanging. Hy vind die liefde waarvoor hy gaan soek het by Christine en kies sy gesin bo die verglyding en plaasvervanging in die "anderkant." "Die gesinsomstandighede van die Lemmers, spesifiek Christine se geskiedenis as 'n getraumatiseerde weggooikind, word gespieël aan die verbrokkelende gesinslewe van die Windvogels op Matjiesfontein. Die bedreiging van die dwelmkultuur en ouers se verwaarlosing van hulle kinders is enkele van die ooreenkomste tussen die Lemmers en die Windvogels. Die Windvogels se situasie is egter uitsigloos, terwyl die Lemmers kan uitsien na 'n beter toekoms danksy Christian se standhoudende liefde vir sy vrou en seun" (Visagie 2005).

Snaartjie word met Christian verbind deur die viool, maar ook deur hul albei se soeke na die toekoms, wanneer hy afkyk uit die vliegtuig na Matjiesfontein, kyk sy op. Hierdie toneel beeld ook die kontras tussen ryk en arm in Suid-Afrika uit. Snaartjie voel ook, soos Christian, benoud in haar omgewing, Matjiesfontein, 'n dorp wat te

klein geword het vir haar groot drome. Saartjie Windvogel staan bekend as "die onpeilbare kind" (bl.180) in Matjiesfontein. Sy word die eienaar van die viool wat Siebert by die Lord Milner hotel gelos het, en haar lewe verander vanaf daardie punt. Sy word ouer en selfstandig en besef dat haar pa nie altyd reg is nie. Met Miss Edelweiss se hulp leer sy om te droom van 'n wêreld buite Matjiesfontein as 'n bekende violis. Snaartjie en Christian vlug albei weg na alternatiewe moontlikhede en plekke, maar Christian keer weer terug na sy tuiste met Christine, teenoor Snaartjie wat miskien vir ewig verlore is.

Is dit Snaartjie se pa, Piet Windvogel, se skuld, het hy haar weg gestoot? 'n Generasietrauma wat nooit opgelos is nie? Of is dit Hildegard Heuer se skuld omdat sy 'n beter lewe vir Snaartjie wou hê? Piet Windvogel dra sy trauma oor aan Snaartjie net soos sy pa sy skuld aan Piet oorgedra het. Snaartjie is 'n onskuldige slagoffer van transgenerasietrauma en sy ly onder die skuld van haar pa en Hildegard Heuer. Hierdie oordrag van trauma vorm 'n sikliese, herhalende patroon waar die getraumatiseerde mens sy verwonding oordra en so self die een word wat verwonding aandoen. Die leser sal nooit weet of Snaartjie gevind sal word nie en of sy haar drome verwesenlik.

**'n Oop einde, 'n nuwe begin**

Chris van der Merwe skryf: "In die literêre vertelling van trauma is daar verskeie verhaalpatrone tot beskikking van die skrywer om die verskillende moontlike reaksies op trauma uit te beeld. Die skrywer kan die sikliese patroon gebruik vir 'n verhaal waarin die traumatiese patroon steeds herhaal word, sonder enige vordering; of kan 'n storie vertel met 'n lineêre ontwikkeling om progressie aan te dui; of daar kan 'n spiraalpatroon gebruik word as 'n sintese tussen die lineêre ontwikkeling en die sikliese herhaling. Die verhaal kan eindig met 'n duidelike afsluiting, 'n insig as konklusie van die voorafgaande ontwikkeling; of die slot kan geen voltooiing bring nie, geen duidelike insig of sekerheid nie" (2007:107). Die slot van *In stede van die liefde* is, soos Van der Merwe noem, 'n kombinasie hiervan. Alhoewel die slot vorentoe beweeg in 'n lineêre ontwikkeling en progressie toon na heling en versoening, het dit ook 'n sirkelmotief waar die roman terugkeer na die begin.

Soos Christine na sin en betekenis soek ná die versplintering in haar lewensnarratief, wil Christian sy vrou help en gaan hy ook terug na sy verlede om sin te maak van sy hede. Die slot van die roman, waar Christian vir Christine oor sy ander lewe wil vertel, waar hy sy behoefte aan outentisiteit wil vervul, los die leser met 'n oop einde. Christian wil versoening vind deur die waarheid oor sy geheimsinnige lewe met Christine te deel, daarom bring hy haar na Seepunt. Of Christian die woorde vind om sy belydenis aan Christine te openbaar en hoe sy hierop sal reageer, sal die leser nooit weet nie. Christian en Christine het albei hul traumas gekonfronteer, maar ons sal nie weet of hulle saam versoening vind nie. Die roman beweeg in 'n sirkel terug na die begin en die leser sal nooit weet of Christine en Christian saam na die toekoms gaan beweeg nie, of hulle heling sal vind en versoen sal word nie, en of hulle weer met dieselfde probleme sal sit wat hulle aan die begin van die roman gehad het nie. Kwessies soos die onderdrukte geheue, verglyding en plaasvervangerskap vorm 'n belangrike deel van trauma op vlak van die verwonde enkeling in Van Heerden se roman *In stede van die liefde*.

## *Asbesmiddag*

Die nuutste roman uit die pen van Van Heerden, *Asbesmiddag* (2007), gee 'n ander perspektief op Van Heerden se oeuvre. In hierdie roman word trauma vernietigend: die hoofkarakter se beheptheid met sy eie klein wondjies, sy verlede en ander karakters lei tot bloed op die wit bladsy. Sebastiaan Graaff is 'n romanskrywer en Professor in Skeppende Skryfwerk aan 'n Kaapse Universiteit wat opsoek is na 'n nuwe verhaal. Hy vind sy verhaal in Guiseppe se haarsalon in die vorm van die magnaat, 'n ou jeugvriend van sy vader uit die Karoo. Hierdie jeugvriendskap het versuur nadat die magnaat, volgens die skrywer, die skrywer se pa verraai het. Die skrywer wil wraak neem deur die skryf van sy roman, maar hy vind gou uit dat ander mense die storielyn vinniger manipuleer as wat hy kan.

Die skrywer en die magnaat het albei 'n behoefte aan troos en gaan daarom na die haarsalon waar hulle kopmasserings kry. Die twee mans het verskillende blikke op die lewe: die magnaat kyk met fatsoenlikheid en die skrywer nie. Die skrywer is opsoek na weerloosheid en vind dit in die magnaat, min wetende dat hy self ook weerloos is.

Die fortuinverteller waarsku die skrywer dat hy vernietig gaan word, maar Sebastiaan is behep met die skryf van sy roman en sy eie wonde, soveel so, dat hy nie besef dat hy nie meer die verhaal skryf nie. Sy obsessie met sy skryfwerk lei daartoe dat hy mense gebruik om sy verhaal te skryf. Sebastiaan se pessimisme en selfbeheptheid lei daartoe dat die Ierse student hom los en dat hy sy greep op die verhaal verloor. Die verwonding en vernietiging van die skrywersfiguur kan verbind word met 'n oordeel oor die egosentriese karakter – hy word deur sy eie karakters vernietig. Sy selfbeheptheid lei tot die dood van die skrywer; hierdie sterwe kan egter ook 'n sterwe beteken wat lei tot heropstanding omdat die skrywer wat vernietig word die hooffiguur in die roman is.

# *Hoofstuk 3: Die verhouding tussen vader en seun*

Die verhouding tussen vader en seun kom meermale in die romans van Etienne van Heerden voor. Hierdie intense tema begin met die seun in opstand teen die vader as gesagsfiguur in *Toorberg*, *Die stoetmeester*, *Kikoejoe* en *Die swye van Mario Salviati*, en verander tot die vader wat "gesinspatriotisme" bo plaasvervanging en verglyding kies in die roman *In stede van die liefde*. In *Casspirs en Campari's* is dit die onderdruktes, as metafoor van die seun, wat in opstand kom teen die heersende vader, die politieke regering. In *Asbesmiddag* lyk dit asof die seun en die vader uiteindelik tot versoening kom, maar dan word die sirkel voltooi die seun is weereens in opstand teen die vader.

Die verhouding tussen vader en seun is baie kompleks: die vader is die een by wie die seun betekenis, outoriteit en gesag leer. Dit is deur die vader dat betekenis aan die seun gegee word en by wie die seun leer hoe om teenoor die gesin op te tree. Die vader is egter die een in Van Heerden se vroeër romans wat tekortskiet en sy skuld aan sy seuns oordra. Die seun kom dan in opstand teen die vader omdat hy die las van sy vader se skuld moet dra. Die vader, wat die seun se lewensnarratief behoort te help skep, is dan die een wat die seun verwond en sy lewensnarratief inmekaar laat val. Die skuld van die vader word van een generasie na die ander oorgedra: *Toorberg* beeld hierdie generasietrauma die duidelikste uit. Die generasietrauma kom eers tot 'n einde wanneer die stamnaam tot 'n einde kom omdat die laaste Moolmanseun onvrugbaar is.

Die verhouding tussen vader en seun is ook 'n politieke verhouding. Dit is die vaders wat die apartheidsisteem ondersteun, terwyl die seuns krities na die politieke sisteem kyk en daarteen in opstand kom. In *Casspirs en Campari's* is dit die kinders wat in opstand is teen hul ouers oor die skuld van hul voorgeslagte en die politieke situasie in Suid-Afrika.

# *Toorberg*

Die verhouding tussen vader en seun wat trauma van geslag na geslag oordra, word in *Toorberg* uitgebeeld. Dit is die dominerende vaderfiguur wat trauma veroorsaak omdat die vaderfiguur se verwagtinge so onredelik is. Die seuns moet altyd die vader se goedkeuring hê, wat konflik veroorsaak tussen vader en seuns. Die bitterheid word nooit verwerk nie en dit word oorgedra na die volgende geslagte totdat die Moolman-gesin uiteindelik tot 'n einde kom. Die volgende motto kom voor in *Toorberg*:

"Natuurlik is dit waar, en is daar ex analogia baie ooreenkomste tussen dit wat getuig word en dit waaróór getuig word, maar dan, die lewe, en die dood natuurlik ook, is tog 'n fabel wat altyd weer herhaal..."

Regter Lucius voor die Kaapse Balieraad

StamAbel is die een wat die Moolman-gesin se trauma begin wanneer hy die land koloniseer. Die Moolmans is die erfgename van Toorberg en staan bekend vir hul trots en welgesteldheid, spesifiek by die Abel Moolmans. StamAbel Moolman is die vestiger van die plaas Toorberg. Hy skep die plaasnarratief en is die kolonis wat van buite kom en die wildernis mak maak. Hy is ook 'n imperialis wat heers oor die land en sy mense, insluitende die inheemse volk. Stamabel sit sy stempel op die land met die plaas en die familie wat hy begin. Hy is die boer wat sy grond bewerk en wat glo dat sy nageslagte dieselfde moet doen.

StamAbel is baie streng met sy seuns en duld nie mense wat anders as hy is nie. StamAbel glo dat in die landskap van die Karoo familiebande eerbiedig moet word. As iemand teen die familie se beginsels opstaan, word hulle weggejaag en mag hulle nie na die plaas terugkeer nie. Volgens die Abels sluit die Moolmans nie Katolieke, Engelse, swartmense of kunstenaars in nie. Die einde van die stamMoolmans is nie as gevolg van slegte of gemengde bloed nie, maar eerder as gevolg van onreg en hebsug teenoor die Riete en diegene wat anders as hulle is. Die Moolmans word gestraf omdat hulle onreg pleeg teenoor ander, daarom is die Moolman-kinders onvrugbaar of mal. StamAbel se skuld word oorgedra aan sy nageslagte deur sy Abelseuns en maak hulle bitter. StamAbel is deels verantwoordelik vir die droogte op Toorberg omdat hy

sy eie seun verwerp wat teen sy reëls rebelleer. Hierdie bitterheid wat StamAbel aan sy nageslag oordra, veroorsaak familie-trauma wat die familie versplinter. Die Abel-seuns "re-enact" die trauma en dra dit oor aan hul nageslagte. Die trauma word herhaal en kom eers tot 'n einde wanneer die Moolman-geslag uitsterwe.

StamAbel se derde seun, OuAbel Moolman, het die plaas by StamAbel oorgeneem. Hy is 'n praktiese mens en die enigste seun wat geskik is om op Toorberg te boer. OuAbel moet swaar dra omdat hy vir die water verantwoordelik was, "Dit was die dra aan die swaar roeping wat hom, OuAbel Moolman, van vroeg af so moeg gehad het. Van jongs af moes hy die steeks grond mak kry, moes hy bid vir reën... Net hy moes StamAbel se woorde gehoorsaam: gedenk die lewe" (bl.54). Maar OuAbel besef dat die plaas tot 'n einde kom, "'n Plaas wat doodwurg, is nie 'n mooi ding om te sien nie. Iemand wat sterf, wil nie toeskouers hê nie. Daar is vernedering wanneer jy oorgaan anderkant toe, want jy moet jou dooie lyf los, al het jy hom hóé lief" (bl.155). OuAbel is hard soos sy pa, wat meebring dat die menslikheid geleidelik op Toorberg opdroog.

OuAbel en Ouma Olivier se oudste seun, De la Rey Moolman, vernoem na die veggeneraal, is OuAbel se lieflingseun en sou Toorberg erf omdat hy die oudste is. Hy stel sy pa teleur omdat hy 'n stil, senuweeagtige kind is en toe hy universiteit toe is, kom hy nie weer terug nie. Abel moes toe die plaas oorvat by OuAbel en OuAbel het titel en eienaarskap aan Abel oorgedra, dit was sy manier om De la Rey so gou moontlik "uit sy lyf te sny." Die Oog droog op wanneer De la Rey weggaan en uit die familie-testament geskryf word. Dit kan as 'n magiese teken gesien word dat die sagter De la Rey eintlik die plaas by OuAbel moes oorneem.

Die moederfiguur moet ook betrek word by die verhouding tussen vader en seun omdat sy die tussenfiguur tussen die vader en die seun is. Die moeder moet vrede hou tussen haar man en haar kinders. Die moeder is die een wat deur haar man verwond word en haar seun probeer beskerm van sy vader se verwonding. In *Toorberg* is Ella die tussenfiguur tussen Abel en DwarsAbel wat die vrede tussen hulle probeer handhaaf. Sy ly ook egter aan haar eie verwonding deurdat sy Abel as haar man gekies het en haar sielsgenoot, De la Rey, die rug gekeer het.

Abel neem die plaas by OuAbel oor, maar sy bitterheid veroorsaak dat sy nageslagte met geboorte sterf. Wanneer Ella uiteindelik aan 'n seun geboorte gee, is hy onvrugbaar en hy kan dus nie die Abel-naam voortsit nie. Abel ly ook onder die sondes van sy vader en hy is die een wat sy vader se verwagtinge dra. "Abel, waarheen gaan jy met die erwe van jou vadere? Boer jy vorentoe, soos jou vadere – of boer jy agteruit?" (bl.159). Hierdie verantwoordelikheid lê swaar op sy skouers. Hy is ook verantwoordelik vir water, maar as gevolg van die sondes van die Moolman-gesin is die land droog en is hy die een wat uiteindelik die waterkind skiet. Al wat daar dan vir die Moolman-gesin oorbly is droogte, en juis dan val die reën, die reën wat die land skoon maak van sy skuld. Die verwonding wat van generasie na generasie oorgedra word, eindig wanneer Abel die verantwoordelikheid neem om Druppeltjie te skiet – en dít bring uiteindelik reën.

## *Casspirs en Campari's*

In *Casspirs en* Campari's besef Erwin en Hari dat hulle nooit heeltemal vry van die skuld wat deur hul vaders aan hulle oorgedra is, sal wees nie. Hul soeke na 'n nuwe toekoms en hul kritiese houding teenoor apartheid is korrek, maar terselfdertyd voel hulle ook asof hulle hul ouers verraai deur teen hulle in opstand te kom.
Hari kom in opstand teen haar pa wat baie geld maak omdat hy 'n bevoorregte blanke man is en apartheid ondersteun. Sy skryf uit die gevangenis 'n brief vir hom oor die baba wat sy en Erwin gaan hê. In die brief verduidelik Hari haar opstand teen haar pa as gevolg van die politieke situasie: "Ag, Pa, ek wil net vir Pa sê dat ons situasie nie uniek is nie. Dit is universeel onder die Afrikaner-gesinne op die oomblik, dié bitter verskille oor die politiek en die gevoel van die jonges dat hulle dra aan die skuld van hul ouers. Té veel verander in een generasie. Pappa moet dit probeer verstaan – dis tog ons lewe vorentoe en ons moet dink aan ons kinders" (bl.183). Die konflik waarmee die "nuwe" Suid-Afrikaner worstel is een van skuld en opstand teen die voorvaders en die innerlike konflik wat dit veroorsaak. Die land is nog nie bevry van apartheid nie, al is demokrasie al aangekondig en so ook is die "kind" nog nie vry van die skuld van die "vader" nie.

## *Die stoetmeester*

In *Die stoetmeester* sê Seamus self dat "die afwesige vader lei tot die grootste neurose" (bl.40). Die roman beeld die onopgeloste konflik tussen vader en seun uit: tussen Seamus en sy vader en tussen Seamus en sy seun, Cawood. In albei gevalle wil die seun teen die vader opstaan en hom konfronteer, maar terselfdertyd ook aanvaar word. Seamus vind uit dat Cawood moontlik homoseksueel is, maar noem dit nie vir Sarah nie. Cawood is afwykend teenoor sy familie en is 'n slagoffer van sy vader se depressie. In plaas van om 'n sterk patriargale figuur in Cawood se lewe te wees, is Seamus 'n floubok wat steeds worstel met sy pa se selfmoord. Cawood het nie 'n vaderfiguur om na op te kyk nie en erf sy pa se generasietrauma waarmee hy moet worstel.

"Nou besef sy dat die jare van verswyging miskien die verkeerde effek op Cawood gehad het. Miskien moes sy van vroeg af oop kaarte met hom gespeel het. Maar die skade is nou gedoen; hy't grootgeword met twee werklikhede – die een wat sy en Seamus verkies het om aan hom te toon, en die tweede, wat in die sfeer van vermoedens en stilswyende waarneming lê. Miskien het Cawood nou probleme om die wesenlike van die onwesenlike te onderskei; miskien gaan hy sy hele lewe lank hierdie frustrasie ervaar omdat dinge nie die aanskyn wil aanneem wat hy daaraan wil gee nie. Miskien gaan Cawood die lewe altyd kwalik neem omdat daar die gapende wond is tussen dit wat voorgegee word en dit wat waarlik bestaan" (bl.232). As ouers het Sarah en Seamus Cawood probeer beskerm van Seamus se depressie, maar hulle besef nou dat dit hom meer skade aangedoen het en 'n gaping in hul verhouding met hom gemaak het. Cawood het besef dat daar 'n gaping is tussen die werklikheid en die beeld wat aan hom voorgehou is en kon die twee nooit versoen nie, daarom kon hy nooit liefde gee of ontvang nie. Cawood wil sy wêreld tot 'n ideaalbeeld verander, maar Seamus se depressie oefen wel druk op hom uit en hy noem aan Sarah dat "Mamma moet vir Pa sê dat die derde selfmoord-Butler – hierdie een – nie alleen gaan nie. Hy gaan ander saamvat" (bl.234).

Cawood se frustrasie en wraak hou hom vas en hy kan nie tot versoening kom nie. Sy ouers se invloed, die Butlers se depressie en angsaanvalle en die feit dat sy moeder sy

pa se depressie van hom weggehou het, het hom tot wraak gedwing. Cawood ly ook aan skuld omdat hy voel dat hy nooit goed genoeg was nie en gedeeltelik verantwoordelik is vir sy pa se depressie. Die sondes van die vader kom hier, soos in vele van Van Heerden se romans, na vore. Die foute wat Sarah en Seamus as ouers gemaak het, word aan Cawood oorgedra soos dit van Seamus se pa na hom oorgedra is.

Die grensoorlog speel ook 'n belangrike rol in Cawood se hede en die manier waarop hy Suid-Afrika se politieke situasie beskou, "My generasie... is gewoon verveeld as julle ou mense politiek begin praat. Ons het alles al gesien. Ons moes hoor hoe die hele wêreld ons haat en ons het op julle grense teen dié haat gaan baklei. Hoeveel van ons is nie in Angola soos bokke geskiet nie" (bl.202). By Cawood veroorsaak die politiek net pyn, woede en wraak en hy weier om oor sy ondervinding in Angola te praat. Die trauma van oorlog het 'n duidelike merk op Cawood gelos. Cawood ly onder die trauma van die oorlog en die regering se verantwoordelikheid daarvoor en dit bring Cawood tot wraak en selfsugtigheid. Al kom Seamus en MaNdlovu tot versoening, dra Seamus sy lot aan Cawood oor deur hom te verwerp wanneer Cawood met hom versoen probeer raak. Daar is dus nie versoening tussen vader en seun in *Die stoetmeester* nie. Cawood se wraak, as gevolg van sy ouers, die politieke onreg en die oorlog in Angola, lei moontlikheid daartoe dat hy verantwoordelik is vir Siener se dood.

## *Kikoejoe*

Fabian is in 'n stryd teen sy vader se invloed op hom, hy wil nie soos sy pa wees nie, hy wil nie deur sy verwonding oorrompel word nie, maar soos hy ouer word, besef hy dat hy meer en meer soos sy vader word en eers as hy dit aanvaar, kan hy volwaardig mens wees. Fabian het ook die "Latsky-malheid" by sy vader geërf; en soos met sy pa sal dit hom nooit los nie, "Ek voel dieselfde dors in my roer. Pa se donkerte woel in my as ek alleen op die rivierpaadjies tussen die rivierriet stap" (bl.53). Fabian se pa is steeds besig om te worstel met sy verlede en sy pa se siekte. Hy is ook deur sy vader teleurgestel: "Jy weet hoe die mansmense in ons familie is. Daar is geen keer aan hulle nie. Gruwelik liefgehê deur hul moeders en verwerp deur hul vaders" (bl.56).

Fabian se pa het nog nie die verwonding en skuld wat sy vader hom aangedoen het, gekonfronteer en verwerk nie en dra dit dus aan Fabian oor.

Fabian se pa is 'n afwesige vader in Fabian se lewe omdat hy besig is om deur sy demone oorrompel te word. Dit is dan die 'Veteraan' wat die vader se rol in Fabian se lewe wil oorneem. Die 'Veteraan' is Ma se minnaar en die een wat Tsitsi verkrag omdat die kikoejoe in sy onderbewussyn hom oorneem en hy nie sy verwonding konfronteer nie. Fabian het dus nie 'n sterk vaderfiguur om na op te kyk nie en tant Geert word die een na wie Fabian moet opkyk.

Fabian het sy ouers se eensaamheid geërf, selfs daardie somer op Halesowen speel hy op sy eie en nie saam met die kinders wat daar op vakansie is nie. As volwassene is hy opsoek na eensaamheid: "Waarom het ek in my latere lewe tant Geert se wense so vanselfsprekend op my geneem – dat ek aan die reis sal bly, altyd op vertrek sal staan, voortdurend die vreemde in, opnuut 'n nuwe soort eensaamheid aan die soek?" (bl.139).

In *Die stoetmeester* sê Seamus: "die afwesige vader lei tot die grootste neurose" (bl.40). Fabian se vader is grootliks verantwoordelik vir Fabian se neurose. Die verwantskap tussen *Die stoetmeester* en *Kikoejoe* in terme van die verhouding tussen vader en seun kom duidelik na vore, maar daar is ook een verskil. Fabian konfronteer sy verwonding en sy pa se invloed op hom en kom deur die skryf van 'n verhaal tot versoening met sy verlede, teenoor Cawood wat oorrompel word deur sy skadukant en sy vader se depressie.

"The parent is the wound" kan ook betrek word in Fabian se verhouding met Suid-Afrika, wonde word "al vertellende" heel, en so ook word die wonde van Suid-Afrika in Fabian se vertelling heel (bl.141). Hier is "die wond ook geneser" (bl.145). "Die stryd tussen vader en seun, tussen senex en puer, is deur Freud geïdentifiseer as die kern van ons kultuur. Daarom dring die Christendom aan op die helende eenheid van die Vader en sy Seun. Maar waarom dan Christus se woorde aan die kruis? Die gewonde puer?" (bl.241). Die seun sal altyd onder die invloed van die vader ly, maar Fabian besef dat sy vader en die familiegeestestoestand 'n deel van homself vorm en as hy dit aanvaar, kan hy tot selfaanvaarding kom. Die verwonding wat sy vader se

geestestoestand Fabian aandoen, word in sy skryfwerk gekonfronteer en bring versoening tussen vader en seun. Soos Fabian oor sy kinderjare skryf, word sy wond "al vertellende" heel en vind hy versoening met sy pa en sy geestestoestand.

## *Die swye van Mario Salviati*

As gevolg van Visman Steier word Jonty geforseer om sy verlede te konfronteer. Jonty lei aan generasie-trauma en is 'n kluisenaar wat in Grotkloof op Berg Onwaarskynlik woon. Hy is 'n ryk man as gevolg van sy erfenis, en is ook soos sy voorouers van gemengde afkoms, maar probeer dit nooit wegsteek soos sy pa en oupa, Meerlust Bergh, nie. Jonty het grootgeword sonder 'n pa, omdat GrootKarel Bergh na die mislukking van die blitswaterkanaal gevlug het. Jonty het grootgeword met 'n afwesige vader en sy verhouding met sy vader is een van teleurstelling omdat sy pa altyd vir hom 'n mislukking sal wees omdat hy weggehardloop het van sy probleme. GrootKarel ly ook onder die skuld van sy vader, want Meerlust het nooit erken hy het 'n bruin vel nie en dus word Karel al bruiner en bruiner, die sondes van die vader word aan die nageslagte oorgedra.

Meerlust Bergh se narratief het ook ineengestort, sy verebesigheid het misluk, maar hy het stil gebly daaroor sodat niemand sou weet van die teleurstelling van sy droom nie. GrootKarel het gevlug toe sy droom ineenstort, maar Jonty hardloop nie weg van sy verantwoordelikhede nie. Jonty wil nie soos sy pa wees nie en besluit "Ek gaan die skerpioen se rug streel" en konfronteer die skuld van sy vader wanneer hy die grot, waar GrootKarel begrawe is, besoek (bl.345). Jonty konfronteer sy verlede, die ding waarvoor hy bang is, met deernis en kom tot versoening met sy skadukant. Die sondes van die vader word hier herbesoek deur die seun. Hierdie konfrontasie met die verlede en die skuld van sy voorgeslagte, bring versoening in Jonty se lewe en maak hom sterker as sy voorvaders.

## *In stede van die liefde*

Soos Snaartjie en Christian vorentoe beur, so ook is Siebert, as 'n kind van demokrasie, opsoek na 'n nuwe toekoms. Hy het 'n nuwe manier van kyk na die

wêreld en by hom gebeur iets nuuts in kontras met ander karakters in die roman. Siebert is Christian en Christine se enigste seun en voel soms vasgevang tussen sy ouers. Christine is die tussenfiguur wat vrede probeer handhaaf tussen Siebert en Christian terwyl sy met haar verlede worstel. Siebert is die partisaan van die gesin wat verantwoordelik is vir vele opskuddings. Hy is tot 'n mate 'n plaasvervanger van Christian. Christian wil ook hê dat Siebert, soos hy, 'n ster-atleet word, maar Siebert stel nie belang nie, hy wil nie soos sy pa wees nie. "Die blootlê van wêreldbeskouings as blote "verhale" lok die verwerping uit van ideale en waardes wat op dié verhale geskoei is - soos sy seun, Siebert, en die geeks wat vir Christian werk inderdaad doen" (Burger 2005).

Gedurende Christian se vlug na die stede van die liefde, nadat hy hierdie druk op sy seun geplaas het, besef hy dat hy by sy seun moet staan en hy hom moet ondersteun in die keuses wat hy maak. Wanneer Siebert geblameer word as die skool se kuberkraker, draai hy om en blameer sy ouers. Christian staan egter op vir sy seun in die skoolsaal, wanneer die skoolhoof eintlik 'n slegte voorbeeld van Siebert wou maak. Daar is 'n verandering in die verhouding tussen vader en seun vanaf Van Heerden se vroeër romans, soos *Toorberg* en *Die stoetmeester*, waar die seun in opstand is teen die vader: hier staan die vader op vir die seun. Hier word die vaderfiguur simpatiek uitgebeeld as gesagsfiguur. Teenoor Van Heerden se ander romans waar die seun verwond is, is dit die vader wat *In stede van die liefde* verwond is.

Christian besef die foute wat hy gemaak het en bewys aan Siebert dat hy hom lief het en dat hy nie sy skuld aan sy seun wil oordra nie. Christian wil nie vir Siebert verder verwond nie omdat hy wil hê dat hulle tot versoening moet kom. Christian ondersteun Siebert, in plaas van om kwaad te word vir sy seun, en hy gee hom die vryheid om te vlieg. Hier is dus 'n versoening tussen vader en seun.

## *Asbesmiddag*

Sebastiaan Graaff wil aanvanklik sy vader verdedig, maar hy kan nie, omdat sy vader hom teleurgestel het. Sebastiaan worstel met die vraag of die magnaat regtig sy

jeugvriend, Sebastiaan se vader, verontreg het. Sebastiaan is opsoek na 'n vaderfiguur in die magnaat: hy soek die magnaat se aandag en sy goedkeuring. Sebastiaan konfronteer nie die teleurstelling wat hy in sy vader het nie en die seun kom weereens in opstand teen die vader. Ook die magnaat, wat met deernis uitgebeeld word, stel hom in 'n mate teleur deur nie die vader te wees waarna hy op soek is nie. Hierdie sirkelpatroon beweeg weer terug na die seun se opstand teen die vader en die skuld wat die vader aan hom oorgedra het in Van Heerden se vroeër romans.

Die verhouding tussen vader en seun kan weereens uitgebrei word na die oedipale verhouding met instansies en die land. In *Asbesmiddag* word die landskap, die skrywer se familieplaas, verkoop as 'n kommoditeit. Die skrywer besef dat sy herinneringe vir die magnaat 'n kommoditeit is wanneer die magnaat die plaas koop. Terselfdertyd is die verskeurde land besig om sy geskiedenis te verkoop as 'n kommoditeit – die land het nog nie heeltemal die verskeurde verlede gekonfronteer nie en is besig om daardeur oorrompel te word in die soeke na ekonomiese rykdom.

Die skrywer se ma beeld menslikheid uit in die roman, sy is die een wat sy kop streel, en die vader is die een teen wie ingeskryf moet word. Die skrywer is in 'n oedipale verhouding met sy vader en die magnaat; beide dien as 'n vaderfiguur. Die skrywer se vaderwoede word op die magnaat oorgeplaas en hy probeer wraak neem op hierdie "vader." "Dié protagonis... betree hier die huis van die antagonis, duidelik gebaseer op die beroemde sake-magnaat Anton Rupert. Die skrywer word uitgebeeld as 'n kritiese waarnemer en 'n fantas, gewikkel in 'n stryd met homself en met sy omgewing. Vanuit 'n Freudiaanse perspektief is hy 'n seun-figuur met 'n moederverlange en 'n kompleks oor sy mislukte vader, wat as kind in die Karoo die bloedbroer was van die latere magnaat. Die ou heer met hoop vir Afrika, ook bekend as 'die Doktor', verpersoonlik die toppunt van patriargale mag, rykdom, idealisme en persoonlike verfyning uit die geledere van die ou Boere-adel. Met sy kankerverwekkende asbesmyne het die magnaat egter sy empire gebou "op die beskadigde longe van vele dooie en sterwende mans" (Britz 2007). Dit gee die skrywer die kans om die mislukkings van sy biologiese vader te wreek met 'n roman oor hierdie simboliese supervader van Stellenbosch, 'n "man wat saam met konings kuier" maar nou die einde van sy kragte bereik het. Wie die Oedipale stryd uiteindelik wen, in morele opsig, word uitgestel tot die einde van die roman" (Britz 2007). Die

opstand teen die vader is kreatief, maar uiteindelik selfvernietigend en geen versoening vind tussen vader en seun in *Asbesmiddag* plaas nie.

# *Hoofstuk 4: Verskeurde land*

Kollektiewe narratiewe word saamgestel uit verskeie individuele narratiewe. Teenoor die trauma van die verwonde enkeling besit die verskeurde land 'n trauma op die vlak van die samelewing. Soos met die verwonde enkeling laat trauma die lewensnarratief ineenstort met die verskeurde land, maar op 'n kollektiewe vlak. Die land word getraumatiseer en verloor sy kollektiewe identiteit. In die verskeurde land moet daar, soos in die verwonde enkeling, gekyk word na die aard van die wond, wie of wat die wond veroorsaak het en die proses van verwonding. Die verskeurde land worstel met 'n traumatiese verlede waar die skadukant van die land deur die samelewing gekonfronteer moet word om tot versoening te kom.

Voor 1994 het Suid-Afrika uit verskillende kollektiewe narratiewe bestaan: daar was die meesternarratief van apartheid en die kontra-narratief van die vryheidstryd wat in opstand was teen die meesternarratief. Dit was die 'ons' teenoor die 'hulle' gedurende apartheid, maar ná 1994 het die meester- en die kontra-narratief hul betekenis verloor omdat die land 'n demokrasie geword het en daar nie meer 'n 'ons' en 'n 'hulle' was nie. In die verskeurde land is die ou meesternarratief nie meer van toepassing nie en word dit afgebreek – die ou narratiewe van apartheid en die vryheidstryd word ondermyn, maar is terselfdertyd nog deel van mense se psiges. Die situasie in die land het nie oornag verander nie en mense leef nog met die óú kollektiewe narratiewe in hul koppe en harte, wat dit moeilik maak om inklusiewe kollektiewe narratiewe vir Suid-Afrika te vorm, en daarom bly ons in 'n verskeurde land. Van Heerden beeld hierdie verskeurdheid, voor en na 1994, in sy romans uit.

Die kollektiewe trauma wat Suid-Afrika ondervind en waaroor Van Heerden skryf, is die verskeurde land as gevolg van kolonisering en apartheid. Daar word in Van Heerden se romans gekyk na die trauma wat apartheid op 'n individuele en kollektiewe vlak veroorsaak. Die individuele trauma is ingebed in die kollektiewe geskiedenis en trauma moet op individuele en op kollektiewe vlak gekonfronteer word om versoening te bring. Die Afrikaner-Nasionalistiese mite word deurlopend afgebreek in Van Heerden se romans om die trauma van apartheid oop te vlek, sodat die leser met 'n kritiese oog daarna kan kyk. In Suid-Afrika word daar konstant met

die verlede geworstel. Die ideologiese en fisiese grense van apartheid is in die samelewing se geheue ingebed en moet gekonfronteer word sodat hierdie grense oorgesteek en verskuif kan word.

Die uitbeelding van die "Ander", die "kleurlinge" en swartmense, lewer ook kritiek op apartheid in Suid-Afrika in Van Heerden se romans. Rassuiwerheid word geproblematiseer in *Kikoejoe* wanneer tant Geert uitvind dat daar slawebloed in hul familie is. Ook in *Toorberg* is die Moolmanbloed nie suiwer nie en is daar gemengde verhoudings, soos met Floors en Ouma Kitty Riet. Die soeke na 'n nuwe toekoms in Van Heerden se romans beeld die einde van blanke oorheersing uit. Soos die blanke ras verander, sal die blank-gesentreerde ideologie uitsterwe en plek maak vir nuwe stemme, vir gemengde, multikulturele en kreatiewe rasse. Hiermee suggereer Van Heerden dat die toekoms van Suid-Afrika by die "Ander" lê. In *Die stoetmeester* is MaNdlovu in opstand teen die apartheidsregering en is sy die een wat die Civic se organisasie lei. Die "Ander" word hier as meer selfstandig uitgebeeld. Dit is duidelik dat die politieke situasie in Suid-Afrika aan die verander is en dat die tradisionele verhouding tussen onderdrukker en onderdrukte besig is om te verander. Die onderdruktes is besig om hul eie stem te ontwikkel, soos wat reeds in *Toorberg* te voorskyn kom.

Saam met die verandering in die siening van die "Ander", het die siening van die vrou as die onderdanige verander in Van Heerden se romans. In vroeër Afrikaanse romans is die vrou meestal uitgebeeld as onderdanig en is sy deur die man gedomineer. Soos die mans die land gekoloniseer het, het hulle ook die vrou gekoloniseer. Die vrou was die moederfiguur wat haar man moes ondersteun. Die vrou het slegs 'n gemarginaliseerde rol in vroeër romans gehad, maar in van Heerden se oeuvre is dit duidelik dat hierdie rol aan die verander is.

In Van Heerden se romans begin die vrou 'n eie stem kry en word sy onafhanklik van haar man. In Van Heerden se vroeër romans, soos *Matoli* en *Toorberg*, is die vrou steeds deur die man gedomineer, maar in *Die stoetmeester* word hierdie tradisionele rol omgekeer en is die vrou die een wat leiding neem. Hier word die vrou uitgebeeld as onafhanklik van haar man en haar identiteit. Ook in *Casspirs en Campari's* het die

vrou 'n sterker rol as in Van Heerden se vroeër romans. Erwin is afhanklik van Hari om sy roman te skryf en so bevry te word.

Soos die "Ander" opsoek is na hul betekenis in 'n verskeurde land, so ook is die res van Suid-Afrika opsoek na betekenis ná apartheid. Primo Levi herinner ons dat "the search for meaning is not merely a personal matter, but one that involves the building of a society that allows and encourages ethical behavior" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:17). Die prosesse van onthou en vergeet gee vorm aan ons individuele en kollektiewe identiteit en geheue. Hoe word 'n land of groep mense weer heel na trauma? Kollektiewe narratiewe bestaan uit verskillende individuele narratiewe en elkeen van hierdie individuele narratiewe moet versoen word voordat heling plaas kan vind. Dit is egter 'n moeilike proses om 'n land weer heel te maak. Die traumatiese geheue van 'n land moet gekonfronteer word en die skuldiges se menslikheid moet na vore gebring word sodat vergiffenis en uiteindelik, versoening en heling kan plaasvind.

Om 'n waardevolle narratief van ons lewens te vorm, moet ons pyn ondergaan – "the pain linked to personal growth, the pain of being conscious of others' suffering, and the pain of sacrifice for the sake of the needy in the community. For the healing of individuals and societies, it is necessary to fight against 'oppressive suffering', but to accept 'redemptive suffering'" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:22). Ons moet pyn ondergaan voordat ons regtig 'n betekenisvolle lewensnarratief kan skep wat deel word van die groter narratief van die samelewing. As ons self pyn ervaar het, kan ons ons met ander mense se pyn vereenselwig en so 'n wedersydse band van vergiffenis en heling vorm. Om hierdie pyn te konfronteer, moet ons die skuldiges, mekaar en onsself vergewe en die traumatiese verhale van die verlede moet 'n stem kry sodat versoening kan plaasvind. "Narrating individual and collective trauma is essential for describing the past" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:32). Publieke plekke moet "intimate spaces" word sodat mense oor hul trauma kan praat en individueel heling vind en vergiffenis op 'n kollektiewe vlak kan plaasvind (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:47).

Die trauma in Suid-Afrika se post-apartheid kultuur moet gekonfronteer word om heling te bring in 'n steeds gefragmenteerde land. Kollektiewe skuld moet

gekonfronteer word en daar moet om verskoning gevra word sodat iemand skuld kan erken en vergiffenis plaas kan vind, sodat die foute van die verlede gekorrigeer kan word en versoening 'n moontlikheid kan word om die oneindige sirkel van geweld te stop. Kirby Farrell skryf dat 'n post-traumatiese kultuur "registers the dissonance – the shock – of meeting long-denied realities that threaten our individual and collective self-esteem" (1998:15). "What is necessary, therefore, is finding a new language that will bring us together – the language of forgiveness," sodat die taal van wraak en woede tot 'n einde kan kom (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:49). Die taal van vergiffenis verander die manier waarop ons met trauma te werk gaan en bring die slagoffers en skuldiges van trauma nader aan mekaar en so nader aan versoening. Hierdie moeilike proses om tot versoening te kom in 'n verskeurde land, voor en na apartheid, word deur Van Heerden uitgebeeld in sy oeuvre. Van Heerden wys hoe na versoening aan verskeuring lê en hoe moeilik dit is om die traumatiese verlede te konfronteer.

Van Heerden gaan te werk met die problematiese verlede en herskryf identiteit op kollektiewe vlak. Van Heerden is aktief besig met die verwerking van die verlede en breek ou simplistiese idees van reg en verkeerd af. Individuele en kollektiewe narratiewe van trauma word uitgebeeld in Van Heerden se romans, met die fokus op die skuld van die verlede. Met die skuld van die verlede verwys ek na die skuld wat die "vaders van die volk" aan die land oorgedra het. Die "vaders" het die land beduiwel met hul apartheidsregering en het hierdie skuld aan hul "seuns" oorgedra wat in opstand daarteen is. Die samelewing dra die skuld van die apartheidsregering as gevolg van gruweldade wat gedurende apartheid plaasgevind het. Hierdie traumatiese gebeurtenisse in Suid-Afrika se geskiedenis en die verwonding wat dit die land aangedoen het, word deur Van Heerden in sy romans uitgebeeld: blanke oorheersing lei tot Matoli se dood in *Matoli*; die Abels se oorheersing en onregverdigheid teenoor die onderdrukte Skaamfamilie word uitgebeeld in *Toorberg*; apartheid word afgebreek en gekonfronteer in *Casspirs en Campari's*; Suid-Afrika is in sy oorgangstydperk van apartheid na demokrasie in *Die stoetmeester*; die onregverdighede van die wit mag word in *Kikoejoe* gekonfronteer; kolonialisme, die Boereoorlog en Verwyderingstraat beeld die skeiding tussen mense in Suid-Afrika se geskiedenis uit in *Die swye van Mario Salviati* en die verwerking van die verlede word op die voorgrond gestel in *In stede van die liefde*. Hierdie traumatiese

gebeurtenisse in Suid-Afrika se geskiedenis word nou verder bespreek in terme van narratief en trauma.

## *Matoli*

Etienne van Heerden se eerste roman, *Matoli*, het in 1978 verskyn. Hierdie roman wys vooruit na Van Heerden se roman *Toorberg* en die temas wat daar uitgebeeld word in verband met narratief en trauma. Die tema van die blanke se oorheersingsnarratief wat tot 'n einde kom, soos wat in *Toorberg* uitgebeeld word, is duidelik in *Matoli* ter sprake en die verhouding tussen wit en swart rasse aan die einde van apartheid word op die voorgrond gestel in *Matoli*. Die roman speel af op die plaas Donkerhoek wat aan die blanke seun, Kobus, se pa behoort met die kwedien wat op die plaas vir die 'wit baas' werk.

Die geweer wat Kobus by sy pa gekry het om mee te skiet kan as 'n metafoor gesien word vir blanke mag. Die geweer gee die blanke mense die mag en laat hulle oor die swart mense regeer omdat die swart mense nie gewere mag hê nie. Die vriendskap tussen Matoli, een van die kwedien kinders, en Kobus verander drasties gedurende hierdie tyd. Matoli is jaloers omdat Kobus 'n geweer het en dit hom die leier in die vriendekring maak. Matoli gaan dan in teen hierdie magsbeheer deur 'n geweer te steel en teen Kobus en die blanke heersers op te staan. Wanneer Matoli die mag het omdat hy 'n geweer het, is Kobus sy onderdanige. Hierdie verandering in magsbeheer voorspel die nuwe toekoms wat op Suid-Afrika na die einde van apartheid wag. Die stryd om mag word aangetoon deur Matoli wanneer hy die ligte-enjin afsit wat krag aan Kobus-hulle se huis gee, dit is sy manier om die blankes magteloos en vreesbevange te maak. So ook gebruik Matoli die gebeurtenis by die rivier, waar Kobus vir Notiti kaal sien swem het, teen Kobus en pers hom daarmee af. Matoli het vir Kobus die naam 'Umzingeli' gegee, 'n naam wat hom deel maak van die kwedien se speelgroep. Kobus se kwediennaam word later deur Matoli van hom weggeneem en Matoli noem hom dan 'Witkind'. Die las van die verlede, dit wat apartheid aan die wit nageslagte oorgedra het, kom duidelik na vore by Kobus, wat nie deel van die oorheersers is nie, maar aanvanklik as een gesien word deur die kwediens. Kobus word nou nie meer as 'n vriend gesien nie, maar as die vyand, een van die wit base wat die swart mense beheer en regeer.

Kobus is 'n karakter wat nie heeltemal by die witmense of die swartmense inpas nie. Hy is bevriend met die swart kinders en neem nie die rassistiese houding van sy voorgeslagte oor nie, maar word deel daarvan as gevolg van sy etnisiteit. So ook pas Bonakele nie heeltemal by die swartmense of die witmense in nie. Bonakele is die 'witswarte', soos Matoli hom noem. Bonakele is goed bevriend met Kobus en is deel van die kwediens, maar hy word deur Matoli-hulle weggestoot omdat hy aan albei kante behoort.

Die randfigure Bonakele en Kobus kan nie een heeltemal in opstand kom teen die ou narratief van blanke oorheersing nie. Hulle kan ook nie deel word van die nuwe narratief van swart verset nie. Hulle word verskeur tussen swart verset en blanke oorheersing omdat hulle van mekaar geskei word as gevolg van hul velkleur en elkeen word deel van hul eie etniese groepe. Die trauma waaronder hulle ly is dat hulle magteloos is om hul eie individuele narratief te skep, 'n narratief wat nie deel is van die swart verset of dié van blanke oorheersing nie. Die narratief van apartheid is verantwoordelik vir die trauma wat hierdie twee seuns ondervind, hulle word die meeste verwond omdat hulle vasgevang is in die stryd tussen die onderdrukkers en die onderdruktes.

Matoli word verneder deur die blanke heerskappy; hy mag nie 'n geweer hê nie, want hy is 'n swart mens wat geen mag gedurende apartheid het nie. Hierdie magteloosheid veroorsaak dat Kobus die leier van die vriendekring is en Matoli geforseer word om deur 'n wit mens gelei te word, al is hy die eintlike leier van die vriendekring. Hierdie vernedering veroorsaak dat hy verwond word deur die gevolge van apartheid en dat hy teen die wit oorheersers opstaan. Matoli se opstand lei uiteindelik tot sy dood omdat Kobus nie vroeër die waarheid aan sy pa vertel nie en Matoli vir alles geblameer word. Matoli leef egter voort in Notiti en die res van sy vriendekring, wat na sy dood deur Bonakele gelei word en Kobus besef dat hy nooit vry van Matoli sal wees nie. Kobus se skuld, die skuld wat hy van sy vader ontvang het, en die skuld wat hy oor Matoli en Notiti voel, is ook 'n vooruitwysing na wat later in Suid-Afrika 'n realiteit sal word. Die Matoli's, die swart verset, sal in opstand kom teen die apartheidsregering en 'n nuwe toekoms sal aanbreek. Soos Kobus se skuld hom

oorneem, sal die Afrikaner ook deur sy skuld gekonfronteer word wanneer apartheid tot 'n einde kom.

Die swart kinders staan op teen die wit mense deur terug te vat wat deur die wit mense van hulle weggeneem is. Die swart kinders wil wraak neem op die wit mense vir die geskiedenis van onderdrukking en mishandeling gedurende apartheid. Wanneer Matoli geskiet word, trek die kwediens weg van die plaas en Bonakele neem Matoli se plek as leier van die kwedien kinders in. Hy is die een wat die kinders lei om teen die blanke narratief van oorheersing op te staan en om verandering te bring.

Die blanke mense se ou narratief van blanke oorheersing is besig om ineen te stort en 'n nuwe era van demokrasie word aangekondig, maar is nog nie 'n werklikheid nie. Geen versoening kan plaasvind nie omdat apartheid steeds voortleef; die blanke mense is steeds die oorheersers en die swartmense is steeds diegene wat oorheers en gemarginaliseer word. Die hoofkarakters, Kobus, Matoli en Bonakele, is verwonde kinders in 'n verwonde land wat ly onder die sondes van die verlede. Hulle kan nie voortbeweeg na 'n nuwe toekoms van demokrasie nie omdat hulle steeds gemarginaliseer word as deel van hul etniese groepe. Die kinders bly vasgevang in die verlede van konflik en wraak sonder dat hulle deel daarvan wil wees. Daar vind geen versoening in die roman plaas nie, omdat Van Heerden net sy vinger op die wond lê, maar nie 'n oplossing vir die trauma en verwonding gee nie. Die skrywer wys die probleem aan die leser en vra dat die leser op die probleem reageer.

## *Toorberg*

*Toorberg* bou voort op *Matoli* in die uitbeelding van die problematiese verhouding tussen die blank en swart rasse. Die skuld van rassisme en onderdrukking kan daartoe lei dat die blanke ras in Suid-Afrika uiteindelik sal uitsterf, soos die onvrugbare Moolmans in *Toorberg*. Teenoor die Moolmans, wat swaar aan hierdie las dra, is die Skaamfamilie, die "kleurlinge", wat vrugbare afstammelinge het om hul familienaam te dra. Die sonde en kollektiewe skuld van die verlede, waar die "Ander" misbruik en deur rassisme onderdruk is, word op die voorgrond gestel en boetedoening word

uitgebeeld deur die einde van die Moolman-familie. Druppeltjie is die offer wat gegee word, wat sterf om die sondes van sy voorgeslagte te beëindig.

*Toorberg* beeld die moontlikheid uit dat generasies se sondes op mekaar kan bou, oorgedra word en saam verantwoordelik kan wees vir die uiteindelike dood van 'n jong seuntjie. Die moontlikheid bestaan dat nie net een persoon verantwoordelik is vir Druppeltjie se dood nie, maar eerder dat 'n familie en die politieke situasie oor generasies heen, saam verantwoordelikheid dra aan die skuld van Druppeltjie se dood. Dit word gesuggereer dat daar geen oplossing is vir die raaisel van Druppeltjie se dood nie en die enigste ding wat gedoen kan word, is om die skuld van die verlede te verwerk en versoening te vind.

Die dood van Druppeltjie is 'n intensivering van die trauma en verlies van die verlede. Die krisis wat deur generasies al opbou, word nou blootgelê. Die geleidelike ontwikkeling van 'n krisis kom tot 'n hoogtepunt met Abel se dood, waar daar uiteindelik versoening kan plaasvind en trauma verwerk kan word. Dit bring oordeel sowel as bevryding by die nageslagte van die Moolmans en die Skaamfamilie onderskeidelik. StamAbel se sondes gaan uiteindelik op sy nageslagte oor; die Moolman-stam eindig met die onvrugbare DwarsAbel, maar die Skaamfamilie leef voort met hul vrugbare nageslagte.

As die lewe 'n potensiële verhaal is, soos Ricoeur gesê het, en 'n verhaal samehang aan die lewe gee, laat trauma hierdie verhaal ineenstort, en as 'n verhaal verlore gaan, gaan identiteit ook verlore en is die getraumatiseerde persoon identiteitloos. Hierdie lewensnarratief kan ook op 'n groter skaal geplaas word en 'n meesternarratief word, waar 'n nasionale narratief soos die Afrikaner-narratief doel gee aan die Afrikaners as 'n gemeenskap. In *Toorberg* kan die Moolman-gesin as 'n metafoor vir die Afrikaner gesien word. Dit is Toorberg en die Moolmans wat verantwoordelik is vir die rasseskeiding en onderdrukking en dit is hul sondes wat gestraf word om 'n nuwe toekoms moontlik te maak. Die einde van die Moolmans dui die einde van blanke oorheersing aan en die begin van die "Ander" wat 'n eie stem kry deur Pastoor Oneday Riet.

Chris van der Merwe skryf: "Die geskiedenis van die Moolmans kan gelees word as die geskiedenis, in beknopte vorm, van die Afrikaner, vanaf sy vroeë pionierslewe waarin hy die wildernis makgemaak het, tot die tagtigerjare toe blanke soldate in militêre voertuie die "townships" gepatrolleer het. Die roman het iets van 'n allegorie, 'n verhaal met 'n dubbele betekenis, waarin die karakters nie net indiwiduele persone is nie, maar ook tipes in die samelewing verteenwoordig — byvoorbeeld die geharde boertipe, die vuurvreter-nasionalis (Soois), die geleerde (Lucius), die sensitiewe kunstenaar (Andreas), die denker en non-konformis (De la Rey), die bevrydingsteoloog (Oneday) en die gedomineerde Afrikanervrou (Ella). Die Abel-karakters is almal harde heerserstipes wat die geskiedenis domineer. Die Bybelse Abel was die uitverkorene, die een wie se offer deur God aanvaar is (Genesis 4); sy broer, Kain, was 'n moordenaar wat die vloek van God gedra het. Op *Toorberg* is die blankes, onder die leiding van Abel, die bevoorregtes; die bruinmense is (in die woorde van die digter S V Petersen) die "kinders van Kain". Die Moolman-geskiedenis word, oor die geslagte heen, toenemend gekenmerk deur onverdraagsaamheid en rassisme; daardeur bring hulle op hulself 'n las van morele skuld, en die oordeel van God" (2000).

Suid-Afrika word uitgebeeld as 'n nasie in trauma, 'n nasie in droogte. Die skuld van die Abels het hierdie droogte oor die land gebring en dit is Abel wat die verantwoordelikheid vir Druppeltjie se dood dra, maar Druppeltjie se dood bring water en versoening op Toorberg.

**Skaamfamilie**

Die Skaamfamilie het nie hul eie narratief nie, hul narratief kom van die Moolman-narratief. Die Skaamfamilie se narratief is afgelei van die meesternarratief wat uitgeleef moet word. Die trauma van die Skaamfamilie kom van die meesternarratief waar hulle uitgewerp word. Die Skaamfamilie kan geen narratief van hul eie ontwikkel nie, omdat hulle nie 'n stem gegun word nie.

Pastoor Oneday Riet verteenwoordig die Skaamfamilie se hoop op geleerdheid. Hy is Oneday genoem deur sy pa, want 'eendag is eendag, dan sal geregtigheid geskied'. Dit was Oneday se pa se wens dat sy kinders sal uitstyg bo die armoede van die

Stiefveld. Oneday was die eerste wat kon gaan leer en die eerste wat kans gekry het om na te dink oor die situasie in Suid-Afrika en hy het besef dat hy verandering wil bring. Shala het gewens dat hul oorlede pa, Andries Riet, daar was om te hoor hoe Oneday preek. Vir Shala was die lokasie Oneday se mense en daar kon hy 'n regte verskil maak in die gemeenskap. Oneday het krag in hom, die krag om 'n verskil te maak. Oneday sien homself as 'n reisende prediker, een van 'n nuwe geslag pastore, een met 'n groot gemeente. Sy mense is oral, oral waar daar armoede of verdrukking is en Oneday skep 'n nuwe narratief van geregtigheid vir hulle.

"Oneday word 'n pastoor van die bevrydingsteologie, wat die evangelie van Jesus verbind met die politieke bevryding van die onderdruktes" (C. van der Merwe 2000). Eers met Oneday kry die Skaamfamilie hul eie stem en hul eie narratief. 'n Tipe ekwilibrium word gehandhaaf: soos die Moolmans hul narratief verloor, kry die Skaamfamilie hul eie narratief deur Oneday wat die stem kry wat sy voorgeslagte verloor het.

## *Casspirs en Campari's*

*Time Magazine, 1 Januarie 1990* – "The 1980's came to an end in what seemed like a magic act. The shell of an old world cracked, but a new order remained to be built" (Van Heerden 1991:693).

Soos reeds genoem, speel die roman af in die gewelddadige tagtigerjare teen die einde van apartheid. Suid-Afrika is op die grens van die nuwe, die demokratiese land, maar demokrasie het nog nie aangebreek nie en daar is steeds mense wat aan die oue vasklou. In die krisis van die oorgangstydperk is daar die uitdaging van die soeke na die nuwe terwyl die ou meesternarratief van apartheid, oorheersing en onverdraagsaamheid besig is om te verkrummel. Die ou meesternarratief van die Afrikaner is besig om ineen te stort om plek te maak vir die vele ander verhale wat gedurende apartheid onderdruk was. Suid-Afrika is in die donker uur voor geboorte – die ou wêreld val uitmekaar en die nuwe moet nog gebou word. Hierdie ineenstorting van die oue en die wag op die nuwe sluit aan by *Toorberg*, waar die Moolman-geslag tot 'n einde kom en die Skaamfamilie hul eie stem begin kry. Die Skaamfamilie beeld

die nuwe toekoms wat op Suid-Afrika wag, uit. Die oorgangstydperk is 'n tyd van geweld waar teenstrydige magte veg vir die beheer van 'n land, 'n gefragmenteerde tyd waar die land se trauma 'n hoogtepunt bereik omdat die trauma oopgevlek word, maar versoening nog net 'n moontlikheid is.

Die idille van die blanke mense word verbreek deur kort koerantberigte wat die realiteit van die land, die swart mense wat in gevangenis is of 'n polisiestasie se bemanning wat vir skynbaar geen rede vermoor word nie, weerspieël. Met die kontras tussen hierdie twee realiteite lewer Van Heerden kritiek op die sisteem wat die land in die laat tagtigs beheer het. In die Suid-Afrikaanse samelewing is dit duidelik dat die land se narratief uitmekaar spat en die land in die oorgangsproses na 'n nuwe meesternarratief is, dit is besig om te soek na nuwe narratiewe wat nie inperk nie, maar liewer vryheid gee. Van Heerden openbaar die stryd waardeur die land moet gaan voordat dit die nuwe bereik, in die motto aangehaal in *Casspirs en Campari's*:

*"Die donkerste uur is die uur voor geboorte."* – Ou Herero-slagspreuk.

In *Casspirs en Campari's* is Suid-Afrika in die uur voor geboorte, soos die ou Herero-slagspreuk dit stel. Die apartheidsregering is besig om tevergeefs vas te hou aan die ou lewensnarratief van apartheid en in *Casspirs en Campari's* kom dit duidelik na vore wanneer die apartheidspresident sy beeld in die publiek se oog probeer verbeter: hy probeer die land se ondersteuning wen, maar dié poging is tevergeefs. Terselfdertyd is die swart opstandelinge teen apartheid besig om te veg vir hul politieke bevryding, wat na jare van onderdrukking besig is om bewaarheid te word. Karakters in *Casspirs en Campari's* het botsende belange en begeertes, deurdat sekere karakters die apartheidsregime ondersteun en ander karakters deel is van die swart verset en die soeke na 'n nuwe toekoms. Die kontraste tussen karakters word duidelik in die "liegfabriek" se projek "sjarme" uitgebeeld, waar Ernie die President se beeld in die publiek meer gunstig probeer maak teenoor Erwin wat in opstand kom teen die projek, die regering en sy diensplig. Erwin kies om eerder deel te word van Seun se swart verset teen apartheid en sy wag op 'n nuwe toekoms.

Soos wat Suid-Afrika besig is om van sy ou identiteit te skei en wag op 'n nuwe toekoms, is Van Heerden besig om van die plaas na die stad as agtergrond vir sy

roman te skuif. Die plaas kom voor in Van Heerden se vroeër romans soos *Toorberg* en *Matoli* en die ruimte beweeg in *Casspirs en Campari's* na die stad. Die plaas gee standvastigheid, maar soos die land besig is om weg te beweeg van die onbuigsaamheid van apartheid, beweeg Van Heerden na die stad, wat die onstandvastigheid van die oorgangstydperk uitbeeld. Die stad beeld ook die onstandvastigheid van die toekoms uit, omdat die land nie weet wat op hom wag nie. Die plaas is besig om uit mekaar te val teenoor die stad waar 'n ander lewenstyl, 'n ander soort taal en ander waardes die norm is.

Suid-Afrika is 'n land met geboortepyne en daar is trauma in hierdie geboorte. Soos Van Heerden se roman *Toorberg* is *Casspirs en Campari's* ook 'n roman van die tagtigerjare waar daar 'n aankondiging van 'n nuwe tyd is, maar dit is nog nie daar nie. Saam met die onderdrukking wat nog in die land aanwesig is, is die "struggle" vir die nuwe Suid-Afrika. Dit is pynlik om mag te verloor, die trauma van verlies van die ou wêreld kom duidelik voor in die roman, maar daarmee gepaard is die trauma om op die grens van die nuwe te wees, die ou wêreld gee nie meer betekenis nie, maar die nuwe betekenis is nog nie hier nie, en hierdie geboortepyne is die samelewing se pyn op sy allerergste.

## *Die stoetmeester*

Soos met *Die swye van Mario Salviati*, beeld Van Heerden 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die konflik wat daarmee gepaard gaan uit in *Die stoetmeester*. Die Britse kolonisering, halssnoer-moorde, die tsotsi's, die grensoorlog tot en met die taxi-oorloë word in die roman uitgebeeld wat 'n inklusiewe blik op die geskiedenis van Suid-Afrika gee. Die roman speel af net voor Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing en dit beeld die land in sy oorgangstydperk van die ou apartheidsregering na die nuwe demokrasie uit. Die land is in 'n netelige posisie waar geweld besig is om oor te neem en skuld nog nie op kollektiewe vlak gekonfronteer is nie.

Van Heerden teken 'n alternatiewe geskiedenis op en herskryf die Suid-Afrikaanse geskiedenis in *Die stoetmeester*. Dit toon aan dat die geskiedenis wat die land ken, die

geskiedenis is van die blanke mense. Van Heerden maak die leser hier bewus dat daar ook 'n alternatiewe geskiedenis bestaan, die geskiedenis van diegene wat onderdruk is. "Ons verlede word nou dag ná dag herskryf. Die geskiedenis is in die greep van die onverwagte hede, die onvoorspelbare toekoms" (bl.269).

Die verskeurde land word uitgebeeld met Zola wat die olie in die stad vind en die stad op sy kop gooi. Dit veroorsaak 'n stryd tussen blanke en swart mense om te besluit aan wie die olie behoort. Hier word die stryd tussen wit en swart weer op die voorgrond gestel. Die Butlers besef dat die land aan die beweeg is na 'n nuwe toekoms en dat 'n onvermydelike verandering aan die begin is. Van Heerden wys die geweld en die onregverdigheid van albei kante, van die blanke en nie-blanke perspektief, en verbind die twee ervarings in die vriendskap tussen Ayanda en Siener. Hul verhouding is 'n metafoor vir die moontlike toekoms van Suid-Afrika.

Die roman speel af tydens Suid-Afrika se oorgangstydperk. Daar is baie geweld as gevolg van mense wat gefrustreerd is omdat niks verander nie. Dus neem APLA beheer om die wit gemeenskap 'n les te leer. "Die geweld spoel van die tuislande oor en aanvallers vlug terug na die Ciskei en die Transkei. Dikwels is die stryd tussen politieke faksies verknoop met die taxi-oorloë en Mandrax-smokkelary en skuil die waarheid so diep dat geen speurwerk dit kan opspoor nie. Ook die weermag is buite beheer, totaal korrup, met spesiale eenhede wat op eie houtjie operasies teen aktiviste bedink en uitvoer. En swart drukgroepe het oorlog teen wittes verklaar. Al die geweldenaars glo dat daar uiteindelik 'n algemene amnestie ingestel sal word ingevolge waarvan hul wandade verskoon sal word" (bl.191-192). Sake vererger nadat "...APLA, die PAC se militêre vleuel, hul Operasie Skok en Skrik aangekondig het. Die operasie sou daarop gemik wees om die beskermde wit gemeenskap in die Kei bewus te maak van die vlae geweld wat die swart gemeenskap telkens verswelg. Die restaurantontploffing, het 'n APLA-woordvoerder gesê, was die eerste van 'n reeks aanvalle op sagte teikens in die wit gemeenskap. Die Setlaars, het die woordvoerder volgens die nuusleser verklaar, sou aan eie bas voel hóé die geweld kan skroei" (bl.291-292). Mpho word ook betrokke by die gewelddadigheid en dit veroorsaak konflik by MaNdlovu wat die gewelddadigheid probeer stop. "Dat liefde en bitterheid so saam kan nes maak in jou hart" (bl.276). Van Heerden suggereer dat 'n toekoms van geweld op die nasie wag, maar terselfdertyd is daar hoop dat versoening ook 'n

moontlikheid is deur Seamus en MaNdlovu wat na mekaar uitreik om die geweld te stop.

In *Die stoetmeester* is dit aanvanklik die vrou wat die man ondersteun. Sarah beeld eers die tradisionele rol van die vrou uit, maar dit word later duidelik dat sy sterker as haar man is en dat hy van haar afhanklik is. Die man is swakker as die vrou en sy moet hom versorg tydens sy depressie. Teenoor die mans, wie se heerserskap gekritiseer word, is dit die vroue, beide swart en wit, wat die helde van die roman word in hul stryd teen die geweld wat die land oorneem. MaNdlovu is 'n tradisionele moederfiguur, maar in die afwesigheid van 'n patriargale vaderfiguur neem sy ook die rol van die 'pa' oor. Sy is die een wat seker maak dat tradisies aan haar kinders oorgedra word en dat hulle teen apartheid opstaan en hul waardes behou. MaNdlovu se dogter, Ayanda, het ook nie die tradisionele rol van die vrou nie. Sy is geskei, wat in daardie jare nog nie deur die samelewing aanvaar is nie. Sy is meer selfstandig as haar man en is gelukkig na haar egskeiding. Die tradisionele rol van die onderdanige vrou word omgekeer en dit is die vrou wat 'n belangrike rol speel in die strewe na die nuwe toekoms.

Sarah besef wat die toekoms vir die blanke Suid-Afrikaner inhou: "My man is besig om waansinnig te raak omdat hy die charade nie meer kan volhou nie; alles stort ineen; ons is ons plaas nie meer seker nie; die ANC praat van nasionaliseer; gaan ons alles verloor?" (bl.123). Die vrese van die blanke Suid-Afrikaner in die 'nuwe' Suid-Afrika word duidelik deur Sarah gestel. "Maar ons is sondebokke; die offerbokke. En ons hét so baie om voor te offer; om óp te offer..." (bl.125). Sy besef hoe verkeerd apartheid was en dat dinge aan die verander is. Sarah en Seamus bespreek ook wat die toekoms vir die blanke mense hou, "Hul nagte word lang, uitgerekte gesprekke oor sy ouers, oor skuld, oor Cawood, oor Fata Morgana, oor die wit man in Afrika, oor kolonialisme en apartheid... My kantelbok. Hoe verraai ek jou nie met my verlange na enkelvoudigheid en optimisme nie" (bl.175). Wanneer Sarah en Seamus die groot gala-aande by die stadhuis bywoon, besef hulle dat dit lyk "na 'n vergeefse poging om 'n koloniale verlede te herroep, want dit is vir ewig verby. Of, meer korrek: dit was altyd 'n hersenskim, want versteek agter die bulte waaroor Joza se plakkerskampe nou week vir week verder kruip, was die hutte van diegene wat dit alles in stand gehou het: die werkers en bediendes, die hulpe en kelners, die staljongens en agterryers; die

versweë mensheid wat nie die geskiedenisboeke gehaal het nie... Húlle geskiedenis is die groot, onbekende tafereel..." (bl.271).

Teenoor Sarah se idee van wat die toekoms vir die blanke Suid-Afrikaner inhou, staan Zola se reaksie op wat die toekoms vir sy dogter en die nageslag inhou:

"Miskien is dit die geleentheid vir my en my dogter om nader aan mekaar te beweeg. Ek is maar 'n eenvoudige taxidrywer, mý geslag had nie tyd vir geleerdheid nie. Ons moes bloot die hande uitsteek en op die tande byt om uit die krotbuurte van apartheid weg te breek. Dit het álles van my geverg: om by Dunlop werk te kry, om my werk te behou in die dae van stakings en afdankings, om die diplomakursus te gaan loop om vurkhyserbestuurder te word, om later my eie minibus te koop, en nóg een, om 'n huis te bou, om bokant my stand met Ayanda Thandani te trou... En dié dinge verstaan die jonger generasie nie altyd nie. Húlle had die luukse om universiteit toe te gaan, om boeke te lees, om te dink en te redeneer, om in die ruimte wat óns geskep het, hul gedagtes oor die politiek, die ekonomie en die kultuur te formuleer. Hul verset kon hul uitleef met 'n duidelike vooruitsig op oorwinning; die tekens was algar daar. In mý jeug het apartheid eindeloos voor ons uitgestrek. Dis óns, my generasie, dié wat hulle nou uitkryt as middelklas-uitverkopers, wat vir hulle daardie geleenthede geskep het" (bl.251). Zola voel dat " wat vir dié jong mense vanselfsprekend is, was vir ons stryd. Hoe sal hulle ons ooit krediet kan gee?" (bl.252)

Alles wat tydens apartheid plaasgevind het: die ontworteling, die skeiding tussen wit en swart, die woede en die trauma, word op die voorgrond gestel. Die mens is soos 'n trop bokke wat nie uit die geweld kan ontsnap nie, hulle is altyd vasgevang in die selfvernietigende siklus. Skuld regeer die Kei en so ook is trauma altyd deel van die Kei. Die konflik in die samelewing vererger as gevolg van die olie-ontdekking en dit veroorsaak grondkwessies wat gewelddadigheid weer laat opstook. Zola het die olie ontdek, maar die blanke mans in beheer van die dorp wil dit verkoop. Zola sal dus niks uit sy ontdekking kry nie en die blanke mans sal wins daaruit kry. Die onderdrukte gemeenskap kom in opstand teen hierdie besluit wat weereens konflik tussen onderdrukte en onderdrukker veroorsaak. Die apartheid en geweld kom dus nie tot 'n einde nie, maar die roman los die leser met hoop omdat daar versoening

plaasvind tussen MaNdlovu en Seamus, 'n teken dat 'n beter toekoms op die land wag. Dit word in die volgende hoofstuk oor versoening verder bespreek.

## *Kikoejoe*

In *Kikoejoe* lewer Van Heerden implisiete kritiek teen die tradisionele voorstelling van die "Ander." In die samelewing word die gekoloniseerde rasse as minderwaardig beskou teenoor afstammelinge van Europese koloniseerders wat die land regeer. Van Heerden breek hierdie stereotipes af deur Fabian se kritiese houding teenoor apartheid, deur Reuben as karakter wat as die "Ander" onderdruk word en deur die vriendskap wat tussen die blanke Fabian en die kelner Reuben ontstaan. Die rassesuiwerheid waarop die Afrikaner-ideologie gebaseer is, word ook gekritiseer deur tant Geert se bevinding in haar navorsing dat daar slawebloed in hul stamboom is. Dié bevinding gee 'n aanduiding dat rassesuiwerheid in 'n Suid-Afrikaanse konteks problematies is, die blanke Suid-Afrikaner is nie so suiwer soos wat daar geglo is nie. Dit word duidelik dat die Afrikaner-ideologie aan die verkrummel is.

In *Kikoejoe* word die demone van die apartheidsregering na vore gebring. Ma en Pa is die kinders van Verwoerd wat die apartheidsregering ondersteun, teenoor Fabian wat in opstand daarteen kom. Die Afrikaner-ideologie se onderdrukking van die vrou word gekritiseer en die siening van die vrou as minderwaardig word omgekeer na die een wat dikwels sterker as die man is. Ma, soos Sarah in *Die stoetmeester*, sorg vir haar man en beheer Halesowen in sy afwesigheid. Terselfdertyd het sy 'n buite-egtelike verhouding met die 'Veteraan' wat suggereer dat sy onafhanklik van haar man is en dat sy, soos tant Geert, na haarself kan kyk.

Soos Fabian ouer word, besef hy die verhouding tussen oorheersers en oorheerstes is nie reg nie en tant Geert probeer ook vir Fabian 'n kritiese houding teenoor apartheid gee. Fabian word gekonfronteer met die verskil tussen blank en swart in sy skryfwerk en probeer versoening in homself vind oor apartheid. Fabian besef watter invloed apartheid op sy vriendskap met Reuben gehad het, maar ons weet nie hoe hul vriendskap in die tyd van Reuben se eensame dood was nie.

Met die koms van dr. Verwoerd na Halesowen word die politieke situasie in Suid-Afrika op die voorgrond gestel. Die swartmense is besig met ondergrondse bedrywighede in opstand teen die wit mag, waarvan die blankes duidelik onbewus is. Dr. Verwoerd verteenwoordig die blanke bewind, die blankes wat alles wil beheer, teen wie die swartmense in opstand kom om hierdie orde te verbreek. Die tema van die individuele psige word nou verbreed tot die kollektiewe psige. Die land moet sy skadukant konfronteer om tot versoening te kom en kreatiwiteit vry te stel.

Fabian se pa is die een wat Verwoerd en apartheid ondersteun, terwyl Fabian as volwassene in opstand kom teen apartheid. Wanneer Fabian terugdink aan sy jeug in die Karoo saam met sy gesin op Halesowen, is hy meer krities teenoor die gebeurtenisse daar en die skeiding tussen rasse en die voorregte wat die blanke mense gekry het as gevolg van apartheid. In sy skryfwerk is Fabian ook besig met die verwerking van die skuldgevoel oor die verlede. Hy is besig om die verlede in sy skryfwerk te kritiseer en om dit bloot te stel, maar hy is ook besig om sy skuldgevoel, die skuld wat hy by sy vader geërf het, te verwerk.

Die naam 'Fabian' verwys na die "Fabian Society": "Fabian se naam en die manier waarop hy oor die land skryf, verbind hom met die "Fabian Society", waarvan George Bernard Shaw die beroemdste lid was, wat hulle beywer het om deur hul geskrifte die doelstellings van die sosialisme te bevorder. Deur die oorredende mag van die taal eerder as deur die strewe na politieke mag, wou hulle die samelewing verander" (Van der Merwe 2006). So ook wil Fabian verandering bring in die verskeurde land deur sy skryfwerk, hy wil die alternatiewe geskiedenis van die "Ander" 'n stem gee in skryfwerk. "Van belang in dié verband is die toneel waar Fabian en sy swart vriend Willempie die beendere van Olive Schreiner uit die graf laat 'opstaan.' Dis 'n toneel wat herinner aan Opperman se 'Gebed om die gebeente', en Esegiël se visioen van die herrysenis van Israel. Teenoor die steriele visioen van Verwoerd wil Fabian 'n alternatiewe visioen stel waarin hy by Olive Schreiner aansluit: van 'n land waarin die onderdruktes vry sal word — die swartmense en die vroue (van alle rasse)" (Van der Merwe 2006).

Oom Boeta is 'n ondersteuner van die Broederbond: "Hy onthou die verhale van onderdrukking en vernedering. Armoede en verlies. Hy sal 'n verskil maak. Hy weet

nou dat hy aan iets behoort, dat die Volksplanting aan die Kaap in die sewentiende eeu nie 'n vergissing van God was nie. Hy sal hard werk, hy sal die eed eerbiedig: laat dié wat saam hoort, saamstry. Tot die dood getrou" (bl.195). Die parallel tussen die Afrikaner se verlede as onderdrukte en die onderdrukking wat die Afrikaner toedien gedurende apartheid, word hier op die voorgrond gestel.

Die verskeurde land word in *Kikoejoe* versimboliseer deur die dood van Windpomp. Die plaashek is deur een van die werkers oopgelos tydens dr. Verwoerd se besoek en van die plaasdiere het deur die plaashek geloop en lusern gevreet wat hulle laat vrek het. Die hoofverdagte, Windpomp, het in die mied gaan wegkruip. Hy is later deur Reitz en sy boerekommando gevind, hulle het die mied aan die brand gesteek en Windpomp het doodgebrand. Hierdie gebeurtenis traumatiseer die hele vakansieoord, veral Windpomp se ma, Boe, wat haar trauma probeer onderdruk, maar besef dit is nie werklik moontlik nie omdat sy nooit sal kan vergeet nie.

Die roman suggereer dat die blanke mense se aanvaarding in plaas van vernietiging van Afrika en die Afrika-mense nuwe kreatiwiteit kan voortbring. As die blanke mense die swartmense aanvaar, sal hulle hul Kikoejoe kan konfronteer en sal hulle hul kreatiwiteit kan vrystel. Die naam van die dooie Windpomp suggereer dat hy, soos by *Toorberg* se 'Druppeltjie', ondergrondse water aan die boere kon gee en die droogte kon stop. Die naam 'Windpomp' suggereer die vrugbare aarde vir kreatiwiteit deur die ontmoeting tussen die blanke en die swartmense wat versoening kon bring, maar hierdie kragte is nou weggeneem omdat die boere Windpomp vermoor het. Soos in *Toorberg*, besef die blanke mense nie dat die nuwe toekoms kom nie en hulle weet nie dat as hulle apartheid beëindig sal kreatiwiteit na vore kom en 'n nuwe tyd sal aanbreek nie.

## *Die swye van Mario Salviati*

In hierdie roman gaan Van Heerden anders te werk met trauma. Van Heerden gee die geskiedenis van die land weer vanaf die Boereoorlog, deur apartheid tot by demokrasie. Suid-Afrika se verskillende tydperke het ook elk hul eie traumas. Die Anglo-Boereoorlog se trauma kom na vore by die vroue en kinders wat deur die

Engelse soldate in konsentrasiekampe gehou is. Van Heerden raak ook aan die trauma van die Italiaanse krygsgevangenes wat in Suid-Afrika moes bly na die Tweede Wêreldoorlog. Die trauma van apartheid word ook weer duidelik uitgebeeld in hierdie roman. Van Heerden skryf nie historiese werklikheid nie, maar beweeg ook nie heeltemal weg van die geskiedenis nie. Van Heerden skep 'n alternatiewe geskiedenis wat suggereer dat die opgetekende geskiedenis dié is van die blanke mense en nie van die onderdrukte gemeenskap nie. Hy wys dat die demokratiese Suid-Afrika steeds besig is om sy verlede te verwerk en steeds nie heeltemal tot versoening met die verlede gekom het nie. Die land is steeds besig met sy soektog na identiteit.

Jonty "besef met die eerste oogopslag dat die Visman kunstenaarskap vervolmaak. Dit is 'n boodskap aan my, dink hy, 'n boodskap oor wat gemaak kán word; oor waarna gestreef moet word" (bl.14). Die beeld van Visman Steier beeld die land se politieke situasie baie goed uit: soos die beeld beweeg Suid-Afrika vorentoe na die toekoms, maar terselfdertyd val die land terug in die verlede in en is nog nie heeltemal vry van die worstel met die verlede nie, "die Visman styg op, ja, maar hy steier terselfdertyd. "Só is die lewe," verklaar hy dikwels daarna in die kroeg: "Jy dink nog jy gaan vorentoe, dan steier jy inderwaarheid weer terug die verlede in" (bl.14). Al is demokrasie 'n werklikheid, is apartheid steeds aanwesig en worstel die land steeds met versoening, maar Visman suggereer ook dat daar steeds na versoening gestreef moet word, al worstel die land met 'n verlede van verwonding. Die beeld het een perfekte kant en een nie-perfekte kant, en sy naam verwys terselfdertyd na die opstyg en wankeling, net soos Suid-Afrika vorentoe beweeg na 'n nuwe toekoms, maar terselfdertyd deur die verlede gekonfronteer word.

Suid-Afrika is 'n verwonde land wat die traumas van koloniale verowering, die Boereoorlog en apartheid oorleef het. Die roman begin met die nuwe republiek wat smag na 'n multikulturele kunstenaar met goddelike talente. Die land soek nuwe kuns vir 'n nuwe Suid-Afrika, daar word na reënboogkuns gesoek om die wondere van vryheid te vier en daarom word Ingi na Jonty gestuur om sy beeld vir die nasionale versameling te koop.

**Tallejare**

Die roman begin met 'n proloog waar die hede direk met die verlede gekonfronteer word. Ingi Friedländer en die inwoners van Tallejare het die grot in Berg Onwaarskynlik, waarin GrootKarel Bergh met sy perde en koets jare gelede gesterf het, oopgemaak. "Die verlede stamp hulle teen die bors" (bl.9). Wanneer hulle in die grot ingaan, konfronteer hulle die verlede, maar dit is 'n pynlike proses.

Die res van die roman word in drie dele verdeel; II Goudseput, III Mannekynveer en IV Handklip, en vertel die geskiedenis van Tallejare en almal wat die dorp bewoon uit die oogpunt van die jong Ingi Friedländer. Die dorpie Tallejare het heelwat trauma beleef en word as 'n metafoor gebruik vir die hele Suid-Afrika. Die dorp is 'n ruimte wat nie deur tyd geaffekteer word nie. Die rede hiervoor is dat Tallejare buite die geskiedenis geplaas word wanneer daar in die begin van die roman gesê word dat die dorp nie eens op 'n kaart staan nie. Wanneer Ingi die dorp inry, voel sy asof sy in die tydloosheid self vasgevang word in die Karoo. Tallejare kan nie tyd-ruimtelik geplaas word nie, hierdie tydloosheid kan verbind word met die daal in die kollektiewe onbewuste in. Die bewussyn is gekonstrueer volgens tyd en ruimte, maar die onbewuste word nie deur tyd en ruimte beperk nie. Die geskiedenis van Suid-Afrika speel op kleiner skaal in Tallejare af: vanaf kolonialisme, met kaptein William Gird, tot apartheid, wat deur Verwyderingstraat gesimboliseer word, tot Suid-Afrika se eerste swart president, wat deur burgemeester Moloi gesimboliseer word. Dié hele geskiedenis word in die Afrikaner se kollektiewe onbewuste bewaar.

**Koloniale verowering**

Die verhaal van Tallejare begin met die koms van die Britse Kaptein en jong ontdekkingsreisiger, kaptein William Gird en sy gids SlingerVel Xam! wat lei tot die bedreiging van die San. Kaptein William Gird se tekening van 'n kameelperd hang later in die studeerkamer van Buckingham Paleis en maak hom beroemd in Europa. Hy besef egter hoe koelbloedig hy die dier sit en teken het. Dié besef van koelbloedigheid is die trauma van skuld, die skuld van die koloniale mag wat vernietig en verower en net dood agterlaat. Die kaptein keer jare later terug na die plek waar hy die kameelperd geskiet het en vind die beendere nog daar en besluit om

hom daar te vestig. Hy en SlingerVel Xam! ruil dan vee met die inheemse San mense, maar die San steel die diere weer terug van die kaptein. Die kaptein en sy tolk gaan dan om die vee terug te neem, maar die transaksie eindig in 'n koelbloedige skietery waar baie van die San mense sterwe. "Dit is maar 'n klein insidentjie, maar dit voorspel dat, in die vervolg, hierdie vallei met sy berg maar altyd 'n plek van dood en misverstand sal wees... 'n staning van gierigheid en wantroue" (bl.26). Die toekoms van verwonding in Tallejare word hier alreeds voorspel.

Kaptein William Gird en SlingerVel Xham! se suster, KleinTietie Xam! het 'n dogter, Saartjie Bruin. Saartjie Bruin en Hugenoot Viljee het later 'n seun, Meerlust Bergh, Jonty Jack se oupa en dus is kaptein William Gird 'n voorvader van Jonty Jack. Kaptein William Gird se skuld word oorgedra aan sy nageslagte en word uiteindelik deur Jonty gekonfronteer en hy vind versoening in sy kuns.

**Anglo-Boereoorlog**

Die trauma van die Anglo-Boereoorlog, 'n oorlog vol geweld, moord en die verlies van families, kom te voorskyn met die swart koets en veldkornet Pistorius wat op Tallejare aankom. Die vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe gemartel en ondervoed is tydens die oorlog, se lyding word erken. Hierteenoor staan die Boeresoldate wat nie so sterk en heroïes soos vroeër uitgebeeld word nie. Die Anglo-Boereoorlog word nie heldestatus in die roman gegee nie; die Boeresoldate het Siela Pedi vir meer as 'n jaar verkrag en mishandel en Veldkornet Pistorius het sy eie belang voor dié van die kinders, wat in die konsentrasiekampe gesterf het, gesit en die een kinderhandjie na die sangoma gevat om homself te bevry van sy liefde vir 'n bruin vrou. Hy het ook die ander ses manne wat saam met hom getrek het, doodgeskiet om die goud te beskerm, hy sit dus die waarde van goud bo die waarde van 'n man se lewe.

**Die Krugergoud**

Die volgende deel van Tallejare se geskiedenis speel af tydens die Anglo-Boereoorlog waar 'n ossewa by Tallejare aankom, gevul met Paul Kruger se goud. Die swart koets reis ook met vyf gesoute kinderhandjies, wat na die Koningin van Engeland geneem

word, om te bewys dat die Britse kolonie die vroue en kinders van die Boere in konsentrasie-kampe gehou word. Veldkornet Pistorius (Rooibaard) en sy ses manne moet die goud beskerm teen die Britse soldate. Toe die groep in 1901, moeg en uitgeput, in Tallejare aankom, besluit hulle om hulself daar te vestig. Wanneer Veldkornet Pistorius en sy manne in Tallejare aankom, help Meerlust hulle om die goud weg te steek, elk met 'n deel van die kaart, waarop die presiese plek van die goud aangedui word. Dus weet geeneen self waar die goud is nie.

Meerlust Bergh, veldkornet Pistorius en veldkornet Moloi begrawe die goud in 'n grot by Berg Onwaarskynlik. Hierdie drie families is van daardie oomblik af altyd aan mekaar verbonde, deur familie en deur goud, en word die drie belangrikste families in Tallejare. Veldkornet Pistorius, met samewerking van Moloi en Meerlust, skiet die ander ses manne dood sodat hulle nie iets oor die goud kan vertel nie. Weereens bring moord en gierigheid die skuld van die verlede na vore. Kaptein Pistorius sal vir die res van sy lewe hierdie skuld van moord dra.

Daar is egter twyfel oor wie verantwoordelik is vir die moord op die ses manne by Goudseput: Pistorius of Meerlust Bergh? Volgens GrootKarel en Mario Salviati is Pistorius die moordenaar, maar volgens Edit Bergh is Meerlust 'n koelbloedige moordenaar wat sy eie dogter kan vermoor vir die goud. Edit voel dat moord in Meerlust se bloed is, dat hy anders is as Pistorius wat moord gepleeg het as gevolg van oorlog. Meerlust en Pistorius beskuldig mekaar, dus sal ons nooit weet wie die moordenaar is nie. Die geskiedenis is twyfelagtig omdat verskillende fokalisators gebruik word, elk met hul eie weergawe wat verskillende mites vorm.

**Berghs en Pistoriusse**

Die twee families, die Berghs en die Pistoriusse, se dade en wandade is verknoop met die droewe geskiedenis van Tallejare. Die gemeenskap glo dat die twee families die groot geheim van die dorp, die goud, in die verlede vashou, maar dit is nooit seker nie. Die twee families beeld die verskeurde land uit: aan die een kant is die Berghs – hulle is van gemengde afkoms wat getraumatiseer word deur die skeiding wat apartheid veroorsaak as gevolg van rassesegregasie, aan die ander kant is die Pistoriusse wat die 'wit mag' van apartheid uitbeeld – hulle ondersteun apartheid en

die skeiding wat dit in die gemeenskap veroorsaak. Die Berghs en die Pistoriusse beeld die twee kante van die verskeurde land uit wat deur apartheid veroorsaak is.

Die twee families smelt egter saam wanneer GrootKarel Bergh en Lettie Pistorius trou en vir Jonty het. Lettie Pistorius het haar seun Jonty Jack genoem omdat sy wou hê dat hy sy eie mens moet wees en dat hy nie gebonde aan die Berghs of die Pistoriusse moet wees nie. Lettie wou hê dat Jonty vry van die families se skuld en familietrauma moet wees. Jonty is die een wat uiteindelik die skuld van die verlede konfronteer, deur sy beeldhouwerk 'Visman Steier' en sy konfrontasie met sy pa in die grot, en versoening bring op 'n individuele en kollektiewe vlak.

**Italiaanse krygsgevangenes**

Die Tweede Wêreldoorlog bring groot verandering in Tallejare wanneer die Italiaanse krygsgevangenes per trein in Tallejare aankom om werk te kry. Onder die krygsgevangenes is die doofstomme Mario Salviati en Duiwelsklap Lorenzo. Hulle is getraumatiseer deur die oorlog, en is in 'n vreemde land ver weg van hul tuisland en word as bandiete gehou in Suid-Afrika waar hulle nie hul Katolieke geloof mag beoefen nie. Mario Salviati, 'n klipsnyer, word deur GrootKarel Bergh gekies as sy werker, en ontwikkel saam met hom die blitswaterkanaal, 'n irrigasiesisteem vir Tallejare. Die blitswaterkanaal sou water deur die droë Karoo en oor Berg Onwaarskynlik na Tallejare bring. Vanaf daardie dag dat Mario Salviati die goud ontdek en GrootKarel Bergh sterf, verander die verhouding tussen die twee Italianers, Duiwelsklap Lorenzo en Mario Salviati. Duiwelsklap word goudsugtig en jaloers op Mario, maar Mario dra die groot geheime, oor die goud en GrootKarel Bergh, saam met hom tot die dag wat hy doodgaan.

Duiwelsklap, wat as kok en huishouer werk by die Pistoriusse, se naam kom van die rooi vlek op sy wang. Sy goudsug kom tot 'n hoogtepunt wanneer hy Mario Salviati, wat al blind geword het, wil doodskiet by die Lampaksdam, maar Edit Bergh gooi haarself voor Mario in en sy sterf aan die koeëlwond. Duiwelsklap word verhoor, maar ons weet nie of hy terug Italië toe is nie, en of hy gehang word nie. Salviati en Lorenzo word die simbool vir goed en kwaad wat in konflik kom. Wanneer albei agter GrootKarel Bergh aanry wanneer hy vlug, probeer Salviati hom beskerm, maar

Lorenzo volg hom as gevolg van goudsugtigheid. "Om hierdie rede het hy [Karel] die aanwysings na Goudseput aan Salviati gegee, om daarmee te maak soos hy goeddink. En vir Mario Salviati, wat die klip nou nooit uit sy hand laat gaan nie – selfs nie wanneer hy eet of slaap nie – is Duiwelsklap se optrede teenoor hom 'n aanduiding van wat op Tallejare kan gebeur wanneer die goud uiteindelik uitgegraaf word" (bl.393). Lorenzo is die een wat konflik aanwakker en wat haat, gierigheid, hebsug en jaloesie na vore bring. Lorenzo het die "kikoejoe" in sy psige laat oorneem en hy simboliseer die wrede kant van die mens. Salviati en Lorenzo beeld die twee kante van die verskeurde land uit: Mario is getrou aan GrootKarel tot die dood toe en beskerm die land teen die bose – die hebsug en selfsugtigheid wat die mense van Tallejare sou oorrompel as hulle die goud sou vind – Salviati hou die waarheid oor die goud 'n geheim teenoor Lorenzo wat hierdie hebsug en selfsugtigheid verteenwoordig wanneer hy die goud sien; hy word deur sy skadukant oorrompel wanneer rykdom voor hom staan. Dit is grootliks as gevolg van Lorenzo se hebsug dat Mario die geheim oor die goud vir homself hou.

**Apartheid**

Verskillende plekke in die dorp vertel die traumatiese verhaal van Tallejare, en Suid-Afrika, se alternatiewe geskiedenis, bv. Berg Onwaarskynlik, Kinderhandjies, Bloedboom, Weemoedvlakte en Verwyderingstraat. By Bloedboom is Fielies Jollies, 'n kleurling, vermoor deur die polisie en 'n klomp jong boere. Die polisie was opsoek na iemand wat GrootKarel Berg se koets gesteel het nadat GrootKarel verdwyn het. 'n Kêreltjie het gerapporteer 'n "bruin man het daar met GrootKarel Bergh se koets verbygekom. Hy't selfs GrootKarel se kerkklere aangehad, én sy hoed op sy kop, en, verbeel ek my: aan sy arm het die goue horlosie van Meerlust Bergh gesit" (bl.124). Eintlik was dit al die tyd GrootKarel self, wat besig was om bruiner en bruiner te word en dus soos 'n kleurling gelyk het. Die polisie het in Kampong Spoggerig na 'n bruin man kom soek wat verantwoordelik was vir GrootKarel se verdwyning en hulle het Fielies Jollies as die moordenaar uitgekies.

"Daardie laatmiddag, in gietende reën, word Fielies Jollies, gedoop as Fielies Moloi, halfdronk uit sy huis gesleep. Agterna word gesê dat dit net gebeur het omdat hy hom teenoor die konstabels hardegat gehou het. Hy word teen 'n peperboom digby

Grotkloof se hek gespalk en sewentig houe met 'n sambok toegedien. Wie geslaan het, wil niemand later erken nie, maar eintlik het almal geslaan, want bo die gietende reën uit klink die gille van Fielies Jollies oor die hele dorp, só dat mense hul gordyne trek... Laat daardie middag is Fielies oorlede. Bloedboom word die straathoek genoem... Bloedboom, omdat die verhoudinge tussen wit en bruin in daardie dae ná GrootKarel Skoonveld se verdwyning 'n laagtepunt bereik" (bl.125). Die verhouding tussen die blanke en die swartmense het na hierdie gebeurtenis verkrummel en apartheid het sy greep op die dorp verkry.

Bloedboom is egter ook 'n ander naam vir 'n stamboom. Amper al die inwoners van Tallejare is familie van mekaar; die blankes, die swartmense en die bruinmense is almal deur bloed aan mekaar verbind. Ingi gaan die bloedboom van Tallejare na en sien dat almal aan mekaar gekoppel is, voor, gedurende en na apartheid.

Die roman suggereer dat Suid-Afrika eers 'n ware reënboognasie kan word wanneer die mense vrede maak met die verlede; dit is iets wat Ingi, 'n Joodse vrou, aan die inwoners van Tallejare probeer verduidelik. Die inwoners is op soek na 'n inklusiewe narratief, maar dit is eers moontlik as hulle met die verlede versoen word en erken dat hulle almal afkomstig is van dieselfde bloedboom.

**Rasseverhoudinge**

Meerlust Bergh is van gemengde bloed, hy is nie heeltemal wit nie en sy vrou, Irene Lampak, is 'n Indonesiër, dus is GrootKarel Bergh nie heeltemal blank nie. Die rassewette het al hoe strenger begin word tydens GrootKarel se leeftyd, maar omdat hy ryk is, het hy 'n groot invloed op die gemeenskap en het die blanke gemeenskap die kleur van sy vel misgekyk. Hy besef wel dat as sy projek misluk, geld uiteindelik niks meer gaan beteken nie en hy volgens sy velkleur geklassifiseer sal word. Wanneer GrootKarel se blitswaterkanaalprojek misluk, vlug hy sodat hy nie die verantwoordelikheid vir hierdie mislukking en die gevolge daarvan hoef te dra nie.

Hy word dan deur die gemeenskap gedoop as Karel Skoonveld. Soos hy vlug, word sy vel al hoe bruiner en gaan kruip hy in die grot weg. "As Karel teruggegaan het, sou hy die goud in plek van die water aan Tallejare kon bied. En al antwoord wat hy kan

uitdink, is dat Karel toe al bruin was, en dat hy nie kans gesien het om, soos sake in daardie jare aan die ontwikkel was, as bruin man na Tallejare terug te keer nie. Apartheid het voorgelê; dit sou opnuut 'n stryd vir die Berghs wees. Die aanvaarding wat deur die jare met geld en invloed gekoop is, moes Karel aangevoel het, sou nie meer in die nuwe era geld nie" (bl.392-393). Mario laat vir GrootKarel in die grot en Karel word nie, as iemand van gemengde afkoms, deel van die latere rassesegregasie in Suid-Afrika nie.

Voor apartheid het wit en swart mense saam gewoon op Tallejare. Gedurende die begin van apartheid is die swart mense gedwing om na Kampong Spoggerig te verhuis, en so het die Verwyderingstraat ontstaan. Die houding wat die blanke inwoners teenoor anderskleuriges het, is duidelik wanneer GrootKarel Bergh vlug na die mislukking van die blitswaterkanaal. Soos GrootKarel al bruiner geword het, het hy geweet dat hy nie na Tallejare kan terugkeer nie, omdat hy nooit deur die blanke inwoners aanvaar sou word nie. Na Karel se dood bly sy vrou, Lettie Pistorius, en hul babaseuntjie, Jonty, wat ook van gemengde afkoms is, in Verwyderingstraat, die straat waar die swart- en kleurlingmense woon in Tallejare. Die kleurlingmense het egter goed na Lettie en Jonty omgesien, al was dit die apartheidsjare en Lettie 'n wit vrou. So het die apartheidswette skeiding in die gemeenskap van Tallejare gebring en is die Pistoriusse en die Berghs van mekaar geskei, maar het Lettie en Jonty dié skeiding oorbrug.

Die Afrikaner-Nasionalistiese mite eindig met die begin van demokrasie in 'n nuwe Suid-Afrika. Die inwoners van Tallejare bly egter stil oor hul verlede en weier om hul demone in die oog te kyk. Die swye van apartheid kom na vore in die duisende onderdrukte mense wat gedurende apartheid mishandel en vermoor is, en daar is nooit 'n woord daaroor gesê nie. Die blanke mense het gemaak asof hierdie verskriklike dinge nooit gebeur het nie en so ook het die Afrikaanse gemeenskap stilgebly oor die familie-stamboom waar heelwat Afrikaanse mense afstammelinge van swart- of bruinmense is. Dit word ook uitgebeeld in *Kikoejoe*. Daar is twee soorte stilte in *Die swye van Mario Salviati*; daar is Mario Salviati se genesende stilte en daar is die dorp se pynlike stilte oor die traumatiese verlede.

**Konklusie**

Na apartheid is daar vrede tussen die twee families omdat diegene van 'n ander velkleur, die Berghs, aanvaar word in die gemeenskap. Daar kom ook vrede in die slot van die roman wanneer almal - blank, swartmense en bruinmense - die grot saam besoek en die verlede konfronteer. Wanneer die laaste kaart verkrummel, weet die gemeenskap dat die goud nooit weer gevind sal word nie en word die twee families, die Berghs en die Pistoriusse, en die gemeenskap van Tallejare bevry van die houvas wat die goud op almal gehad het. Die twee families word uiteindelik deur die gemeenskap aanvaar en die gemeenskap vind heling en versoening.

## *In stede van die liefde*

*In stede van die liefde* plaas die kollektiewe geheue van verwonding in 'n verskeurde land op die voorgrond. Suid-Afrika is 'n land wat van binne af vrot omdat die geskiedenis van verwonding en onreg nog nie heeltemal deur die land gekonfronteer is nie. Die onvermoë van enige individu of groep mense om verandering te bring in 'n verskeurde land word hier na vore gebring, maar terselfdertyd word hoop in mense en die land uitgebeeld. Versoening is dus wel 'n moontlikheid, maar die oop slot los die leser om self te besluit of dit gaan gebeur. Die skeiding tussen ryk en arm mense en die skeiding tussen blankes, swartmense en "kleurlinge" is steeds deel van die samelewing en hierdie skeiding moet gekonfronteer word om versoening te bring. *In stede van die liefde* beeld ook die verwerking van die verlede deur die samelewing uit, die land se psige is steeds besig om die verlede te verwerk terwyl dit opsoek is na 'n nuwe toekoms. *In stede van die liefde* word geanaliseer in terme van narratief en trauma en ek sal kyk na temas soos die onderdrukte geheue, die worsteling met die verlede en die soektog na identiteit in 'n verwonde land met verwonde mense.

Soos die dorpie Tallejare in *Die swye van Mario Salviati*, verteenwoordig Matjiesfontein die grotere Suid-Afrikaanse geskiedenis en samelewing. Trauma op die vlak van die samelewing, na apartheid, word na vore gebring deur die karakter Jeremy Sizwe. Jeremy Sizwe is die Lord Milner Hotel se kok en "bly aan die rand van Platdakkies. Jeremy en sy gesin is al Xhosas hier op Matjiesfontein, en weet dit goed. Net bruin en wit, verder; daardie twee nasies wat na sy waarneming mekaar soos

stieffamilie oor die verleë voel van jare bekyk en nie weet waar om te begin nie. Hoe om verby die kwaad en die skuld te kom nie" (bl.163).

"As jy mooi agter die kap van die byl kom, moet jy begryp dat Piet Windvogel, nes baie mense in hierdie land, sy voormense koppig verraai, dag vir dag, in die sweet van sy aanskyn en om brood op die tafel te sit. Want hoe, skinder die mense, kan jy oorleef in hierdie land as jy nie konstant jou voormense verraai nie? Kyk maar na die kok, Jeremy Sizwe van die Xhosas. Staan nou smôrens vir die einste wittes wat hom jare lank nie stemreg wou gee nie totdat hy in desperaatheid die wapen moes opneem, bacon en eggs en braai. So mak soos 'n lam. En die plaasboere wat hand om die blaas met die ANC-amptenare is wanneer diesulkes 'n slaggie opdaag en oor grondhervorming kom praat – daardie boere onderhandel stukkie vir stukkie dit wat hul voorouers as erfgrond geëien het, weg. En ons, die Matjiesfonteiners, ons van die haai Karoo? Ons staan ook maar by die grafte en sê: ons is jammer, Ma'tjie en Pa'tjie. Dís wat hierdie land is – een groot ekskuus aan die geskiedenis. Daar is nie 'n ander manier nie. Ons moet nou vorentoe; ons moet ons lywe swaai as ons anderkant wil uitkom; 'n haas voor die honde. Almal van ons. Woorde wat net laatnag in Platdakkies gehoor word" (bl.72). Iedereen, nie net Jeremy Sizwe nie, is nog besig om die verlede te verwerk en hul skuld te konfronteer. Die seuns wat die skuld van hul vaders oor apartheid dra, is besig om hul vaders se lande te verkoop om te oorleef en die onderdrukte "kleurlinge" vra ook aan hul ouers om verskoning omdat niks verander het na die einde van apartheid nie - hulle is steeds afhanklik van die bevoorregte blanke mense.

Jeremy was destyds, tydens die apartheidsjare, 'n vryheidsvegter, en werk nou as kok vir diegene wat hom onderdruk het. Jeremy is nie die stereotipiese swart slagoffer van die blanke mense nie, hier is dit anders: hy is 'n slagoffer van 'n getraumatiseerde samelewing. Jeremy se verwonding kom met die besef dat, al het hy so hard vir vryheid geveg, die skeiding in die land nie verander het nie. Hy het sy gesig erg geskend in 'n slagveld in Angola en dra dus altyd 'n masker van pyn, "Hy wat sy gesig verloor het. 'n Lewe sonder spieëls; 'n lyf sonder lyk" (bl.182). Hy kruip weg in Matjiesfontein omdat dit 'n plek is waar hy stilletjies kan verdwyn, maar hy het nog nie vrede gemaak met sy verwonding nie, "Nou, so swart en vervaard; selfs verskrik.

Nog nie heeltemal tuis in die nuwe republiek nie. Op sy hoede. 'n Man met verhale" (bl.163).

Jeremy is 'n militêre man en is tot 'n mate 'n metafoor vir die post-apartheid situasie vir baie swart mense in Suid-Afrika. Jeremy is vasgevang in die verlede, waar hy 'n doel en rigting gehad het as vryheidsvegter. In die hede voel hy nutteloos omdat alles wat hy gedoen het om die onderdrukking van die "Ander" te beëindig, futiel voel in 'n nuwe Suid-Afrika waar daar geen verandering in sy omstandighede en die omstandighede van die "Ander" gekom het nie.

Jeremy se wedloopduif, die Mandela-duif, is sy grootste trofee. Wanneer hy deur die Mandela-Rhodes-stigting gesê word hy mag nie meer die naam vir sy duif gebruik nie, verloor hy sy hoop in Suid-Afrika en besef hy dat, al het die land 'n nuwe president, die kragte van hiërargie steeds nie verander het nie. Sy gesig is in 'n permanente frons, 'n skending wat hy dra vir sy land, "Want hy't baie keer gedink; hier is ek binne, agter my gesig; ek voel soms ek kan hierdie ding voor my afruk; hierdie gemorslaag wat ander mense lippe en neus en ooglede noem" (bl.182). Jeremy weier om in die portaalspieël te kyk en dit word altyd toegemaak as hy by die hotel in en uit loop sodat hy nie na sy geskende gesig hoef te kyk nie. Na sy teleurstelling in die land, val hy in die portaalspieël in en kyk hy homself reguit in die oë, en konfronteer so sy trauma en pyn. Deur homself visueel te konfronteer begin hy die proses van vrede maak met sy geskende gesig.

Daar is reeds genoem dat Christian altyd vorentoe beur, dat hy 'n wenner wil wees, maar terselfdertyd is hy ook 'n gejaagde. Die roman begin met misdadigers wat hom volg en hom duidelik nie gaan uitlos nie, maar hy bly vorentoe beweeg terwyl hy aanhoudend oor sy skouer kyk. Vir die bendelede word Christian die plaasvervanger van die ryk blanke gemeenskap, hy word gekies as die sondebok wat moet betaal vir die blanke mense se bevoorregte lewens teenoor die minderbevoorregtes se armoedige omstandighede. Christian besef dat die bendelede op sy spoor is en dat hul bedrywighede sy familie in gevaar kan stel. Hy gaan na Stanley Syster om hulp en om homself en sy gesin te beskerm. Die verhouding tussen Christian en Stanley beeld die verhouding tussen die onderdrukker en onderdrukte gedurende en na apartheid uit. As uitblink-atleet in sy jeug het Christian besef dat alles in die land nie is soos wat dit

moet wees nie. Hy hoor van 'n jong kleurling-atleet, Stanley Syster, wat blykbaar die vinnigste atleet in die omgewing is. As gevolg van omstandighede in 'n apartheidsland, kan Christian nooit teen hom hardloop nie en Christian gaan dan op soek na Stanley om teen hom te hardloop, en dus te sien wie regtig die vinnigste atleet in die omgewing is. Stanley wen die resies en dit lei daartoe dat Christian besef dat sy trofeë "liegbekers" is. Hy besef dat as dit wettig was om teen kleurlinge te hardloop in skoolwedlope, Stanley al die trofeë sou wen. As gevolg van apartheid voel Christian dus skuldig oor sy gewaande prestasies. Die trauma van apartheid en die skeiding wat dit in die land veroorsaak, het 'n duidelike impak op Christian se psige.

Stanley kom weer te voorskyn later in Christian se lewe, hierdie keer ontmoet hulle in Christian se woonstel in Seepunt. Christian het 'n geheimsinnige lewe in Seepunt, weg van sy naweekgesin in Stellenbosch, waar hy sy verslawing aan die 'soetgoed' kan bevredig. Seepunt is egter nie so privaat soos wat Christian dink nie, want dit is ook hier waar Christian deur die "rotmotor" bedreig word. Stellenbosch word uitgebeeld as 'n fatsoenlike en beskermde wêreld teenoor die ondergrondse wêreld van prostitute en dwelms in Seepunt. Die kontras tussen ryk en arm word hier weereens op die voorgrond gestel. Stanley is dan die een wat hom help om 'n nuwe identiteit te skep om homself te beskerm. Stanley vermom Christian, deur sy lang hare af te skeer en 'n oorbel te kry, om hom te beskerm van die rotmotorbende wat sy lewe wil neem. Christian as 'n blanke man word dus steeds as 'n ondersteuner van apartheid gesien deur die rotmotorbende.

Die grensoorlog in Angola duik herhaaldelik op in Van Heerden se oeuvre. *In stede van die liefde* verwys na Van Heerden se grensverhale *My Kubaan* en *Om te awol*. In *Toorberg* neem DwarsAbel deel aan die grensoorlog en in *Casspirs en Campari's* word die grensoorlog weer op die voorgrond gestel in die land se Noodtoestand wanneer Erwin weier om deel te neem aan die diensplig. Christian het ook as jong man deelgeneem aan die grensoorlog, 'n oorlog wat na sy mening verkeerd was. Dit is iets wat hom as mens verwond en sy lewe vir ewig verander. Die grensoorlog herinner aan 'n nasie van verwonding, hoe mense van mekaar geskei is in 'n oorlog wat geveg is om die blankes te beskerm.

Van Heerden is een van die eerste Afrikaanse skrywers wat na die spanning tussen mense van binne en mense van buite kyk in terme van die Suid-Afrikaners en die Nigeriërs, wat deur sommige as die indringers in die land gesien word. Die skrywer verwys na die probleme wat die "indringers" veroorsaak in die land in verband met die dwelmsmokkel, alhoewel die skrywer steeds deernis het met hulle. Van die buitelandse karakters is sleg, maar van hulle is ook goeie mense, soos Festus Osundare wat ten spyte van sy dwelmsmokkeling 'n sagte hart het en mooi na Snaartjie kyk in Kaapstad.

Hier word dit duidelik hoe narratief gebruik word om die probleme in die samelewing aan die leser duidelik te maak. "Should the literary narrative not break down oppressive structures and false assurances; should it not confront the readers with the fate of the suffering and let them share some of the pain?" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:63). Die land self worstel met die onderdrukte geheue van gebeurtenisse gedurende apartheid waaroor daar nie gepraat word nie, maar wat steeds nie opgelos is nie. Louise Viljoen skryf: "Omdat daar so 'n sterk aksent is op die komplekse werking van die geheue, laat die verteller hom nie verlei tot soet nostalgie en verheerliking van vergange verlede nie" (2005). Van Heerden kyk met 'n kritiese oog na die verlede en die hede. Selfs na apartheid is daar steeds 'n skeiding tussen wit-, swart- en kleurlingmense. Die verskeurde land is deel van die mense, dit is in hulle, en maak hulle verskeurde mense. Totdat die verlede, die skadukant van die land, gekonfronteer word, kan versoening nie plaasvind nie.

Die uiteindelike versoening wat tussen Christian en Stanley in hul kompetisie met mekaar plaasvind, word 'n raamwerk van heling met 'n ironiese kinkel. Gedurende apartheid was dit vir hulle duidelik wie die vinnigste atleet was, maar in die nuwe Suid-Afrika hardloop die twee mans verskillende wedrenne. Dit is Stanley, wat gedurende apartheid onderdruk is, wat vir Christian help en hom beskerm van die "rotmotor." Stanley het meer beheer oor die hede as Christian en daarom kan hy Christian help wat ook lei tot versoening tussen die twee mans. Die versoening wat tussen Christian en Stanley plaasvind, suggereer hoop en dat versoening moontlik op kollektiewe vlak kan plaasvind.

Die roman volg 'n sirkelmotief en los die leser met 'n dubbelsinnige slot. Soos die roman ontwikkel en terug beweeg na die begin, het die skeiding tussen mense nie verdwyn nie, en dieselfde gebeur in Suid-Afrika. Daar is ontwikkeling na apartheid, maar daar is steeds segregasie tussen mense van verskillende velkleure en tussen ryk en arm. Die oop slot los die leser met die besluit of die verhaal vorentoe beweeg na versoening in Suid-Afrika en of dit terug beweeg na die begin van die verhaal, waar daar skeiding en trauma in die samelewing is.

# *Hoofstuk 5: Versoening*

Die proses van geheue, spesifiek kulturele geheue, wat 'n mens onthou en vergeet, gee vorm aan ons individuele en kollektiewe identiteit. Ons nabye en verre verlede is altyd besig om gevorm en herkonstrueer te word. Dit is ook die skrywer wat in sy verhale die geskiedenis herskryf en 'n ander perspektief daarop gee. Die begrip "narratief" impliseer 'n soeke na betekenis – net soos die verwonde enkeling en die verskeurde land na betekenis soek na trauma. Hierdie soeke na betekenis is "the desire to find, through narrative, connections between disparate elements in human experience; to create coherence in the chaos of life. The studies on narrative are also linked by the belief that the telling and retelling of stories may be a means of confronting and expressing suppressed traumas, thereby assisting the process of inner healing" (Van der Merwe en Wolfswinkel 2005:V). Die rol wat literêre narratiewe kan speel in die heling van trauma is daarin geleë dat literêre narratiewe die slagoffer van trauma 'n ander perspektief op trauma kan gee, waarmee hulle hul ervaring kan vergelyk en wat vir hulle moontlikhede gee hoe om daarop te reageer en hoe om trauma deel van hul lewensnarratief te maak.

Die skrywer van literêre narratiewe verander die chaos van die versplinterde lewensnarratief tot 'n narratief met 'n struktuur wat samehang en betekenis gee, wat die verwonde leser help om sy eie versplinterde lewensnarratief weer heel te maak. Narratiewe kan ook deur die karakter(s) se reaksie op trauma voorstelle gee hoe om op trauma te reageer en om betekenis daaruit te kry. Op die vlak van die samelewing kan skrywers as hul eie Waarheid- en Versoeningskommissie optree en deur hul kreatiewe skryfwerk wys wat reg en verkeerd in 'n verskeurde land is en hoe die land tot versoening moet beweeg. In hul skryfwerk kan skrywers ook ou stereotipes afbreek en die gemarginaliseerde mense 'n stem gee. Spesifieke temas wat universeel bekend is as deel van mens-wees word deur die skrywer behandel wat die individu kan help, deur sy analise van die teks, om sy eie lewensnarratief te skep en so heling en versoening te vind (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 200:59-63).

Die nuwe Suid-Afrika het ontstaan vanuit 'n kollektiewe verlede van trauma, 'n nasionale trauma, en in Suid-Afrika is konflik-versoening 'n deel van ons geskiedenis.

Die Waarheid- en Versoeningskommissie het in Suid-Afrika ontstaan om ons traumatiese verlede heel te probeer maak deur trauma na die oppervlak te bring sodat dit gekonfronteer kan word, maar oor die rol van die Waarheid- en Versoeningskommissie word nog baie geargumenteer. Die prinsiep van die WVK is egter van belang hier omdat slagoffers aangemoedig is om oor hul trauma te praat sodat die samelewing bewus kon word van die menseregte-skendings wat in Suid-Afrika se verlede gebeur het. Wanneer slagoffers oor hul trauma praat, kan hulle dit konfronteer en dit as 'n narratief sien wat dan deel van hul lewensnarratief word. Die slagoffers van trauma se grootste uitdaging is om 'n taal te vind om hul trauma te beskryf omdat hulle nie altyd hul trauma in woorde kan omsit om dit te kan beskryf nie en omdat gewone taal nie hierdie verskriklike gebeurtenisse kan weergee nie.

Watter elemente is belangrik in die dialoog oor 'n traumatiese verlede om seker te maak dat vandag se oorlewendes nie more se skuldiges, diegene wat verwonding aandoen, word nie? Vergiffenis speel 'n belangrike rol in die dialoog oor 'n traumatiese verlede en in die soeke na 'n nuwe toekoms, want sonder vergiffenis kan versoening, op individuele en kollektiewe vlak, nie plaasvind nie.
"The basic paradox of writing about trauma, as we are doing here, is that it is about an experience which defies language; it is an experience suppressed into the subconscious because it is too overwhelming to be grasped. When the traumatic memory is turned into narrative, it is the beginning of a healing process, but it also means that the original experience is changed to fit into a narrative, so that its "'real nature' still eludes our vision" (Van der Merwe en Gobodo-Madikizela 2008:66). Wat werklik in daardie oomblikke waar die trauma plaasvind gebeur, sal ons nooit weet nie, maar versoening met die verwonding kan wel plaasvind omdat die trauma gekonfronteer is en dit deel van die getraumatiseerde mens se lewensnarratief gemaak is.

Versoening het twee kante: die individuele en die kollektiewe. Individuele trauma word deur die enkele psige gekonfronteer om tot heling te kom teenoor die kollektiewe trauma waar 'n groep mense of land die verlede moet konfronteer en saam tot heling moet kom. Wat is die verband tussen 'n individuele trauma en 'n kollektiewe trauma? Om 'n kollektiewe geheue oor die verlede te vorm, moet die geskiedenis die verskillende narratiewe oor die verlede insluit. Die proses van heling is ook die proses

van onthou en die individu se verhouding met die verlede. "Cultural-political theory… makes its major moves back and forth between some individual train of thought or action or sensibility and the larger, collective political and cultural world" (Tal 1996:5). Die kollektiewe politieke en kulturele wêreld het 'n invloed op die individu wanneer hy getuig oor sy trauma, maar 'n individu het ook 'n invloed op die gemeenskap wanneer hy oor sy trauma getuig. Wanneer 'n getraumatiseerde mens oor sy trauma getuig, kan hy die gemeenskap bewus maak van die kollektiewe trauma en kan ander getraumatiseerde mense ook oor hul trauma getuig. Diegene wat die trauma veroorsaak het, kan gekonfronteer word en boete doen vir die verwonding wat hulle veroorsaak het en hulle kan om vergiffenis vra sodat heling tussen onderdrukker en die getraumatiseerde mens(e) plaas kan vind.

Temas soos die offerbok en kuns word bespreek as maniere om versoening te bring, maar Van Heerden gee nie oplossings vir versoening nie, hy stel eerder die probleem aan die leser, sodat die leser oplossings sal vind om versoening in 'n verskeurde land te bring. Van Heerden beeld hoop uit vir 'n nuwe toekoms, maar hy is altyd besig om krities na die hede en die verlede te kyk. Narratief word gebruik as 'n manier om die verlede en die hede te konfronteer en tot heling te kom.

## *Matoli*

Geen versoening vind plaas in *Matoli* nie omdat Van Heerden die verskeurde samelewing op die voorgrond wil stel sodat die leser bewus kan word van die onderdrukking van apartheid en die verwonding wat dit veroorsaak. Die trauma van apartheid word uitgebeeld sonder om enigsins 'n antwoord op die probleem te gee sodat die leser met die verskeurde land gekonfronteer word en sy eie oplossing moet gee.

## *Toorberg*

Die Moolmans ly aan die skuld van die verlede, die sondes van hul voorvaders, dit is waarom daar droogte oor Toorberg gebring word. Die water wat uit Toorberg verdwyn, is 'n straf op die Moolmans omdat die plaas aan almal behoort. StamAbel

het die grondbrief gekry, maar Jan Swaat en 'n arm pandoer en 'n stief Boesman was ook van die aarde, hulle het saam die land mak gemaak.

Die trots van die Abels het droogte en die totstandkoming van die plaas gebring. Uiteindelik het die boormasjien die Moolmans geknak. Die boormasjien het die aarde laat skud en die voorgeslagte wakker gemaak uit die dood. Dit het ellende op Toorberg gebring en het die sondes van die verlede na vore gebring. "Die droogte wat oor die jare al hoe erger word, is simbolies van hierdie toenemende skuldelas. Al die pogings van die Moolmans om die waterprobleem op te los, soos om 'n kanaal te bou of na water te boor, is tevergeefs. 'n Offer is nodig om vir die skuld te betaal, en hierdie offer word gebring deur die onskuldige kind, Druppeltjie. Hy is 'n Christus-tipe wat deur sy lyding vir ander se sondes moet boet." (Van der Merwe 2000).
Eers wanneer Abel in die slot van die verhaal sy hande in die stof was en hy sy skuld afwas, begin dit te reën en is die land weer volop met water, alles word skoon gewas. Eers wanneer Abel verantwoordelikheid vir sy skuld neem, kan die familie verder gaan met hul lewens. Abel begrawe die boorpunt, daarna sê hy aan sy vrou: "Ella, ek het die skuld afgewas van my hande met die stof van die dooieveld. Laat ons vergeet van die dinge van dié jaar, laat ons vergeet van die masjien, laat ons rein wees met die eerste reën" (bl.36).

Dat die families by Druppeltjie se dood saamgebring is, het egter nie finale versoening tussen die families gebring nie. By Druppeltjie se begrafnis mag die Skaamfamilie nie die Kerk bywoon nie, hulle mag nie die kerk binnekom nie omdat die kerkraad hulle nie toegelaat het nie. Rassisme bereik hier 'n hoogtepunt in die roman, ook met Oneday se inhegtenisneming al is hy onskuldig, en die Afrikaner se skuld word weereens, soos in ander Van Heerden romans, na vore gebring.

Voor Abel se verdwyning het Kaatjie Abel op die windpomp gevind en hom gesê dat hy sy sondes moet vergeet, maar die Moolmans ken nie vergiffenis nie, nie eens vir hulself nie. "Die man met die af arm het Abel tot in Toorberg se solder laat klim om daar, eensaam en tussen ougoed, te sterwe... Miskien het Abel in die lang, donker nagte in die groothuis aan sy vrou vertel wat die winde in die windpompe aan hom sê... het Abel dalk vir Ella vertel van sy gevoelens daardie laaste dag by die boorgat? ...die enigste dag in die lang geskiedenis van Toorberg, dat die hele familie oor iets

saamgestem het?" (bl.183). Abel gee homself ook blykbaar as 'n offer aan God. Abel begrawe die boorpunt omdat hy aanvaar dat hy nie water sal vind nie, hy besef hy kan nie God wees en in beheer wees van alles nie. Hy erken sy skuld en sterf dan skynbaar in vrede op die solder.

Voordat versoening plaas kon vind, moes die verlede van onderdrukking eers gekonfronteer word. Druppeltjie en Abel se dood bring versoening tussen die Moolmans en die Skaamfamilie. Eers na Abel en Druppeltjie se dood kom die reën wat die droogte op Toorberg verbreek, 'n simbool dat God hulle genade gee om 'n suiwer begin te hê. "Hierdie reën is teken van die suiwerende oordeel sowel as van die genade van God. Dit is 'n tipe sondvloed, soos wat Druppeltjie se naam 'Noag' dan ook suggereer (vgl. Genesis 6-9); maar, soos wat God na die sondvloed genade aan die mens bewys het, is die reën hier ook teken van genade — die droogte is beëindig en die lewe kan voortgaan" (C. van der Merwe 2000). Dit is die einde van die Moolmans se eienaarskap van die plaas en die einde van die krisis op Toorberg.

Die hele familie, die Moolmans, Skaamfamilie, Du Pisani's, en die Stieffamilie was almal saam op die plek waar Druppeltjie gesterf het. Dit was die enigste keer wat hulle saamgestem het oor iets, almal het gevoel dat Druppeltjie van sy lyding verlos moes word. Die Skaamfamilie kry 'n tipe stemreg wanneer hulle deelneem aan die besluit oor Druppeltjie se toekoms, dit is nie net die Moolmans wat oor Druppeltjie se einde besluit nie. Abel sou die genadeskoot toedien, "die smarte van die plaas was syne – méér so as enige ander man of vrou wat om die gat was daardie klompie dae" (bl.185). Abel het na die groothuis gestap, alleen in sy studeerkamer sy besluit neem, en teruggegaan na die gat waar die hele familie as getuienisse bymekaar was. "Hy moes geglo het aan wat hy doen, want geloof is al ding wat 'n man sover kan dryf" (bl.185).

Hier word Abel 'n tipe offerbok, hy is die een in *Toorberg* wat die verantwoordelikheid vir Druppeltjie se dood op homself neem en die een wat die boorpunt begrawe. Wanneer Abel doodgaan, gee hy homself as 'n offerbok vir al die sondes wat plaasgevind het. Hy is die offerbok wat homself offer vir heling en vrede. Wanneer hy gevind word, is die transport van die plaas op sy skoot, hy gee sy land af en klou nie daaraan vas soos sy voorvaders nie. Druppeltjie is ook 'n offerbok,

wanneer hy doodgaan, bring hy water. Hy is die onskuldige een wat moet sterf om vrede op Toorberg te bring.

Die verskeurde land en sy mense kan weer heel word noudat versoening plaasvind. Die radikale ontwikkeling wat in die roman plaasvind is 'n teken van heling. Die moontlikheid van heling en versoening word uitgebeeld met almal wat saam stemreg kry oor Druppeltjie. Die reën wat die droogte, letterlik en simbolies, verbreek, rig egter ook skade aan die land en beeld uit dat versoening nie 'n maklike of pynlose proses is nie.

## *Casspirs en Campari's*

In *Casspirs en Campari's* word die verskeurde land op die voorgrond gestel. Erwin en Hari is die nuwe soort Suid-Afrikaners wat in opstand kom teen die apartheidsregering se leuens en gruweldade, spesifiek in verband met projek "sjarme" wat deur Erwin ontmasker word. Vir hulle is 'n multikulturele toekoms moontlik en dit word duidelik in hul babadogter se naam 'Nomso Naomi' wat "genade" en "bringer van blydskap" beteken. Die baba se naam, Nomso Naomi, bewys dat sy van Afrika is en dat dit haar huis is. Hulle hoop dat sy aan 'n generasie behoort wat deel is van 'n demokratiese land wat sonder die skuld van die vader sal grootword. 'n Nuwe toekoms vir Suid-Afrika word deur Nomso Naomi uitgebeeld; 'n nuwe toekoms waar verskillende gemeenskappe en rasse saam smelt is besig om bewaarheid te word. Ook wanneer Erwin en Hari ontsnap word die moontlikheid van 'n nuwe toekoms beklemtoon. Hulle ontsnap uit die tonnel om middernag van 1989 en beweeg in 'n nuwe land en tyd in 1990 in. Die gefragmenteerde lewensnarratief van die tagtigerjare word agtergelaat om 'n nuwe bestaan moontlik te maak, waar 'n ideologiese bevryding van die ou Afrikaner-ideologie plek maak vir 'n nuwe demokratiese ideologie van versoening.

Daar is steeds 'n worsteling met die verlede terwyl daar na die nuwe gestreef word, maar versoening word wel in *Casspirs en Campari's* gesuggereer deur die bevryding van Nelson Mandela aan die einde van die roman wanneer mense van verskillende

rasse saam staan om sy bevryding te sien en ook wanneer die geboorte van Nomso-Naomi hoop vir 'n nuwe generasie inhou.

## *Die stoetmeester*

In *Die stoetmeester* word 'n versoenende beeld saam met die einde van apartheid gegee. Die Joza plakkerskamp en die swart verset se gevoelens word deur MaNdlovu en haar gesin verteenwoordig voor die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika. Soos met *In stede van die liefde, Die swye van Mario Salviati, Die stoetmeester* en *Toorberg*, word meer as een verhaal gelyktydig vertel: Die Butler-gesin en die Thandani-gesin. Die twee families verteenwoordig die twee botsende groepe in die gemeenskap: diegene wat deel is van die swart verset en die blankes wat hul skuld van apartheid konfronteer. Hulle bots oor die vind van die olie, maar hulle bring ook die moontlikheid op versoening in die gemeenskap wanneer hulle 'n noodvergadering hieroor hou.

### Die offerbok

Siener en Ayanda word vriende wanneer Ayanda na Siener gaan om hulp om Talmbongi uit die tronk te kry. Siener is 'n blanke advokaat wat swart families help stry teen die onreg wat apartheid hulle gebring het en wat hulle steeds ervaar. In kontras met die onderdrukte gemeenskap wat hy help, is hy 'n ryk man wat op sy eie bly in 'n groot huis op die rivier. Siener is dus nie deel van die wit gemeenskap nie, maar hy is ook nie deel van die onderdrukte swart gemeenskap nie, hy is verskeur tussen blanke voorreg en swart verset en so kies hy sy eensame posisie in die middel van hierdie twee gemeenskappe.

Siener is 'n skrywersfiguur in die roman. Die skrywer het 'n dubbele rol, sy skryfwerk is speels en kreatief, maar aan die ander kant is sy teks ook 'n uiting van sosiale betrokkenheid. Die spel van kreatiewe skryfwerk is soos Siener se treintjies, dit is iets wat spelenderwys gemaak en gevorm word, maar dit is ook ernstig as gevolg van sosiale betrokkenheid. In *Die stoetmeester* is die kreatiewe skryfwerk betrokke by die versoening wat in die roman plaasvind. Alhoewel Siener iemand is wat van buite kyk,

is hy ook deel van die gebeure wat plaasvind in die teks en beeld hy die trauma wat die gemeenskap en individue deurgaan, uit. Hy is altyd deel van al die karakters en gebeure omdat hy dit aan die leser oorvertel. Hy word 'Siener' genoem omdat hy altyd onder die oppervlak sien wat aangaan en as skrywer altyd weet wat almal dink. Wat hy sien en ervaar, veroorsaak soms konflik en spanning in die roman. Siener se vertelling bring egter heling in homself en maak hom vry van die houvas wat die verlede op hom gehad het. Die sikliese aard van die roman, dat dit eindig waar dit begin het, dui ook op die aanhoudende herskrywe van die verlede wat in Van Heerden se skryfwerk aanwesig is.

Teen die slot van die roman word Siener ontvoer en word hy moontlik vermoor deur sy neef, Cawood. So word Siener die offerbok in die roman. Siener is 'n tragiese held in die roman omdat hy moet sterf om versoening in die gemeenskap te bring. Siener is dus die floubok van die gemeenskap, hy word as offer oorgegee. Die tema van die floubok is hier van belang omdat dit aansluit by versoening en plaasvervanging. Die offer word gesien as 'n versoenende gebaar om vrede te handhaaf. Siener is 'n offerbok omdat hy geoffer word sodat die skeiding tussen wit en swart versoen kan word. Nadat Siener verdwyn, kom Seamus en MaNdlovu in sy huis tot versoening en is daar weer hoop vir die gemeenskap en die verhouding tussen wit en swart mense.

Siener noem sy floubokkie Tragos, wat Grieks is vir 'bok' en verband hou met tragedie. Volgens Aristoteles werk die tragedie as 'n katarsis en bring dit suiwering. Die bok is in die Griekse teater geoffer vir suiwering, so ook moet daar 'n tragiese held ly en dikwels sterf as die offerbok in die tragedie. Siener is die tragiese held wat sterf om suiwering oor die Kei te bring. As Siener geoffer word, bring hy heling. Siener los die roman agter as hy verdwyn, en die roman kan as 'n offer gesien word wat hy agterlaat. Siener se skeppende skryfwerk kan versoening bring en is dus 'n simbool van hoop.

**Versoening**

MaNdlovu speel 'n belangrike rol in die versoening in die gemeenskap. Sy hou sterk vas aan haar tradisies en dra dit oor aan haar kinders en gemeenskap. Sy simboliseer die bewuswording van die Afrika-vrou wat terug wil vat wat die blankes van haar

gemeenskap weggevat het gedurende apartheid. MaNdlovu en Seamus ontmoet die eerste keer in Siener se leë huis by die rivier. Hier besluit hulle om almal van die dorp saam te roep sodat almal die geweld in die Kei kan stop sit. Die rivier wat die twee gemeenskappe verdeel is dus teenwoordig wanneer hulle versoen word en bring reiniging in 'n land wat besmet is van bitterheid en konflik.

Trauma op huweliksvlak word ook in die roman na vore gebring. Sarah dra die las van Seamus se depressie by haar en sy moet hom altyd ondersteun, "sy is nie 'n mens met baie sterk voorkeure of afkere nie. Sy vra na geluk; dis al" (bl.175). Sarah is ook die tussenfiguur tussen Seamus en Cawood, die een wat hulle van mekaar probeer beskerm. Sy probeer vrede handhaaf tussen haar man en seun, maar hul wedersydse woede is by tye sterker as sy en sy kan net bystaan om die stukke op te tel en hulle dan weer te probeer versoen.

Sarah is verantwoordelik om Seamus se angsaanvalle van die hele gemeenskap en hul seun weg te steek. "Dit is asof Seamus se depressie oor jare heen ook in Sarah se gemoed ingesypel het" (bl.14). Sarah is steeds lief vir haar man en weet, "ten minste is Seamus bereid om die afgronde wat ons almal in ons ronddra, aan te durf... as jy jou lewe moet slyt waar ek myne slyt, gevange in jou man se probleme, oorweldig deur sy smarte, dan is daar net hoop, hoop en nogmaals hoop" (bl.176). Sy het geleer om haarself te beskerm sodat sy nie ook depressief raak nie, "Deur die jare het sy egter geleer om soms nie vrae te vra nie. Dit is haar manier om haarself te probeer beskerm; sy moes 'n ruimte probeer behou lós van sy angs en depressie, sodat sý kon oorleef" (bl.297).

Sarah en Seamus word versoen wanneer hulle saam staan teenoor die boere en besluit om teen die geweld te baklei en nie saam met die boere teen die swartmense te baklei nie. Hulle kies om voort te beweeg na 'n nuwe toekoms en om nie in die verlede vasgevang te bly nie. Talmbongi en MaNdlovu word ook versoen na 'n hewige rusie en stap saam in die optog teen die olie en om te veg vir hul volk se regte. Hulle streef ook, soos Seamus en Sarah, na 'n nuwe toekoms van versoening in 'n verskeurde land.

**Die rivier**

Die rivier loop deur die middel van die dorp en deel die gemeenskap in twee. Dit skei die stedelinge van die plakkersgemeenskap van Joza, dit skei die bevoorregtes van die minderbevoorregtes en dit skei die onderdrukkers van die onderdruktes. Die rivier is 'n ambivalente simbool omdat dit die dood simboliseer, maar terselfdertyd is dit 'n simbool van die lewe. Die rivier is in Griekse mitologie 'n simbool van die dood en dit sluit aan by die temas van die offerbok en van sterwe. Die rivier is egter ook 'n simbool van die lewe omdat dit suiwering bring en so ook heling en versoening bring. Die rivier suggereer die moontlikheid van versoening in 'n verskeurde land, maar dui ook aan hoe naby versoening en verwonding aan mekaar lê.

## *Kikoejoe*

In *Kikoejoe*, word versoening 'n moontlikheid in 'n verskeurde land. Van Heerden beeld die moontlikheid van heling uit deur die offer van twee vroue om die skuld van die verlede te betaal. Na Tsitsi se verkragting suggereer die Kersfees-vierings dat die lewe wel voortgaan. Tsitsi word geoffer om die kollektiewe psige se skadukant in 'n verskeurde land te konfronteer, wat versoening bring. Ook die dood van Fabian se geliefde word as 'n offer gesien wat die skuld van die vaders betaal en heling bring. "Die sterwe van die twee beeldskone, onskuldige jong vroue dui waarskynlik nie net op die vernietiging van die paradys nie; hulle is ook argetipiese sondebok-figure wat, soos in Etienne Leroux se *Een vir Azazel*, vir die duiwelse monster geoffer moet word om vir menslike skuld te betaal en die voortsetting van die lewe moontlik te maak. Die sondebok-tema is ook aanwesig in die dramatiese toneel waarin die onskuldige Reuben deur die werkers bedreig en daarvan beskuldig word dat hy die staldeur oopgelos het sodat Jacoby se perd Valour ontsnap het. Die werkers, gedagtig aan die gruwelike straf wat Windpomp gekry het vir die hek wat hy oopgelaat het, soek 'n sondebok, en die vinger word na die onskuldige Reuben gewys (bl.283)" (Van der Merwe 2006).

Die "vaders" wat verantwoordelik is vir apartheid en die trauma wat dit veroorsaak, moet gekonfronteer word om versoening in 'n verskeurde land te bring. In Fabian se

worstel met die verlede word die verlede gekonfronteer en word die trauma van apartheid op die voorgrond gestel. Dit is egter die offerbokke wat moet sterwe om die skuld van die vaders te betaal om versoening moontlik te maak in 'n verskeurde land.

## *Die swye van Mario Salviati*

In *Die swye van Mario Salviati* vind versoening op kollektiewe en individuele vlak plaas. Tallejare word as 'n mikrokosmos van Suid-Afrika uitgebeeld wat die verskeurde land met verwonde mense uitbeeld. Versoening op individuele vlak word uitgebeeld deur die verhouding tussen Rooibaard en Ouma Siela Pedi wanneer Rooibaard uiteindelik sy skuld oor die verlede konfronteer en heling vind. Op kollektiewe vlak vind versoening plaas deur die konfrontasie van die verlede, 'n verlede van rasseskeiding en skeiding tussen families as gevolg van die Kruger-goud. Kuns suggereer ook die moontlikheid van versoening deur die beeld van Visman Steier. Trauma kan positief omgesit word in kreatiwiteit wat versoening en heling moontlik maak. Hierdie positiewe kreatiwiteit kom nie net in die skryfkuns voor nie, maar in verskillende kunsvorme, soos reeds genoem in *Kikoejoe*. In *Die swye van Mario Salviati* is daar heelwat verwysings na die kuns: Jonty Jack, Ingi Friedländer en Mario Salviati is almal kunstenaars. Jonty is 'n houtsnyer en beeldhouer en Mario Salviati is 'n klipsnyer en die bouer van die blitswaterkanaal, maar het ook die Maria-beeld op Berg Onwaarskynlik gebou. In die roman word die kuns gebruik om die geskiedenis te dokumenteer, en om bestaande konvensies af te breek; om mense te beskerm teen kortsigtigheid deur kuns grensverskuiwend te maak.

### Kuns

"But then, the same loss of certainties – the same letting go – can spur imagination to new creativity" (Kirby Farrell. *Post-traumatic Culture*. 1998:xiii).

Die verhaal begin met 'n museum in Kaapstad wat Jonty Jack Bergh se beeld *Visman Steier* wil koop omdat dit die nuwe demokrasie representeer. Dié beeld is 'n simbool van die versoening wat in dié verwonde land 'n moontlike werklikheid begin word. *Die swye van Mario Salviati* beeld 'n nasie uit wat smag na kunstenaars met goddelike

talente wat demokrasie en die reënboognasie kan verteenwoordig, maar Jonty weier om sy beeld te verkoop omdat hy dit nie in diens wil stel van politieke propaganda nie.

Jonty verkies om op sy eie te bly, hy woon apart van Tallejare omdat hy as 'n buitestander gesien word omdat hy 'n kunstenaar is; die inwoners van Tallejare begryp nie heeltemal sy kreatiwiteit nie. Die inwoners van Tallejare verstaan nie die kuns en wat dit simboliseer of kunstenaars nie. Hulle sien kunstenaars as mense wat God se skepping naboots en afgode skep. Selfs Visman Steier word deur sommige inwoners as 'n afgod gesien. Die inwoners sien Jonty se beeldetuin as 'n duiwelstuin, en nie as 'n kunswerk wat gerig word teen bestaande konvensies nie, as iets wat die geskiedenis eerlik uitbeeld sonder om meesternarratiewe slaafs na te volg. Jonty sien sy beeldetuin as 'n alternatiewe narratief van Tallejare se geskiedenis.

Jonty besef dat Ingi meer oor die verlede van Tallejare probeer uitvind. "Oral vind sy meer uit, weet hy. Oor hom. Oor sy pa, Karel Skoonveld. Oor sy ma, Lettie Pistorius. Oor al die dinge wat maar liewer verswyg en in beelde vasgelê moet word. Want die kuns kan die verlede soveel beter vasvat as die geskrifte van historici. Hoe sal jy ooit 'n gemeenskap soos dié van Tallejare begryp as jy net na datums en gedwonge verskuiwings en wette en feite kyk?... Nee, kom julle na my beeldetuin, en daar sal julle die ware historie vind. Kyk hoe daardie narre en verknotte basters vir mekaar kyk... Kom na my beeldetuin, en julle vind die verdriet, die trane, die bloed, ja, die outydse begrippe" (bl.163-164). Jonty se kunswerke beeld die ware geskiedenis uit, nie valse herinneringe van gewelddadige gebeurtenisse nie, die kunswerke beeld die ware pyn wat met die traumatiese geskiedenis gepaard gaan uit. Kuns is hier 'n kreatiewe konfrontasie van trauma wat uiteindelik versoening en heling bring. Die kuns skep 'n alternatiewe narratief wat help om heling te bring omdat dit 'n nuwe lewensnarratief skep in plaas van die een wat deur trauma verwoes is.

"En is dit nie so dat die verhaal van Tallejare ook die verhaal van kunstenaars is nie? Het Mario Salviati nie met sy Mariabeeld in opstand gekom teen stiksienigheid nie? En voor hom: Tietie Xam! se mense, wat teen grotwande geteken het; en daardie kaptein William Gird, wie se tekeninge in die koningshuis hang; en ook: Meerlust Bergh en sy ontwerper-vrou, Irene Lampak – wat in die modewêreld van hul tyd die

grense van lyn en interpretasie, van grasie en tekstuur, so ver versit het? Tallejare had sy kunstenaars, ja. Hulle het altyd teen konvensies ingegaan – in so 'n mate dat die verhaal van Tallejare eintlik 'n huldiging aan sy kunstenaars is – daardie dokumenteerders van verdriet en mitologie. Ja, die kunstenaars het hul merk op die landskap gelaat..." (bl.164). Die kunstenaars van Tallejare het 'n alternatiewe identiteit en weergawe van die geskiedenis aan die gemeenskap gegee en, soos reeds gesê, is die verhaal van Tallejare ook die verhaal van kunstenaars, diegene wat verantwoordelik is vir verandering en versoening in verskeurde gemeenskappe.

Die Italiaanse krygsgevangenes is almal Katoliek, maar word deur hul werkgewers geforseer om na die Calvinistiese kerk te gaan en hul eie geloof te onderdruk. Mario Salviati het egter besluit om hierdie kortsigtigheid teenoor geloof teen te spreek en het binne drie maande 'n beeld van klip in die vorm van moeder Maria op Berg Onwaarskynlik geskep, sodat die Italianers bymekaar kan kom om hul geloof te vier. Die kerk en die kerkraad het die beeld van Maria 'n afgod genoem en het twee mans gestuur om die beeld af te breek. Toe die twee mans by die beeld aankom, het Mario Salviati voor die beeld gestaan en geweier dat hulle dit afbreek. Hulle kon nie met hom redeneer nie, omdat hy nie kan praat nie. Toe die twee mans hom daar sien staan voor sy kunswerk, het hulle besef hoe sterk Mario Salviati en die ander Italianers oor hul geloof voel en besluit om die beeld daar te los. So los die kunstenaar dus sy stempel op die landskap, net soos GrootKarel Bergh gemaak het met die blitswaterkanaal. Die Maria-beeld het die inwoners van Tallejare gelei tot die aanvaarding van ander gelowe en het iets sag en vroulik aan die geloof gegee in kontras met die harde Calvinisme waar streng reëls die orde van die dag handhaaf. Mario Salviati wil die godsdiens-belewing van die dorp verruim; hy wil 'n 'alternatiewe' religie vestig waarin daar ook ruimte vir die vroulike (Maria) is. Hy wil wys dat kuns volheid aan die lewe gee en heling aan die samelewing kan bring.

Die blitswaterkanaal van GrootKarel Bergh kan ook as 'n kunswerk gesien word. Dit is 'n kuns wat die grense van die menslike redelikheid uitdaag omdat dit letterlik water teen swaartekrag opstoot oor die berg. GrootKarel sien egter net hoe sy kunswerk misluk en word getraumatiseer deur die mislukking van sy groot droom. 'n Paar dae later word sy droom waar, maar hy is nie daar om dit te sien nie, hy het te vinnig weg gehardloop van die vingers wat na hom gewys sou word deur die inwoners van

Tallejare. Hy was te bang vir die kritiek wat hy sou ontvang en het besluit om eerder weg te hardloop van sy probleme.

**Offerbok**

Ingi ervaar 'n diep aangetrokkenheid tot Mario Salviati en probeer hom bevry van generaal Taljaard wat 'n houvas op hom het. Die generaal hou Mario gevange omdat hy dink dat Mario weet waar die goud is. Die Italianer is reeds getraumatiseer deur die dood van sy geliefde, Edit Bergh, wat haarself vir hom geoffer het. Hy is doof, stom, blind en eensaam in 'n vreemde land en al wat hy kan doen is om te swyg. Nadat sy belangrikste sintuig, reuk, verdwyn, sterf hy en bevry hy die inwoners van Tallejare van die houvas wat die goud op hulle het. Offergawes kom dikwels voor in Van Heerden se romans en Mario Salviati kan as 'n offerbok gesien word, net soos Tsitsi in *Kikoejoe* en Siener in *Die stoetmeester*. Mario wy homself aan Karel Bergh toe en bring water, 'n simbool van reiniging en lewe, aan die dorp. Mario is 'n gestremde, want hy is doof, stom en blind, maar sy van, Salviati, hou verband met 'Salvation', en hy kan as 'n verlossersfiguur gesien word, wat die dorp verlos van hul sosiale en kollektiewe skuld deur die geheim van die goud vir homself te hou. Tussen al die skuld en konflik in die dorp, is daar Salviati, die man wat 'Salvation' bring en getrou is tot die dood toe aan GrootKarel. Die titel van die roman *Die swye van Mario Salviati* kom dus van Mario wat homself as offergawe oorgee om versoening in die dorp te bring.

**Ouma Siela Pedi en Rooibaard**

Ouma Siela Pedi word gedurende Veldkornet-hulle se reis met die swart koets opgelaai. Sy word 'n jaar lank deur hulle gevange gehou en die mans het beurte gevat om haar te verkrag. Ouma Siela Pedi en veldkornet Pistorius het egter op mekaar verlief geraak. Veldkornet Pistorius het gedurende die swart koets se reis 'n sangoma besoek om van sy liefde vir Ouma Siela Pedi ontslae te raak omdat sy van 'n ander velkleur is. Hy ly aan die trauma van 'n liefde vir iemand saam met wie hy, as gevolg van sosiale reëls, nie mag wees nie. Die sangoma het gevra vir een van die gesoute kinderhandjies uit die konsentrasiekampe om veldkornet Pistorius te bevry van sy gedoemde liefde. Die sangoma het die pinkie van die handjie in 'n drankie vir hom

gemeng en hom dit laat drink. Die gesoute kinderhandjies van die konsentrasiekampe word later begrawe nadat die veldkornet homself in Tallejare gevestig het en word 'n herdenkingsmonument wat deur die inwoners van Tallejare "Kinderhandjies" gedoop word. Veldkornet Pistorius loop elke dag daar verby en word herinner dat een van die kinderhandjies nie daar begrawe is nie omdat hy dit aan die sangoma gegee het; dit is iets wat skuldgevoelens by hom opbring, oor die handjie en oor wat hy aan Siela Pedi gedoen het.

Toe die geselskap in Tallejare aankom, het Rooibaard vir Siela Pedi geïgnoreer en haar weggestoot. Sy het by veldkornet Moloi liefde gevind en hulle is toe getroud. Aan veldkornet Moloi vertel sy alles wat met haar gebeur het gedurende haar reis met die sewe manne. Pistorius laat haar in rus en vrede op Tallejare sodat sy 'n nuwe lewe kan begin, maar sy is getraumatiseer deur die mishandeling en Pistorius wat haar weggestoot het. Ouma Siela Pedi en veldkornet Pistorius kom egter tot versoening en Jonty was die dag daar toe Ouma Siela Pedi sy oupa vergewe het. Vergiffenis bring verlossing van skuld en bitterheid en bring heling aan mense. Dit word uitgebeeld deur Veldkornet Pistorius wat die beentjie van die gesoute kinderhandjie opgooi en so van sy skuldige gewete oor die kinderhandjie en sy verhouding met Ouma Siela Pedi bevry word.

**Konfrontasie met die verlede**

Die verlede word begrawe wanneer Ingi die laaste kaart, Mario Salviati se klip, wat Goudseput aandui, weggooi. 'n Simplistiese verband tussen waarheid en versoening word afgebreek. Sekere kennis is te veel vir die mense, omdat dit gierigheid opwek en konflik sal veroorsaak. Ingi is soos Christine in *In stede van die liefde*, sy wil die hele waarheid weet, maar vind nie alles uit nie en besluit om vorentoe te beweeg en om aan te gaan met haar lewe. Van Heerden se skeptisisme oor die volle waarheid kom hier na vore.

Die waarheid oor die goud sterf saam met Mario Salviati en die verwerking van die verlede en die versoening met die verlede kan uiteindelik plaasvind. Die inwoners is nou seker dat die goud nooit gevind sal word nie en hulle is vry van die houvas wat dit op die dorp gehad het. Die Berghs en die Pistoriusse is ook nou vry van hul skuld

van die goud en verskillende rasse kan nou ook na apartheid in vrede saam lewe soos hulle vrede maak met die verlede. Die roman konfronteer die verlede en suggereer dat versoening wel 'n moontlikheid is. Tallejare, as metafoor vir Suid-Afrika, beeld dus versoening op 'n kollektiewe vlak uit.

## *In stede van die liefde*

### Helende figure

Beide Freddie, die *entertainment manager*, en Miss Paai, die hotelbestuurder, is karakters wat heling help bring. As bestuurder hou Miss Paai alles in orde in die hotel en maak seker dat na almal omgesien word en Freddie hou almal gelukkig as 'n nar-agtige karakter, maar terselfdertyd hou hulle 'n oog op almal en help hulle om vrede in dié arm gemeenskap van Matjiesfontein en sy besoekers te handhaaf. Freddie Portier, wat verbeeldingryk is, en Miss Paai, wat rasioneel is, verwys ook na twee kante van die menslike persoonlikheid en van die samelewing. Die rasionele en die verbeelding moet versoen en verbind moet word om sin te maak van die lewe en om versoening tussen teenstrydighede in die lewe te bring. Dié twee karakters moet saamwerk om harmonie te bring in die getraumatiseerde samelewing van Matjiesfontein in *In stede van die liefde*.

### Kuns en heling

Karakters soos Freddie as die "entertainment manager", Hildegard met haar orrel en selfs sersant Jollies met die "purper prosa" in sy verslae is almal "kunstenaars." Hildegard se lewensnarratief ontwikkel, sy leer om haar pyn te konfronteer en dit 'n uiting te gee deur orrel te speel. Wanneer sy orrel speel, kan sy haarself bevry van die houvas wat haar traumatiese verlede op haar het. Hildegard leer dus om haar skadukant te konfronteer en haar trauma in kreatiwiteit om te sit en so heling te vind.

Daar vind 'n versoening tussen die verwerking van die verlede en die soeke na 'n nuwe toekoms in die roman plaas. Hierdie versoening kom baie duidelik te voorskyn by die karakter Sersant Fiellies Jollies van die Touwsrivier kantoor, wat ingeroep word om

Snaartjie se verdwyning te ondersoek. Sersant Jollies bekyk en ondersoek alles en almal tydsaam, versigtig om nie te vinnig 'n besluit te neem oor wie die skuldige is nie. Hy is 'n geduldige man, 'n man wat nie opgee nie, 'n langafstand-atleet wat met 'n stewige pas na sy eindpunt beweeg en nie oorhaastig soos 'n kortafstand-atleet is nie. “Sersant Jollies maak sy notas maar hou sy rede. Hy skryf sy prosa maar sorg dat drama en daad mekaar nie groet nie. Hy weet hoe om koue aksie in te klee met geur en kapittel. Die lewe, weet hy, is nie koue feite nie, maar 'n konkoksie van verwagtinge en verswygings” (bl.279). “Die roman is verder ook 'n speurverhaal, waarin sersant Jollies 'n mens laat dink aan die magistraat van Toorberg , maar ook herinner aan Demothenes H. de Goede, Etienne Leroux se speurder. Die speurverhaal word in diens gestel van die ondersoek na die verlede. Die oplos van 'n saak is immers 'n poging om die gebeure van die verlede te rekonstrueer en dit, glo sersant Jollies, verg 'n goeie storieverteller” (Burger 2005). Die verlede en die soeke na 'n nuwe toekoms word in sersant Jollies en sy verhale verenig wat dit vir hom moontlik maak om versoening te bring. “In rekonstruksies van die verlede, deur speurder of terapeut, word die skuldvraagstuk onvermydelik betrek: skuld van geliefdes aan mekaar, van een generasie of een groep aan 'n ander. Die ingewikkelde misdaadsaak, die moeisame verhoudings tussen mense en die onpeilbaarheid van die individuele psige bevestig saam met die verwikkelde vertelwyse dat skuld nie eenvoudig is nie” (Burger 2005).

Sersant Jollies is 'n randfiguur wat tekens gee van hoe 'n mens met verwonding leef en dit oorkom. Hy het tydens apartheid vir die regering gewerk, al is hy 'n kleurling, en is daarom deur die kleurlinge as 'n verraaier gesien. Hy het egter hierdie verwonding oorkom en 'n held en 'n rolmodel geword in die nuwe Suid-Afrika, “Met die voortreflik getekende karakter Fielies Jollies, 'n suksesvolle polisieman wat sy ondersoeke as ontluikende stories benader, bied Van Heerden 'n blik op veranderinge in die magshiërargie tussen wit en bruin” (Visagie 2005). By sersant Jollies vind daar dus versoening tussen verlede en toekoms plaas, maar sy lewensloop suggereer ook dat verskeuring naas versoening lê. Sersant Jollies beeld die volle siklus van trauma uit, van verwonding tot versoening en is die roman se onverwagte held.

Die verskeurde land se versplinterde psige is 'n sentrale tema. Die roman “beeld 'n land met 'n versplinterde psige uit, waar die mooi vooraansig op Stellenbosch weinig

weet van die armoede van Matjiesfontein en die misdaad in Seepunt. Arm en ryk; wit, bruin en swart; Nigeriërs en Suid-Afrikaners vind hier verhaalmatig 'n verbintenis wat meestal in die werklikheid ontbreek. Christian se strewe om Stellenbosch, Seepunt en Matjiesfontein in homself tot versoening te bring, is ook van toepassing op 'n land waar kennisname van die skadukant 'n voorwaarde tot heelwording is" (Van der Merwe 2007:112).

**Moontlike versoening**

Die verwerking van die verlede in die kollektiewe psige in *In stede van die liefde* sluit aan by Van Heerden se ander romans soos *Die swye van Mario Salviati* waar die verlede gekonfronteer moet word om versoening te bring. Trauma is egter moeilik om te "vertel." Kalí Tal noem dat "Traumatic experience catalyzes a transformation of meaning in the signs individuals use to represent their experiences. Words...gain new meaning, within the context of the trauma, and survivors emerge from the traumatic environment with a new set of definitions" (1996:16).

Die herhalende patrone van trauma kom te voorskyn in elke karakter. Daar is eers verskeuring in hul lewensnarratief, dan aanvaarding en daarna kom moontlik genesing. Hierdie traumatiese siklus van herhalende verwonding kan uiteindelik bevryding en versoening bring. Christian word uiteindelik versoen met sy gesin en staan vir sy seun op wat versoening tussen vader en seun moontlik maak. Terselfdertyd besef Christian sy liefde vir sy vrou. Hy het sy egoïstiese bestaan laat vaar en besluit om sy lewe in Seepunt met haar te deel. Die verlede en verglyding kan moontlik gekonfronteer word wat tot heling en versoening kan lei, maar die skrywer gee nie 'n antwoord hierop nie en die oop einde van die roman los die leser met die vraag of daar wel versoening gaan plaasvind. "Die roman verwerp maklike versoening deur bloot te bieg of die verlede te herskryf - idees wat dikwels in die onlangse letterkunde en (populêre) sielkunde gevind word. Die konstruksie van 'n gemeenskaplike geskiedenis ten einde die gapings tussen mense te oorbrug, is onsuksesvol - almal bly toeriste in 'n vreemde wêreld. 'n Konfrontasie met die verlede bring ook vir die individu geen eenvoudige heling nie. 'n Nuwe meesterverhaal wat 'n rigting uit die verglyding bied, bestaan nie. Daarom ontstel die roman. Slegs die liefde

bly, en die hoop om woorde daarvoor te vind, hoogstens op persoonlike vlak" (Burger 2005).

Na die traumatiese siklus vind Christian en Christine hulself terug by dieselfde probleem in hul verhouding, maar Christian het besef daar is "geen bevredigende plaasvervanger vir die liefdesband tussen gesinslede nie: in die slot van die roman keer die Lemmers saam terug na hulle gerieflike gesinswoning in Stellenbosch, en Christian begin om sy geheime aan Christine te bely in 'n poging om sy liefde vir haar te beseël. Vir sowel Christian as Christine is dit 'n uitdaging om vanaf die "other side" waarvan Leonard Cohen sing, met ander woorde die gekwelde ervaringswêreld wat vir die ander in die liefdesverhouding verborge is, na mekaar uit te reik" (Visagie 2005). Soos die duifmotief reeds gesuggereer het, keer Christian soos 'n duif weer terug na sy tuiste, na Christine om versoening te vind en 'n nuwe lewensnarratief te skep.

Die slot van die verhaal suggereer 'n nuwe begin vir Christian en Christine; hulle het moontlik versoening gevind deur eerlik met mekaar te wees. Die roman bied genesing in terme van die sirkelmotief van die roman, die terugkeer na 'n "vandaan", die soektog na identiteit in terme van die ek en die ander, die worsteling met die onderdrukte geheue en die verwonde land met sy verwonde mense. Die slot van die roman is egter ook 'n terugkeer na die begin van die verhaal, wat suggereer dat die versoeningsproses nooit heeltemal tot 'n einde kom nie omdat die slot 'n nuwe begin is.

"Die oop einde dra aan die leser die verantwoordelikheid oor om op die gelese verhaal te reageer en te besluit hoe die romanwerklikheid met die werklikheid van die lewe verbind moet word. 'The significance of a story wells up from the intersection of the world of the text and the world of the reader', beweer Ricoeur (1991:430); die geskrewe teks moet lei tot die herskrywing van die lewensverhaal" (Van der Merwe 2007:112).

# *Hoofstuk 6: Konklusie*

Die doel van hierdie tesis was om Van Heerden se oeuvre te analiseer in terme van narratief en trauma. Ek het gevind dat die intratekstuele gesprek tussen Van Heerden se romans eenheid aan sy oeuvre gee en ook verskillende moontlikhede van heling uitbeeld. Die herskryf van die verlede en die verwerking van trauma kom deurlopend in Van Heerden se skryfwerk voor en is 'n belangrike tema in sy oeuvre. Soos bespreek in die hoofstuk 'Versoening', kom die moontlikheid van versoening herhaaldelik voor in Van Heerden se romans. Versoening vind nie altyd dadelik plaas nie, maar dit word wel uitgebeeld as 'n moontlikheid en ook dat dit 'n moeilike en pynlike proses is. In *Toorberg* word moontlike versoening uitgebeeld deur die gesamentlike besluit op Toorberg, in *Casspirs en Campari's* word die hoop vir versoening uitgebeeld deur Hari en Erwin se dogter, in *Die stoetmeester* word versoening uitgebeeld deur Seamus en MaNdlovu wat heling in die verskeurde gemeenskap bring. In *Kikoejoe* word heling uitgebeeld deur trauma wat tot kreatiwiteit omgesit word, in *Die swye van Mario Salviati* word heling uitgebeeld deur die herskryf van geskiedenis en deur Mario wat homself opoffer om versoening in die gemeenskap te bring en in *In stede van die liefde* word versoening op individuele en kollektiewe vlak gesuggereer deur Christian en Christine wat moontlik tot versoening gaan kom.

Etienne van Heerden se romans beeld verskillende aspekte van narratief en trauma uit. Van Heerden is deurlopend besig met temas in verband met trauma in sy skryfwerk, soos: die verwerking van die verlede, op individuele en kollektiewe vlak; kwessies rondom identiteit nadat 'n lewensnarratief deur trauma verwoes is; die soeke na 'n nuwe toekoms en versoening, versoening met die self, in die gesin en in die land. Om die verlede, die skuldgevoel van die Suid-Afrikaner gedurende en na apartheid, en die verwonding van mense gedurende apartheid te verwerk, moet die onderdrukte waarheid uitkom oor wat in die geskiedenis gebeur het.

Belangrike temas in Van Heerden se oeuvre, wat vanaf *Toorberg* tot *Asbesmiddag* op mekaar bou en verband hou met trauma en narratief, is: die Karoo-wêreld wat herbesoek word; die stadswêreld wat die landsgrense verskuif; kreatiwiteit wat uit

trauma ontstaan; die verhouding tussen vader en seun, heling op individuele en kollektiewe vlak en die tema van die offerbok. Die soeke na versoening, na heling en identiteit is van belang ten opsigte van al hierdie temas. Die temas bou op mekaar en vlek die trauma waardeur mense op 'n daaglikse basis gaan, oop. Hierdie intertekstualiteit help om Van Heerden se oeuvre tot 'n eenheid te vorm.

In *Kikoejoe* dink die skrywer Fabian oor sy eie skryfwerk: "Is elke verhaal nie maar 'n terugkeer na 'n vorige nie, 'n voortbouing, 'n aanvulling – of selfs 'n proses van verraad nie? Dit is tog waarin die geheue uitmunt: verraad teenoor die verlede en húlle met wie jy die verlede gedeel het" (bl.133). Van Heerden se romans is in "gesprek" met mekaar in hul uitbeelding van die verlede en hoe die verlede verwerk word. Verskillende karakters se diskoerse met mekaar en die veranderings waardeur hulle gaan, toon parallelle in verskillende romans. In *Kikoejoe* beeld Van Heerden rasseverhoudings in die Suid-Afrikaanse samelewing uit, wat sy werk deurtrek en gedurig aan die verander is, vanaf *Matoli* tot *Asbesmiddag*. *In stede van die liefde* verwys na ander werke van Van Heerden en is duidelik in 'n gesprek met sy ander romans, soos *Toorberg*, *Casspirs en Campari's* en *Die swye van Mario Salviati*. Die meesleurende *In stede van die liefde* betrek subtiel die magistraat in *Toorberg* en die Karoo word weer hier betrek soos in *Die swye van Mario Salviati* en *Kikoejoe*. *My Kubaan* is ook betrek deur die tema van die grensverhaal. Andries Visagie skryf op www.litnet.co.za dat "*In stede van die liefde* is Etienne van Heerden se *Gesamtkunstwerk*, nie net omdat dit 'n sintese van sy oeuvre is nie, maar ook omdat dit so 'n omvattende ondersoek is na die diversiteit en veelstemmigheid van die menslike bestaan aan die begin van die 21ste eeu" (2005).

In Van Heerden se romans ondergaan die tema van verwonding en verskeurdheid 'n ontwikkeling. Hierdie tema word onder andere uitgebeeld in die verhouding tussen vader en seun en tussen blanke mense en die "Ander." Die verhouding tussen die blanke mense en die "Ander" verander van onderdrukker en onderdrukte gedurende apartheid na 'n meer gelyke verhouding na 1994 met die begin van demokrasie. Die verhouding tussen vader en seun verander van die seun wat in opstand is teen die vader tot die vader as gesagsfiguur en weer terug in 'n sirkelmotief as die seun in opstand teen die vader. Vanaf *Toorberg* tot *Die stoetmeester* word die skuld van die vader aan die seun oorgedra en die seun kom in opstand teen die vader. Die seun word

deur sy vader verwond en anders as in Van Heerden se vroeër romans vind ons in *Kikoejoe* dat die seun sy verwonding konfronteer en versoening plaasvind tussen vader en seun, al is sy vader reeds oorlede. In *Die swye van Mario Salviati* konfronteer die seun die skuld wat sy vader aan hom oordra en styg hy bo dié verwonding deur dit om te sit tot 'n positiewe krag waarmee hy kuns skep. In *In stede van die liefde* word die vader 'n simpatieke gesagsfiguur en vind versoening tussen vader en seun plaas: in *Asbesmiddag* wil dit voorkom asof die seun vir die vader opstaan, maar dan kom hy later weer in opstand teen die vader. Die verhouding tussen vader en seun beweeg, soos meermale in Van Heerden se romans, in 'n sikliese patroon waar vordering plaasvind, maar dan weer terug beweeg word na die trauma.

Die verhouding tussen vader en seun kan ook as 'n politieke verhouding gesien word in terme van die verskeurde land. Hier is die "vader" die metafoor vir die patriargale apartheidsregering wat die "Ander" onderdruk en verwonding veroorsaak. Teenoor die "vader", is die "seun" wat meer krities na die politieke situasie in die land kyk, wat besef dat dit verkeerd is en in opstand kom teen die "vader". In *Matoli* is Kobus bewus van die magsverhouding, maar hy word deur sy "vader", die blanke samelewing, gedwing om die blanke ideologie te volg. In *Toorberg* verwond die Abel-vaders hul seun(s) en dra die Abel-vaders hul skuld aan die seuns oor en die seuns moet die Abel-vaders se boetes en skuld betaal. *Casspirs en Campari's* draai egter die hele proses om en die sentrale karakter kom in opstand teen die "vader", die onderdrukker, en staan saam met die swartmense om teen apartheid te veg, maar voel steeds skuldig omdat hy sy vader verraai. In *Die stoetmeester* dra die vader sy verwonding aan sy seun oor en is dit die seun wat die vader kritiseer oor die politieke situasie in Suid-Afrika. Hierdie opstand word verder uitgebrei in *Kikoejoe* waar die seun in opstand kom teen die vader, maar terselfdertyd versoening met die vader probeer vind. In *Die swye van Mario Salviati* beeld Jonty die seun wat bo die opstand styg en opstaan vir wat reg is, uit en in *In stede van die liefde* probeer die vader die seun beskerm van die skuld van die verlede.

Skuld is 'n belangrike deel van die trauma wat gekonfronteer moet word voordat versoening, op individuele en kollektiewe vlak, kan plaasvind. Die skuldmotief in Van Heerden se romans kom reeds in *Matoli* voor waar dit op individuele vlak deur Kobus uitgebeeld word. In *Toorberg* word die skuldmotief op 'n kollektiewe vlak

uitgebeeld deur die boetedoening van die Moolmans. In *Casspirs en Campari's* en *Kikoejoe* is dit die "seuns" wat met die skuld van die "vader" worstel. In *Die stoetmeester* beeld Seamus en Ayanda die worsteling met die skuld van die verlede uit wat uiteindelik versoening op individuele en kollektiewe vlak bring. *Die swye van Mario Salviati* beeld ook die skuld op 'n kollektiewe vlak uit: almal ly aan die skuld van die verlede en moet dit konfronteer om versoening in die gemeenskap te bring. In *In stede van die liefde* is dit die skuld van die vader teenoor sy familie wat gekonfronteer moet word sodat hy heling kan vind in 'n samelewing wat steeds met die skuld van die verlede worstel al is apartheid verby. Daar is ook sprake van Christian se skuld teenoor sy vrou. In die slot wil hy versoening vind deur sy "afdwalings" aan haar te bely en hom aan die liefde toe te wy.

Die verhaal van *Matoli* stel die trauma van apartheid op die voorgrond en beeld die verhouding tussen die onderdrukker en die onderdrukte uit, maar terselfdertyd ondermyn dit dié magsverhouding en dui dit op die toekomstige magsverandering wat op Suid-Afrika wag. Geen versoening tussen die onderdrukker en onderdrukte vind plaas nie en die randfigure ly onder hierdie magsverhouding. Hierdie verhouding tussen onderdrukker en onderdrukte ontwikkel in *Toorberg*, waar versoening 'n moontlikheid begin word. In *Toorberg* word skuld en boete van geslag na geslag oorgedra tot die offer van die onskuldige Druppeltjie om versoening op die plaas te bring. Die roman beeld die verskeurde land uit, maar gee ook hoop vir 'n beter toekoms met die einde van die Moolman-geslag op Toorberg wat plek maak vir die Skaamfamilie wat besig is om hul eie stem te vind na jare van onderdrukking.

In *Casspirs en Campari's* is Suid-Afrika op die grens van die nuwe, demokrasie word 'n werklikheid, saam met die opwinding van die nuwe is die trauma van die verlies van die ou ideologieë. Die roman beeld 'n land uit wat aan "geboortepyne" ly, die land is besig om te worstel met die verlede van apartheid sodat dit in vrede na 'n nuwe toekoms kan beweeg. Versoening word bereik deur Seamus en MaNdlovu in *Die stoetmeester*. Die verwerking van trauma word egter geproblematiseer omdat Van Heerden geen finale oplossing vir die probleem gee in die slot van die verhaal nie: soos met sy ander romans beeld hy die probleem uit aan die leser en verwag hy dat die leser 'n oplossing vir die probleem moet vind.

In *Die stoetmeester* kom die tema van die offerbok duidelik na vore in die karakter Siener. In *Toorberg* is dit die karakter Druppeltjie wat geoffer word om die droogte op die plaas te beëindig. Die tema van die offerbok kom weer na vore in *Kikoejoe* in die karakter Tsitsi wat moet sterwe om versoening te bring. Hierdie tema word herhaal in *Die swye van Mario Salviati*, waar Mario en sy geliefde, Edit Bergh, die offerbokke in die roman is om vrede te handhaaf en versoening te bring op die dorpie Tallejare. Daar is 'n herhaalde suggestie dat die dood van 'n onskuldige slagoffer heling aan die gemeenskap kan bring.

In *Kikoejoe* word familie-trauma op die voorgrond gestel tesame met die gevolge van apartheid wat 'n land vir ewig verwond. Die verlies van onskuld en totale harmonie word uitgebeeld deur die verwonding wat Fabian ontvang. Die innerlike verwonding wat Fabian ondervind, verskeur sy lewensnarratief, maar dit lei tot kreatiwiteit, tot die skryf van verhale. Die roman suggereer dat wanneer die kikoejoe in die psige gekonfronteer word, kreatiwiteit vrygestel word, wat tot heling kan lei.

Die tema van verwonding en verskeurdheid word op 'n groter skaal in Suid-Afrika se geskiedenis uitgebeeld in *Die swye van Mario Salviati*, waar die verlede gekonfronteer word wanneer die inwoners van Tallejare in die grot ingaan. Die grot is 'n simbool van die onbewuste en word verbind met die oerelement. Wanneer dit deur Ingi en die inwoners van Tallejare besoek word, streel Jonty oor die rug van die skerpioen. Versoening kan uiteindelik plaasvind in die dorpie waar almal opsoek was na die Krugergoud. Diegene verbind aan die geheim van die goud en die traumas wat daarmee gepaard gaan, kan uiteindelik verlos word van hul skuld en aangaan met hul lewens. Die inwoners van Tallejare word uiteindelik verlos van die houvas wat die goud en die jaloesie, haat, gierigheid en hebsug wat daarmee gepaard gaan op hulle gehad het. Heling van rassisme, jaloesie, die verbrokkeling van 'n droom en familietrauma kan plaasvind na die bevryding van die houvas van die goud.

*In stede van die liefde* toon dat daar geen simplistiese skurk-held-patroon in Van Heerden se romans is nie. Die skurke word met simpatie uitgebeeld, al word hulle wel gestraf vir hul sondes. "Skurke" soos Piet Windvogel en Eaglejohn Fieldhouse in *In stede van die liefde* is 'n goeie voorbeeld hiervan. Ook die "helde": Freddie Portier, Miss Paai, Guard Gert en sersant Fielies Jollies in dié roman is mense wat self

verwond is. Die "skurke" in Van Heerden se romans is diegene wat nie hul trauma of skadukant konfronteer nie en daardeur oorrompel word. Hulle vergly in die skadukant, die kikoejoe, van die mens se psige, soos die 'Veteraan' in *Kikoejoe*.

In Gerrit Brand se onderhoud met Van Heerden oor *In stede van die liefde*, vra hy of *In stede van die liefde* 'n speurtog is na identiteit en of dit ook beskryf kan word as verliesliteratuur, waarop Van Heerden antwoord: "Die etikette moet slim lesers maar opplak. Ek hoop net dat daar tesame met die draai van die mes ook deernis en teerheid in hierdie roman is. Ek dink dikwels aan dié mooi woorde van Flaubert: 'Language is like a cracked kettle on which we beat out tunes for bears to dance to, while all the time we long to move the stars to pity'" (2005).

*Asbesmiddag* sluit aan by Van Heerden se oeuvre deur die verbintenis met die Karoo wat *Toorberg* herroep. Die roman beeld die verskeurde land uit en sluit aan by *In stede van die liefde*. Van Heerden raak weereens aan temas soos die verlies van die ou politieke mag van apartheid, die soeke na 'n nuwe identiteit in 'n land wat steeds verskeur is en die trauma wat dit op individuele en kollektiewe vlak veroorsaak wat ook in *Casspirs en Campari's* voorgekom het. Die hoofkarakter konfronteer nie sy skadukant nie en word deur sy selfbeheptheid vernietig en geen versoening vind plaas nie.

Saam met die skadukant van die mens wat gekonfronteer moet word, is die geheue 'n sentrale tema in Van Heerden se oeuvre. Die prosesse van geheuevorming en van vergeet bepaal ons individuele en kollektiewe identiteit. Die kwessies rondom verwonding, die soeke na identiteit en versoening wat in Van Heerden se oeuvre uitgebeeld word, kan 'n getraumatiseerde mens deur sy trauma help en hom help om heling in sy lewe te bring deur die verhaal te verskaf waarvoor hy nie self die woorde het nie. 'n Verwonde mens kan met literêre karakters se verwonding identifiseer en so sy eie trauma konfronteer. Van Heerden se skryfwerk kan die slagoffer van trauma help om die woorde te vind om sy versplinterde narratief in orde te verander en 'n nuwe lewensnarratief te skep waar sy trauma deel van sy lewensverhaal is. Van Heerden se romans bevestig die helende potensiaal van narratief.

En dié ou gesegde: "If you don't take out that which is within you, that which is within you will kill you. But if you take out that which is within you, that which is within you will save you" (Van Heerden in Britz 2005). Hierdie proses om uit te neem wat in jou is en dit in jou skryfwerk te plaas, soos in Van Heerden se geval, sluit duidelik aan by narratief en trauma deurdat die skryfproses heling bring, vir die skrywer sowel as die leser.

# *Bibliografie*

Bal, Mieke. 1985. *Narratology: Introduction to the Theory of Narrative*. Toronto: University of Toronto Press.

Brand, Gerrit. 2005. Hy bid vir ligte hand, groot ongenade, *Die Burger*. Afgehaal van www.Litnet.co.za op 14 Maart 2007.

Britz, Etienne. 2005. Van Heerden sien met helderheid, *Die Burger*. Afgehaal van www.Litnet.co.za op 14 Maart 2007.

Britz, Etienne. 2007. 'Die skrywer' pak 'die Doktor' aan, *Die Burger*. Afgehaal van www.Litnet.co.za op 27 Januarie 2008.

Burger, Willie. 2001. The Past is Another Country: Narrative, Identity and the Achievement of Moral Consciousness in Afrikaans Historiographical Fiction. *Stilet*, 13 (2) 79-91.

Burger, Willie. 2005. 'n Van Heerden-meesterstuk: Beste eienskappe van skrywer se oeuvre in roman byeen, *Beeld*. Afgehaal van www.news24.com/Beeld/Boeke/ op 14 Maart 2007.

Caruth, C. 1996. *Unclaimed Experience: Trauma, Narrative, and History*. Baltimore: The Johns Hopkins University Press.

Delbo, Charlotte. 1990. *Days and Memory* (orig. *La mémoire et les jours*, 1985). *Translated and with a Preface by Rosette Lamont*. Marlboro, Vermont: Marlboro Press.

Erasmus, Mabel. Etienne van Heerden. In Van Coller, H.P. (red.). 1999. *Perspektief & Profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis Deel 2*, pp. 679-699. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Farrell, Kirby. 1998. *Post-traumatic Culture: Injury and Interpretation in the nineties.* Baltimore and London: The Johns Hopkins University Press.

Frankl, Viktor E. 1984 (orig.1946). *Man's search for meaning.* Translated by Ilse Lasch. New York: Pocket Books.

Gobodo-Madikizela, Pumla. 2003. *A human being died that night: A story of forgiveness.* Cape Town: David Philip Publishers.

Herman, Judith Lewis. 1992. *Trauma and Recovery: The Aftermath of Violence, From Domestic Abuse to Political Terror.* London: Pandora.

Hambidge, Joan. 2007. In stede van 'n psigoanalise: narkotiese ritmes van 'n onophoudelike trom. Afgehaal van www.Litnet.co.za op 26 Januarie 2008.

Kearney, Richard. 2002. *On stories: Thinking in action.* London: Routledge.

Kannemeyer. J.C. 2005. *Die Afrikaanse Literatuur 1652-2004.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Laub, D. & Lee, S. 2003. Thanatos and Massive Psychic Trauma: The Impact of the Death Instinct on Knowing, Remembering, and Forgetting, *Journal of the American Psychoanalytic Association (APA)*, 51 (2) 433-463.

Ricoeur, P. 1991. Life: A Story in Search of a Narrator. In Mario J Valdés (ed). *A Ricoeur Reader: Reflection and imagination*, pp. 425-438. Toronto: University of Toronto Press.

Ricoeur, P. 2004. *Memory, History, Forgetting.* Translated by Kathleen Blamey and David Pellauer. Chicago/London: University of Chicago Press.

Schnell, Lise. 2000. The Language of Grief. *Vermont Quarterly*, Fall 2000, pp. 25-29.

Tal, Kalí. 1996. *Worlds of hurt: Reading the Literatures of Trauma*. Cambridge: Cambridge University Press.

Valdés, Mario J. (ed.). 1991. *A Ricoeur Reader: Reflection and Imagination*. Toronto: University of Toronto Press.

Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektief & Profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Van der Kolk, B. 1989. The Compulsion to Repeat the Trauma: Re-enactment, Revictimization, and Masochism. *Psychiatric Clinics of North America*, 12 (2) 389-411.

Van der Merwe, Chris N. & Gobodo-Madikizela, Pumla. 2008. *Narrating our healing: Perspectives on working through trauma*. Cambridge: Cambridge Scholars Publishing.

Van der Merwe, Chris N. 'n 'Terapeutiese perspektief' op Etienne van Heerden se *In stede van die liefde* (2005). *STILET XIX:1*. Maart 2007, pp. 103-114.

Van der Merwe, Chris N. & Wolfswinkel, Rolf. (ed.). 2005. *Telling Wounds: Narrative, Trauma and Memory. Working through the SA armed conflicts of the 20th century*. Cape Town: Content solutions.

Van der Merwe, Chris N. 2000. Bespreking van *Toorberg*. Afgehaal van www.Litnet.co.za op 20 Februarie 2006.

Van der Merwe, Chris N. Etienne van Heerden: *Kikoejoe*. Afgehaal van www.Litnet.co.za op 20 Februarie 2006.

Van Heerden, Etienne.1978. *Matoli*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

1981. *Obiter dictum*. Kaapstad: Perskor-Uitgewery.

1981. *Brekfis met vier*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1983. *My Kubaan*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

1984. *Om te awol*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

1986. *Toorberg*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

1987. *Die laaste kreef*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

1988. *Liegfabriek*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

1989. *Miskien sal ek die wingerd prys* (met Daniel Hugo). Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

1991. *Casspirs en campari's*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

1993. *Die stoetmeester*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

1995. *Die gas in die rondawel Wilhelmina*. Utrecht: Kairos.

1996. *Kikoejoe*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

1997. *Postmodernisme en Prosa*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1998. *Lied van die Boeings*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

1999. *Die mooiste liefde is verby*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

1999. *Die rooi roman* (samesteller met Jaco Botha). Kaapstad: Human & Rousseau.

2000. *Die swye van Mario Salviati*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 'n afdeling van NB-Uitgewers (Edms) Beperk.

2001. *Briewe deur die lug*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

2004. *Die stilte ná die boek*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

2004. *Die omstrede God* (samesteller met Erns Grundling en Thomas Mollet). Stellenbosch: Rapid Access.

2005. *In stede van die liefde*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

2007. *Asbesmiddag*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Viljoen, Louise. 2005. Van Heerden skryf oorrompelende roman, *Rapport*. Afgehaal van www.news24.com/Rapport op 14 Maart 2007.

Visagie, Andries. 2005. *In stede van die liefde*: Etienne van Heerden se *Gesamtkunstwerk*. Afgehaal van www.Litnet.co.za op 14 Maart 2007.

www.Wikipedia.org. 2008. Bibliografiese informasie oor Etienne van Heerden afgehaal op 25 Februarie 2008.